UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

11500033

# DIE GESKIEDENIS VAN PRETORIA TOT 1877.

deur

J.J.PIETERSE, B.A.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming

van die vereistes,

vir die

GRAAD VAN MAGISTER

in die

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

181 968 P
143598

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

PRETORIA.
2 Jan.1942.

AFRICANA

MERENSKY-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK I. Bladsy.

Politieke woelinge Noord van die Vaalrivier in die Veertigerjare en vroeë Vyftigers.............. 1.

HOOFSTUK II.

(a) Die stappe wat gelei het tot die stigting van Pretoria.................................. 6.
(b) Pretoria ontvang sy naam.. .................... 12.
(c) Redes vir die keuse van die ligging van Pretoria............... ................. 17.

HOOFSTUK III.

(a) Vereniging van die Volk in die Republiek word 'n werklikheid.......................... 19.
(b) Die opmeting van die ~~van die~~ dorp............. 21.
(c) Die waterskema en regulasies daaromtrent...... 25.
(d) Hoe die vernaamste publieke geboue tot stand gekom het..............................32.
(e) Die Kerkhof.................................. 41.
(f) Die Botaniese Tuin.......................... 42.

HOOFSTUK IV.
LOKALE BESTUUR.

(a) Die Landdros aan die helm..................... 45.
(b) Dorpsbestuur... ............................ 50.
(c) Munisipaliteit............................... 51.
(d) Posgeriewe................................... 54.

HOOFSTUK V.
INTELLEKTUELE, KULTURELE EN SOSIALE AANGELEENTHEDE.

(a) Wat die Kerkgenootskappe vir die dorp beteken het................................. 57.
(b) Onderwys in Pretoria......................... 59.
(c) Die Pers..................................... 70.
(

HOOFSTUK VI.
SOSIALE LEWE EN BESKRYWINGS VAN DIE DORP OP VERSKILLENDE STADIUMS.

(a) Die Sosiale Lewe in die Dorp................. 74.
(b) Beskrywings van die dorp..................... 78.
(c) Die Oorsprong van sommige Straatname in die dorp................................82.

Geraadpleegde Bronne en Bibliografie......... 84.

© University of Pretoria

/Bylaes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bl.

B Y L A E S I-VI..............................86.

No. I. Brief in: "De Zuid-Afrikaan",d.d. 15 Aug.'53.86.

No. II.Brief van M.W.Pretorius,(T.A.,R.310/53).... 87.

No.III. Kollektelys. (T.A.,R.671/54)............. 88.

No.IV. Dorpsregulasies. (T.A.,Pa.1,d.d.29/7/57).. 89.

No. V. Kontrak vir dam.(S.S.Supplimentêre Stukke, 4/60)..... 93.

No.VI. Opmetings brief van Du Toit(T.A., R.558/75)........ 94.

ooooooooooooooooooo

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# DIE GESKIEDENIS VAN PRETORIA TOT 1877.

## HOOFSTUK I.

## POLITIEKE WOELINGE NOORD VAN DIE VAALRIVIER IN DIE VEERTIGER- EN VROEË VYFTIGERJARE.

Tydens Andries Pretorius se besoek aan Potchefstroom vanuit Natal, 1) is op 'n groot Volksvergadering 'n ooreenkoms gesluit tussen die mense van Potchefstroom en die Natalse Volksraad, wat bepaal het dat die twee Republieke geen afsonderlike bestaan sou hê nie.

Andries Pretorius is verder benoem as Hoofbestierder in die distrik Natalia en Hendrik Potgieter in die distrik Potchefstroom, wat Transoranje ingesluit het, maar altwee onderhorig aan die gesamentlike Volksraad wat uit 24 lede sou bestaan, twaalf uit Potchefstroom en twaalf uit Natal en wat op Pietermaritzburg sitting sou hê. Verder is Potgieter tot Hoofkommandant in sy distrik benoem en Pretorius Kommandant-generaal in Natal. 2)

Op 25 Februarie 1842 is nog 'n stap vooruit geneem deur die benoeming van Adjunkrade vir Natalia en Potchefstroom deur die Volksraad, sodat hulle plaaslike belange kon behartig .

Nadat die Engelse Natal annekseer het, het Pretorius hom op sy plaas Welverdiend gevestig naby Pietermaritzburg, terwyl baie Natallers, waronder ook J.J.Burger, sekretaris van die Volksraad, na Transvaal getrek het.

Op 10 April 1844 passeer die Adjunkraad te Potchefstroom 'n besluit waarin hul van Natal afskei en die Republiek Potchefstroom-Winburg in die lewe roep, met 'n eie grondwet, bekend as die "Drie-en-dertig Artikels" of die Potgieter-grondwet. 3)

Potgieter, wat besef het dat handelsverbindings met die buitewêreld noodsaaklik was, daar Port Natal nou in Engelse hande was, onderneem in November 1843 'n reis na Delagoabaai om in aanraking te kom met Jean Arnaud Smellekamp, die opperkoopman op die Hollandse handelskip "Brazilië" en om 'n handelsverdrag met die Portugese te sluit.

Smellekamp gee hom die raad om nader aan Delagoabaai te gaan woon. Die gevolg was dat Potgieter vroeg in 1845 met 'n groot aantal volgelinge vertrek het na die Noord-oostelike Transvaal naby die Portugese grens, waar Andries-Ohrigstad 4) aangelê is en waar die Volksraad voortaan sitting sou hê. 5) /Kort

1) T.A., R.24e/39.
2) Dr.C.Potgieter en N.H.Theunissen:"Hendrik Potgieter", (Johannesburg, 1938), bl.122.
3) T.A.,R.120/47
4) Genoem na Potgieter en G.C.Ohrig die Emigrantevriend uit Holland.
5) T.A., R120/47.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kort voor sy vertrek uit Potchefstroom het Potgieter dit nodig geag om sy posisie te beveilig teen die talle nuwe intrekkers van Natal deur 'n vergadering te belê wat 'n besluit aangeneem het dat hy hul Hoofkommandant en Bestierder sou wees en dat alle ander kommandante wat van elders mag kom geen heerskappy oor hul gemeenskap sou voer nie. 6)

'n Nuwe Volksraad, wat die plek moes inneem van die vervalle Volksraad in Natal is gekies en neem sitting op 1 Augustus 1845 in die nuwe dorp.

Die tekens van politieke skeuring wat reeds in Potchefstroom sigbaar was, kom nou sterker te voorskyn, want die Natalgroep onder leiding van Kootjie Burger, sekretaris van die Volksraad, staan daarop dat die Volksraad, die hoogste gesag was in die land en nie Potgieter nie. Asgevolg van Potgieter se optrede, egter, word op 20 Augustus 1845,7) 'n besluit aangeneem wat neerlê dat hy saam met die Volksraad die hoogste gesag sou uitmaak.

In Junie van die volgende jaar, egter, bedank die Potgieter-aanhangers, waaronder ook J.G.S.Bronkhorst, as lede van die Volksraad. 8) Die eerste Volksraad in Transvaal het dus opgehou om te bestaan.

Burger en die Natalgroep was vasberade om 'n nuwe Volksraad in die lewe te roep, gebaseer op dieselfde grondbeginsels as die Volksraad in Natal, d.w.s. die Volksraad sou die hoogste gesag in die land wees en nie een of ander leier nie. Hulle oortuiging was, aangesien Natal deur Engeland in besit geneem is, die Volksraad nou eenvoudig net 'n voortsetting moes wees van die Raad te Pietermaritzburg.

'n Voorlopige Volksraad 9) bestaande uit nege lede is dus weer saamgestel, wat later vermeerder is tot 15 lede. Potgieter verklaar die verkiesing onwettig en eis die Volksraadnotule, 10) wat hom geweier word.

Daar was nou 'n besliste skeuring onder die Emigrante in twee groepe n.l. die Volksraadparty en die Potgieterparty. Die volgende jaar het dit byna op 'n burgeroorlog uitgeloop.

In Februarie 1848 verlaat Potgieter en sy mense hierdie plek om 'n nuwe dorp aan die Soutpansbergse aan te lê

/Die

6) T.A., R.108/45.
7) T.A., R.109/45, en E.V.R.1, No.2, bl.22.
8) T.A., R.116a/46.
9) T.A., R.118c/46.
10) T.A., R.118e/46.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende jaar, nadat die gevreesde koors baie slagoffers opgeëis het, het die Volksraadseksie ook die dorp verlaat vir 'n gesonder streek, waar hul Lydenburg aangelê het.

Kommandant-generaal Andries Pretorius wat ook baie verliese moes ly asgevolg van Kafferrowery, het ook begin 1848 Natal verlaat en hom aan Magaliesberg gevestig.

Spoedig is hy weer in die veld en het oral vergaderings toegespreek met die oog op die vereniging van alle Emigrante benoorde die Vaalrivier. 11) Geruime tyd sou egter nog verloop voordat 'n sekere mate van eensgesindheid en samewerking kon bereik word.

Asgevolg van sy aandeel in die mislukte Vrystaatse Veldtog teen die Engelse, wat uitgeloop het op 'n neerlaag te Boomplaats en 'n prys van £2000 op sy kop, 12) het Pretorius baie vyande gemaak in Transvaal. So was hy vir enige jare betrokke in hofsake, waarin hy homself moes verdedig teen allerlei lasterpraatjies.

Op 11 Oktober 1848 rig Potgieter 'n brief aan die Volksraad "om een vereeniging met onze party tot stand te brengen," 13) maar die Raad wou nie daarop ingaan nie. 14)

In Februarie van die volgende jaar maak Hendrik Bührmann 15) 'n skriftelike voorstel om 'n vergadering te belê aan die Olifantsrivier om vereniging tot stand te bring, maar ook hierdie voorstel word van die hand gewys, omdat dieRaad nog steeds gewag het op die koms van Smellekamp, wat , volgens hulle vaste vertroue, hulle moeilikhede sou kom oplos. 16)

Uiteindelik, egter, het sake sover gevorder dat 'n vergadering belê is by Derdepoort, op 22 Mei 1849, alhoewel die Lydenburggroep alleen toegestem het, as aan sekere voorwaardes voldoen sou word. So skryf J.J.Burger, sekretaris van die Volksraad aan Jacob de Clercq, die publiek "stemde toe dat de 22e Mey de eerste zitting aan Derdepoort zalgehouden worden en dan vervolgens alle sittingen hier, dat de Raad altoos bestaan moet uit de ½ leden van Ohrigstad" 17) en dat Ohrigstad ook die hoofplaas moes wees.

/Die

11) E.V.R.1, art. 3 van 3 Feb.1848.
12) Government Gazette,d.d14 Sep.1848 te Kaapstad.
13) T.A., V.R.57/48
14) T.A., V.R.58/48
15) Op 28 Jun.1848 kom Smellekamp in Delagoabaai aan in die "Animo".Aan boord was 'n sekere Hendrik Theodoor Bührmann wat op pad was na Transvaal om daar op te tree as onderwyser.Deur sy optrede sou hy later baie daartoe bydra om onenigheid onder die leiers aan te wakker.
16) T.A., V.R.68/49
17) T.A., R.173/49.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die byeenkoms by Derdepoort op 22 en 23 Mei 1849, 18) op die plaas van Roelof Jansen van Vuuren, was van die allergrootste belang, want dit was feitlik die geboorte van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hier is besluit dat "een vereenigde Band van het geheel maedschappy aan deze Zyde de vaal revier" sou bestaan. 19) Verder is die "33 Artikels", wat op 9 April 1844 te Potchefstroom ontwerp is , as grondwet aangeneem.

Potgieter, wat nie teenwoordig was nie, word op las van die Raad deur Andries Pretorius, die voorsitter, aangeskryf om in September teenwoordig te wees met die volgende Volksraadsitting te Krugerspost teneinde verdere geskille uit die weg te ruim.

Uiteindelik is daar dus orde geskep uit die chaotiese toestand, maar nou sou die stryd tussen die Lydenburggroep en die res weer in alle felheid hervat en voortgesit word, 'n stryd om wie die botoon sou voer en 'n stryd wat vooruitgang in die algemeen ernstiglik sou vertraag.

Gedurende die volgende sitting van die Raad te Krugerspost op 19 September 1849 is daar besluite geneem wat wrange vrugte sou afwerp op politieke gebied sowel as godsdienstige. So het art. 2 van die Volkdraadbesluite neergelê "dat Ohrigstad of daar naar bepaalde dorp 20) het hoofd Plaats zal bestaan en dat vier en twintig leden de vergadering zal uitmaken twaalf Leden van deeze district en twaalf Leden van de andere. 21)

Verder het art. 33 neergelê dat voortaan geen Hoofkommandant meer sou bestaan nie.

Om Potgieter te dwing om saam te werk is 'n embargo op die handel met Soutpansberg gelê. Een van die gevolge hiervan was 'n versoening tussen Pretorius en Potgieter. Laasgenoemde het in 'n brief erken dat Bührmann oorsaak was dat hy met vereniging niks te doen wou hê nie.

Die Kommandant-generaal-kwessie het harmoniese samewerking tussen die verskillende partye baie teengewerk. Om 'n end hieraan te maak het die Krygsraad in 1851 besluit om vier Kommandant-generaals aan te stel, elk in sy eie afdeling onder regstreekse gesag van die Volksraad, n.l. W.F.Joubert vir Lydenburg, A.H.Potgieter vir Soutpansberg, A.W.J.Pretorius vir Magaliesberg en 'n gedeelte van Potchefstroom en Marico en J.A.Enslin vir die orige deel van Marico.

/Reeds

18) T.A., R.178/49.
19) T.A., R.V.R.3, bl.1-6.
20) Lydenburg.
21) T.A., R.V.R.3.

© University of Pretoria

Reeds sedert die begin van 1850 het Pretorius begin onderhandel met die Britse owerheid om erkenning van die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek te verkry. Alhoewel Potgieter hom gladnie hiermee wou inlaat nie, het Pretorius, gesteun deur die Krygsraad, die onderhandelinge tot 'n suksesvolle einde gebring deur die Sandrivierkonvensie van 16 Januarie 1852, 22) wat op 16 Maart 1852 te Rustenburg deur die Volksraad bekragtig is en uiteindelik ook die goedkeuring van Potgieter se mense geniet het. 23)

Noudat die eerste woelinge in Transvaal tot bedaring gekom het en 'n groot mate van eensgesindheid bereik is kon die toekoms met goeie verwagtings tegemoet gesien word.

/Hoofstuk II

---

22) T.A., L.V.R.II, 106, V.R.196/52.
T.A., R.369/52.

23) Dr.G.M.Theal: "History of South Africa since 1795" (Vol.III, Londen,1908),bl.368.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK II.

### (a) DIE STAPPE WAT GELEI HET TOT DIE STIGTING VAN PRETORIA.

Na die dood van die twee Voortrekkerleiers, Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius 1) en Andries Hendrik Potgieter, het hulle twee opvolgers, Marthinus Wessel Pretorius en Piet Potgieter dit wenslik geag om 'n nuwe dorp te stig tussen Potchefstroom en Lydenburg wat terselfdertyd die vergaderplek van die Volksraad sou wees sowel as die hoofstad van die Republiek. Lydenburg, wat nie alleen op staatkundig gebied na outonomie gestrewe het nie, maar ook op kerklik gebied, 2) het goed gebruik gemaak van die feit dat daar geen vaste vergaderplek was nie. Dit was namelik die gebruik dat die Volksraad by wyse van ko-optasie sigself aangevul het, as daar geen kworum was nie. So het dit dan gebeur, as die Volksraad nou te Rustenburg of Potchefstroom vergader het en die lede van Lydenburg kon nie teenwoordig wees nie en die Volksraad wat geen kworum gehad het, het sigself aangevul op die gebruiklike wyse, en besluite geneem wat nie in ooreenstemming was met die idees van die afwesige Lydenburgse lede nie, dat die volgende Raadsitting in Lydenburg dit tot 'n "Kommissieraad" verklaar het, die besluite waarvan dan eers weer deur die volle Raad goedgekeur moes word. Op hierdie wyse het Lydenburg dus dikwels vooruitgang gestrem wat ook weer ~~deur die volle~~ duidelik bewys word in die byna wanhopige pogings tot die stigting van 'n nuwe sentrale dorp.

Aan heirdie onbevredigende toestand van sake wou Marthinus Pretorius en Piet Potgieter 'n end maak deur hulle aansoek in die Kommissieraadsitting te Rustenburg in Augustus 1853 om die sittingsplaas van die Volksraad te bepaal "in het midden des lands, dewyl dit tot grooter gemak der geheele bevolking strekken zou." 3)

Oor die wenslikheid van die nuwe dorp en gemeente is baie gepraat in beide die Kommissieraad en die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Hervormde Kerk, wat juis toe ook in sitting was te Rustenburg. Alhoewel die Kerkvergadering geen besluit geneem het nie, het die Kommissieraad, wat gevoel het dat so 'n gewigtige stap liewer oorgelaat moes word aan 'n volle Volksraad, wat in September sitting sou hê, die volgende aanbeveling gedoen:

/"De

1) T.A., R.555b/53
2) Prof.Dr.S.P.Engelbrecht: "Die Wordingsgeskiedenis van Pretoria", 'n artikel in Die Volkstem van 10 Okt.1930 Bl.14-16.
3) T.A., Volksraadsnotule van 5 Aug.1853, art 50 (te Rustenb)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"De Ed. Raad heeft goedgevonden dit verzoek te v verwyzen naar de volgende zitting." 4)

Met heirdie aansoek van Pretorius en Potgieter is slegs vasgehou aan 'n wens, wat reeds vroeër uitgespreek is, want in Junie 1852 het die Volksraad, wat toe in sitting was te Potchefstroom besluit om te Bronkhorstfontein, wat tweemaal so groot was as 'n gewone plaas, en wat aan die boonste pad van Suikerboschrand na Lydenburg gelê het, vir 'n dorp uit te hou. 5)

'n Korrespondent van die "Zuid-Afrikaan" 6)waarskynlik Dr. Bernhardus Poortman, 7) is heeltemal optimisties in verband met die stigting van die nuwe dorp, nieteenstaande die vaagheid van die Volksraadbesluit, art.50, te Rustenburg op 9 Augustus, 1853, want in sy skrywe op 15 Augustus vanuit Rustenburg, sê hy die volgende oor art. 50: "Men is ook overeengekomen eene nieuwe stad aan te leggen, en dezelve, ter gedachtenis van den overleden Generaal Pretorius, te noemen: Pretorius-stad." 8)

Verder vertel hy dat Kommandant-generaal M.W.Pretorius reeds die plase toebehorende aan die here Prinsloo en Van der Walt, gekoop het vir 8000 riksdalers en die pla-plaas van die weduwee Bronkhorst/onder nader goedkeuring van die Volksraad vir Rds. 3000.

'n Paar onjuisthede skyn daarop te dui dat die skrywer onbekend was met die plek: "Het is eene der schoonste streken dezer gewesten, gelegen aan Derde Poort, in het middenpunt der Republiek en waarheen van alle kanten de fraaiste wegen uitlopen." 9) Hy laat die voorgestelde dorp dus grens aan Derdepoort i.p.v. Elandspoort en van "fraaiste wegen" was daar natuurlik geen sprake nie. Verder skyn hy baie goed ingelig te wees want hy sê dat Kommandant-generaal M.W.Pretorius sy vaste verblyf daar sou vestig; die Volksraad daar altyd sitting sou hê; 'n Hooggeregshof daar saamgestel sou word en sodra daar 'n kerk en pastorie gebou is, sou die leraar homself daar vestig, d.i. ds. Dirk van der Hoff, wat op 25 Mei 1853 te Potchefstroom aangekom het uit Holland. 10)

Op 23 Augustus 1853 rig Pretorius 'n brief aan die Volksraad, 11) wat eersdaags te Lydenburg sou vergader, waarin hy verder die saak van sy troetelkindjie bepleit en waarin hy spesiaal klem lê op die feit dat die versoek hom opgedra is deur die publiek:"..op verzoek van het publiek, met de zitting te Rustenburg om een plaats in het midden der bewoond land te hebbe, waar de Ed. Volksraad kunne zitting neeme zal, opdat van alle kanten de belanghebbende de zitting van de Ed.Raad bywone kan."

/Hy

---

4) T.A., Volksraadnotule van 5 Aug.1853, art. 50.
5) Dr.S.P.Engelbrecht:Die Volkstem, t.a.p.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy meld verder dat hy die plase van J.J.P.Prinsloo en A.vd.Walt bo aan die Apiesrivier vir een van die geskikste gevind het vir die doel omdat dit in die Middel van die land lê, "en ook bekwaam gelegen voor een stad te bouwe, groote en uitgestrecte bouwgrond en water." 12) Asgevolg van die versoek van die publiek en Kerkvergadering te Rustenburg, het hy gemelde plase besigtig en dit gekoop vir die som van Rds.8000. Hy versoek dat die Volksraad genoemde plek in oorweging sou neem as toekomstige vergaderplek "Terwyl de groote publiek en zeer dringend op is, voornamentlyk die van Vaalrvier en Marico, die altoos met het verplaatsing van den Ed. Raad ontstoken blyve het behoorlyk by te woone zoo als het volgens verzoekschrifte met de zitting te Rustenburg is gebleeke." 13)

So seker was Kom.Genl Pretorius dat die Volksraad sy voorstel sou goedkeur en gevolglik ook die aankoop van die twee plase sou bekragtig dat hy in 'n naskrif in dieselfde brief hul dringend versoek om orders af te gee tot die verkoop van soveel erwe as nodig sou wees om die eerste paaiemente te bestryk, aangesien een van die voorwaardes van verkoop was dat die eerste paaiement van twee tot drie maande na die sitting te Lydenburg betaal sou word,14)

Die optimisme, wat duidelik weerspieël word in hierdie brief getuig dat Pretorius nog nie die diepgewortelde naywer van die Lydenburgers gepeil het nie, veral waar hierdie nuwe onderneming skynbaar gedreig het om hulle gesag te ondermyn. Spoedig, egter, sou hy pynlik ontnugter word, Aangesien Kom.Genl. Piet Potgieter in volle ooreenstemming met hom was 15) in hierdie grootse onderneming en hy dus maar slegs aan die begeerte van 'n groot deel van die bevolking wou voldoen, kon hy nie besef dat Lydenburg ernstiglik sou probeer om 'n spaak in sy wiel te steek nie. /Op

---

6) Dr.G.S.Preller skryf in "Ou Pretoria"(Pretoria,1938)bl. 50 dat die berig vanuit Potchefstroom gestuur is na "De Zuid-Oost Afrikaan" te Pietermaritzburg en wel in Nov.i.p.v."De Zuid-Afrikaan" te Kaapstad,deur 'n korrespondent te Rustenburg.
7) Dis egter ook heeltemal moontlik dat die skrywer A.F. Schubart was na wie een van Pretoria se strate genoem is,want hy was as sekr.,nou verbonde aan M.W.Pretorius en kon gemaklik sy hand lê op die nodige inligting wat in sy brief weergegee is.
8) Bylaag I.
9) Ibid.
10) T.A., V.R.310/53 (Bylaag II)
11) Ibid.
12) Ibid.
13) Ibid.
14) Ibid.
15) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 19 September 1853 neem die Volksraad sitting te Lydenburg. Die vergadering van Augustus te Rustenburg is as 'n "Kommissieraad" bestempel, waarvan die genome besluite eers weer goedgekeur moes word.

Behalwe bogenoemde brief het ook nog die volgende memorie oor dieselfde saak voor die Raad gekom, n.l. van sewentien burgers van Suikerboschrand, gedateer 1 September 1853, waarin hulle, hul besware aan die Raad voorlê: "Het ben deesen dat den Kaloonies onder ons maatschappy uitgestrek en ver van elkander leg en alle sittings van den W.Edle Raad met groot koste gepaard gaan soo is ons vriendelyk versoek aan UWelEdelens om een geschikte plaats in het midden van onse bevolking te stellen voor een Kolonie en een vaste sitplaas voor den W.Edele Agbare Volksraad." 16)

Op 29 Augustus 1853 rig die eienaars van plase langs die onderste oewers van die Apiesrivier 'n protes aan die Volksraad teen die voorgestelde stigting van die nuwe dorp:"Gans Apiesrivier is aangelegd met ~~ook~~ plaatsen tot waar hy in pienaarsrivier loopt, en al deze plaatsen aangelegd en bebouwd, moeten vervallen en ohbestaanbaar worden door die aanleg(d.w.s. die nuwe dorp) en de edele heren leden moeten toch inzien, dat 't niet aangenaam of doenlik is, als 'n man zyn plaats zo lang bewoont en aangelegd heeft, om ze zo te laten liggen." 17)

Hulle vrees, egter, was heeltemal ongegrond want vandag met die bevolking van Pretoria oor die sewentig duisend en die aantal waterplase aan die onderste oewers baie groter, is die watertoevoer nog heeltemal toereikend.

Lydenburg wou sy mag bewaar en kon die wenslikheid van 'n nuwe dorp nie insien nie. Na 'n langgerekte debat is met twee teenstemme die volgende besluit: "In antwoord op Art.50 der Com.Raadsbesluiten en den brief van Com.Gen.M.W.Pretorius behelzende de koop van de plaats van den heer J.J.P.Prinsloo en A.van der Walt, benevens de memorie van Suikerboschrand door 17 personen geteekend, is dienende, dat alles te zamen door den Ed. Raad van de hand is geweezen omreede de Ed. Raad nog geen uitkomst ziet nieuwe dorpen aan te leggen omdat de noodige fondsen daartoe ontbreken." 18)

Nieteenstaande die feit dat Pretorius se planne die verkoop van erwe ingesluit het tot dekking van die uitgawe noodwendig by die aanleg van 'n nuwe dorp, het die Volksraad hul goedkeuring geweier op grond van ontoereikende fondse.

/Hierop

16) T.A., F.V.R.II/106, V.R.318/53.
17) Dr.G.S.Preller: "Ou Pretoria", bl.51.
18) T.A., Volksraadnotule van 19 Sep.1853, art. 80.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Hierop hebben niet ingestemd den Wel.Ed.Heeren J.J.P.Prinsloo en H.A.Pretorius. 19) En verder als antwoord op art. 50 is dienende, dat de bepaalde zitplaats der Volksraad is uitgesteld tot nader tyd, omreede de zaken nog niet zoo zyn geregeld om tot zulk eene stap te kunnen overgaan." 20)

Pretorius,egter, was vasberade dat sy plan nie op die lange baan geskuif sou word nie. Twee maande later. November 1853, terwyl die Volksraad sitting hou op Potchefstroom, pak hy die saak weer aan en versoek dat die plaas, deur hom gekoop, goedgekeur sou word as "Colonieplaats of Dorp." Hy verduidelik dat hy die plaas Elandspoort in alle goeie trou gekoop het in die publieke belang en omdat dit baie sentraal geleë is en baie geskik vir 'n dorp.

Hy wys daarop dat dit baie geskik is vir die handel van Lydenburg, Soutpansberg en Mooirivier; geen magistraat of landdros is nodig want sake kon heelgoed deur 'n veldkornet gereël word, gevolglik kon dit geen nadeel aan die algemenekas bring nie, maar wel voordeel.

Die gevoelens van die Raad, egter, was van die aard dat hy weer sy versoek moes terugtrek. 21)

'n Paar dae later word 'n tweede memorie van Suikerboschrand ingedien voor die Raad met ag-en-dertig handtekeninge waarin hulle die Raad dringend versoek om 'n dorp toe te laat op die Plaas Elandspoort wat reeds gekoop is deur die heer M.W.Pretorius. Die memorialiste, wat intussen blykbaar bekend geword is met die inhoud van art.80 van die volksraadbesluite van 19 September 1853 te Lydenburg, probeer die moeilikheid, deur die Raad geopper, uit die weg te ruim, want hulle beveel aan dat die dorp gestig sou word "op voorwaarde dat den dorp uijt sigselfe sal betaald worden op welk voorwaarde den eerste teekenaar 22) UWel.Edèle naader zal inligten." 23)

Die memorie het, egter, weer misluk. Pretorius het hom voorgeneem om op 'n later geleentheid die Raad op 'n baie gevoeliger plek te tref. Hy sou sy doel bereik deur 'n nouer samewerking met die Kerk.

/In

---

19) L.g. was die broer van wyle Genl.Andries Pretorius, meer algemeen bekend as "Bart."
20) T.A.,art.80 van die Volksraadbesluite van 19 Sep.1853.
21) T.A.,V.R.B.,art.63 van 21 Nov.1853.
22) Veldkornet J.G.Meyer,jare later Johannesburg se eerste Mynkommissaris.
23) T.A., V.R.322/53.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In daardie dae was Kerk en Staat nou saamgebind want die Republiek het hom self verantwoordelik gehou vir die traktement van die predikant, miskien in navolging van die voorbeeld van die Kaap Kolonie. Ook het die leiërs van daardie tyd 'n groot ontsag gehad vir die Kerk, wat as gevolg gehad het dat die Kerklike owerheid, n.l. die Kerkraad, altyd staat kon maak op 'n ernstige oorweging van enige besluite deur hulle geneem. Waar Pretorius se herhaalde pogings tot die stigting van die nuwe dorp keer op keer op 'n volslae mislukking uitgeloop het, het die Kerk die Gordiaanse knoop deurgehak.

Vir meer as 'n halfjaar na die stit sitting van die Volksraad van November 1853, is geen woord weer gerep oor die nuwe dorp nie. Maar op 5 Junie 1854, word die Derde Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Transvaal, te Rustenburg gehou, gelyktydig met die Volksraadsitting aldaar. Hier is daar belangrike sake bespreek. Die groot botsing tussen ds. Dirk van der Hoff en Smellekamp het plaasgevind waardeur laasgenoemde deur die Volksraad met 500 Rds. beboet is en eindelik deur David Botha landdros van Potchefstroom, later die bekende voorsitter van die Volksraad, uit die land verban is. Hierdie botsing was slegs die vervolg van die botsing tussen Andries Pretorius en H.T.Bührmann in 1852, toe l.g.Pretorius se lewe gedreig het, waarop hy deur die Volksraad afgesit is as landdros van Lydenburg. 24) Hierdie botsing tussen ds. Van der Hoff en Smellekamp was in werklikheid 'n botsing tussen Potchefstroom en Lydenburg wat die sentrale dorp teëgewerk het.

'n Paar memories van die Veldkornetskappe van Fourie, J.G.Meyer, Van Aswegen, A.vd.Walt, Botha en Kotze is aan die Kerkraadsvergadering gerig waarin hul aansoek gedoen het vir die stigting van 'n Kerklike gemeente op die plase van A.vd.Walt en J.J.P.Prinsloo. Dit kan aangeneem word dat Fladspoort op hierdie tydstip bepaald reeds 'n "Kerkplaas" was, d.w.s. 'n plek waar af en toe kerkdienste gehou is.

Ds.vd.Hoff het die erns en noodsaaklikheid van die saak besef en onder sy invloed het die Kerkvergadering op 7 Junie 1854, met algemene stemme besluit tot die stigting van 'n nuwe kerklike gemeente wat die gemelde veldkornetskappe sou insluit.

Die volgende dag verskyn daar op die agenda van die Volksraad, 'n kennisgewing van die Kerkeraad, om 'n /afsonderlike

24) Dr.J.Engelbrecht: Die Volkstem, t.a.p.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afsonderlike gemeente te stig op die aangekoopte plaas Elandspoort. Dieselfde dag nog het die Raad dit bekragtig, met slegs twee teenstemme, altwee van Lydenburg. Dit was die stigting van die Hervormde Gemeente wat eers in 1861 sy eerste predikant sou kry in die persoon van ds.A.J.Begemann, 25) en in 1876 ds. H.S.Bosman.

Die kennisgewing aan die Volksraad het dus beteken dat die nuwe dorp op koms was.

## (b) PRETORIA ONTVANG SY NAAM.

Dis opvallend dat die ontstaan van baie van die ou Transvaalse dorpe voorafgegaan is deur die stigting van Kerklike gemeentes en een van die eerste geboue wat opgerig is, was 'n kerk. Jacobus Stuart, 'n geleerde Hollander wat in die Republiek rondgereis het in die vroeë en middel vyftigerjare met 'n magtiging van die Volksraad om plase aan Nederlanders te verkoop, 26) het hiervan gesê: "Het eerste gebouw, dat de Hollandsche Afrikanen by het aanleggen hunner steden of dorpen daarstellen, is de Kerk." 27)

Die ontstaan van die nuwe dorp dagteken dus feitlik vanaf die stigting van die vyfde Gemeente op 7 Junie 1854. Wat die Volksraad dus nie kon verkry asgevolg van die teenwerking van die Lydenburgers nie, is deur die Kerkraad met sukses deurgevoer.

Nou, egter, het die vraag opgekom wat die naam v van die nuwe gemeente gaan wees. In 'n brief vir publikasie in "De Zuid-Afrikaan", vanaf Rustenburg op 15 Augustus 1853, reeds, word hieroor die volgende gesê: "Men is ook overeengekomen eene nuwe stad aan te leggen, en dezelve ter gedachtenis aan den overleden Generaal Pretorius te noemen: Pretorius-stad.

Op 11 Augustus 1854, skaars twee maande na die formele goedkeuring van die stigting van die nuwe gemeente deur die Volksraad, rig ouderling J.N.Smit 29) 'n brief vanaf Magaliesberg in die vorm van 'n kollektelys, aan die Vrystaatse publiek waarin hy hul bekend stel dat /die

25) Dr.S.P.Engelbrecht:"Geschiedenis van de Neder-Duits Herv.Kerk in Zuid-Afrika."(Amsterdam,1920),dl.II,bl.5
26) T.A., R.643/54, en ook F.V.R.II/106,V.R.202/52. V.R.B.,van 7 Jun.1854, art.49.
27) J.Stuart:"De Hollandsche Afrikanen en Hunne Republiek In Zuid-Afrika."(Amsterdam,1854), bl.213.
28) Bylaag II.
29) Vader van die later welbekende veggeneraal en visie-pres.N.J.Smit en ook buurman en verwant van wyle die Kommandant-generaal Andries Pretorius.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die gemeente aldaar van voornemens was 'n kerkgebou op te rig op 'n Kerkplaas, wat daarvoor uitgekies en aangekoop is deur Kommandant-generaal Marthinus Wessel Pretorius, "Waarover den naam van zyn Ed. verstorfen vader nu wylen den .Ed.Heer A.W.J.Pretorius, die niets onbeproef het be gelaten, om zyn Landsgenoten vry en gelukkig te maken, gelyk wy dan ook tans vry en gelukkig ons kunnen beschouwen onder hogere Bestuuring van den Albeschikker gezegde Kerkplaats dan zal genoemd worden Pretoria Philadelphia of Pretorius Broederschap en tot het opbouwen van die Kerk, tot nagedagtenis van dien gezegend afgestorfene Comt.Genl."30

Verder skryf hy dat hulle, in vaste vertroue op ondersteuning, reeds met die bouwerk begin het. 31)

Ongelukkig is daar geen dokumentêre bewys voor hande hoe die nuwe gemeente die naam Pretoria Philadelphia ontvang het nie. Dit was 'n Latynse naam en "Pretorius h het die vorm "Pretoria" aangeneem, om met "Philadelphia" ooreen te stem, volgens sommige opinies, maar in werklikheid het dit daardie vorm aangeneem omdat dit as 'n adjektief gebruik word. Aangesien ds. Van der Hoff die enigste lid van die Kerkraad was wat Latyn geken het, was hy heelwaarskynlik verantwoordelik vir die naam. Hoe dit ook al sy, die naam beteken natuurlik retorius Broederskap. 33)

Tog skyn dit of die naam "Pretoria" reeds op 12 Januarie 1849 in gebruik was, want dit word aangehaal om die juiste ligging van "Poortje" aan te dui, die plaas van Jacob Roedolf Janse van Vuuren:"Poortje, gel aan de boskop tusschen Cormaas en Pretoria, aan de zyde onder de Gat zyn rand." 34) Hierdie dokument, egter, kan bogenoemde bewering nie omvergooi nie alvorens die plek "Pretoria" van 1849 vasgestel kan word nie. 35)

Verder is dit ook baie eienaardig dat daar in 1861 'n "Pretoria" was in die Vrystaat, want 'n Volksraadbesluit van 26 Februarie 1861 lui:"Die lynbepelingen van de wyken Boven Caledonrivier, Pretoria en onder Caledonrivier." 36) /Dan

30)T.A.,R.671/54. Bylaag III.
31)Die bou van die Kerk moes byna twee en 'n half jaar geneem het, want in Sept.1856 word die kappe bespreek:T.A. R.1181/56 en R.1183/56.In Des.1856 is die vloer eers ingesit(R.1253/56) en in Feb.1857 ingewy(R.1362/57)
32)Dr.S.P.Engelbrecht:Die Volkstem, t.a.p.
33)Daar bestaan geen grond vir die bewering dat dit betrekking het opdie Gneraal se broers nie.
34)T.A.,R.165/49.
35)Skrywer hiervan kon geen spoor van genoemde plek "Pretoria by die Registrateur van Aktes of in die Lnadmeter-Genl. se kantoor kry nie.
36)O.V.S.Wetboek 1854-1880.Ordonnantie-Boek van den Oranje Vrystaat(Bloemfontein,1881),bl.288 en 289,Ordon.2, 1877, art.15.
Sien ook "Notulen der verrigtingen van den Hoog-Edelen Volksraad 1861"(Bloemfontein,1868), bl.69. /Die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dan is daar ook nog aan die hand gegee dat Pretoria die vroulike vorm is van die Latynse naam Pretorius en "langs die ø weg geassosiëer moet word met Pretorius se vaderlandsliewende vrouᶓ" 37)

Dat daar nog groot onsekerheid bestaan het aangaande die naam van die nuwe gemeente of dorp, soos dit toe alreeds beskou is, is ongetwyfeld. Dit word dan ook weerspieël in die briewe van daardie tyd, So skryf Veldkornet H.vd.Walt 'n brief aan Kom.Genl. Pretorius op 3 Oktober 1854, waarin hy sy adres aangee as "Pretorium". 38)

'n Afrikaanse awonturiër, P.J.Marais, wat in die veertiger jare goud gesoek het in Australië en Califórnië en vanaf 1853 in die Republiek, 39) rapporteer op 7 April 1855, dat hy Lerdepoort besoek het asook die nuwe dorp "Pretorium", maar sonder om daar iets te vind. 40) Op 7 Mei 1855 skryf hy in sy dagboek:"Met Cameron at Pretoriusdorp." 41)

Op 17 April 1856, dus sowat vyf maande nadat die nuwe dorp gestig is, en die naam vasgestel is, skryf Marthinus Wessel Pretorius en Stephanus Schoeman 'n brief aan Andries du Toit, die latere landdros:"en hopen UEd. in persoon by de Volks Raads Zitting van 26 Mei a.s. te Pretoria's dorp tegenwoordig te zien." 42) Veel later nog stek landdros A.F.du Toit sy verslag op van die inkomste en uitgawe van die "Landdrost Kantoor te Pretoriaphiladelphia." 43)

Sedert die stigting van die nuwe gemeente te Pretoria Philadelphia in Junie 1854, het daar heelwat meer as 'n jaar verstryk gedurende welke tyd daar hoegenaamd niks gerep is van die nuwe dorp, die stigting waarvan nog eers deur die Volksraad moes goedgekeur en aanvaar word, Dis miskien hoofsaaklik te wyte aan politieke en kerklike verwikkelinge in die Republiek sowel as deur kafferonluste.44)

Op die Kerkvergadering te Rustenburg op 8 Augustus

---

ø Die Argivaris van die Vrystaatse Argief deel skrywer mee dat daar geen dokumente berus wat enige lig werp op die oorsprong en datum van oorsprong van die naam "Pretoria" aan die Caledon.

37) Dr.Preller:"Ou Pretoria",bl.56. Dit is onjuis want Pretoria is die adjektiewe vorm in Latyn in Pretoria Philadelphia.

38) T.A., R.688/54.

39) Dr.M.Nathan:"The Voortrekkers of South Africa."(Londen, 1937), bl.352. T.A.,E.V.R.II/106,V.R.386/53.

40) T.A.,E.V.R.II/107,V.R.428/55.

41) Dr.G.S.Preller:"Ons Goud Roman"(Die Marais-Dagboek) Pietermaritzburg, 1935, bl.56.

42) T.A., R.1028/56.

43) T.A., R.1771/57.

44) Die veldtog teen Makapaan in Okt.1854.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Augustus 1853 is daar besluit dat die Kerk in die Republiek onafhanklik sou wees van die Kaapse Sinode. 45) Hierdie besluit het die vyandelike houding van die Lydenburgers teenoor Pretorius en sy volgelinge verskerp. In Junie 1854 word 'n memorie van die Kerkraad van Lydenburg voor die Volksraad gelê, "Om UwEd. goedkeuring te mogen o ondervinden, by de aanwending onzer pogingen; teneinde de band der Hoog Eerw. Synode der Kaapkolonie onder ons weder moge gelegd worden ter vereeniging."46)

Die begeerte is versterk deurdat ds. Van der Hoff, nie meer gewild was by hulle, hoofsaaklik asgevolg van die invloed van Smellekamp en Bührmann. Ds.vd, Hoff, wat miskien bevrees was, dat aan die Lydenburgse memorie gehoor gegee sou word, skryf in Mei, 1855 'n brief aan Kommandant-generaal Pretotius, waarin hy hom wys op die feit dat: "de afscheiding der kaapsche Synode eene Staatswet alhier geworden is, die niet ander dan door de algemene Volksstem mag of kan veranderd worden." 47)

Hierdie kerklike onenigheid het 'n groot invloed gehad op die politieke toestand in die Transvaal. Met die Volksraadsitting van Junie 1855 het die gevoelens tussen die Potchefstroomse en Lydenburgse partye so hooggeloop dat iedereen die onwenslikheid van die toestand besef het en daarom is daar toe besluit om die volgende Volksraadsitting aan Pienaarsrivier te hou in Oktober 1855, waar dan ook 'n hooggeregshof sou sit bestaande uit die vier distrikte Potchefstroom, Rustenburg, Lydenburg en Soutpansberg, elk met vier Heemrade wat dan alle bestaande geskille moes besleg en indien nodig, skuldige persone te vonnis.

Op 10 September 1855 het die Volksraad en Hooggeregshof sitting geneem op die plaas van Holtshausen aan die Pienaarsrivier. 48) Die uitspraak van die Hof was 'n verpletterende neerlaag vir die Lydenburggroep want agt van hul leiers is as "Landverraders en meineedigers" veroordeel en elk tot 'n boete van 150 Rds. gevonnis, terwyl hulle die koste ook nog moes dra. Dan is hul ook nog verklaar:"onwaardig om enige betrekking binnen deze landpalen te bekleeden." 49)

/Die

45) Dr.G.M.Theal:"History Of S.A."Vol.IV(Londen,1911)bl.33.
46) T.A., R.640/54.
47) T.A., R.810/55.
48) Sir John Kotze:"Biographical Memoirs and Reminiscences" (Kaapstad,1934), bl.250.
49) J.H.Malan: "Die Opkoms van 'n Republiek."(Bloemfontein, 1929),bl.284.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Lydenburgse verteenwoordigers, onder leiding van hulle landdros, verset hul teen die vonnis, wat volgens hul mening onwettig was, met die gevolg dat Lydenburg sonder verteenwoordiging gelaat, en nie meer erken is op die latere sittings van die Volksraad gedurende 1855 en 1856 nie. Dit was een van die redes waarom Lydenburg op 17 Desember 1856 in beginsel besluit het haarself onafhanklik te verklaar as "De Republiek Lydenburg in Zuid-Afrika"50

Noudat die rots, waarop sy planne al so dikwels in die verlede skipbreuk gely het, tydelik onskadelik gemaak is, het Pretorius geen gras onder sy voete laat groei nie. Gedurende die September-sitting reeds, het die Volksraad 'n Kommissie, bestaande uit drie lede, aangestel, waarvan Jacobus Stuart, sekretaris was en Paul Kruger lid, om 'n ontwerp-grondwet vir die Republiek op te stel daar dit besef is dat daar baie gebreke in die bestaande grondwet was, wat bevoorbeeld geen voorsiening gemaak het vir 'n sentrale bestuur nie. 51)

Tydens die sitting van die Volksraad te Potchefstroom in November 1855, 52) word die Konsep-grondwet voor die volk gelê. 53) Hier is Marthinus Wessel Pretorius op 'n "algemene volksvergadering" voorlopig tot president gekies. 54) 'n Maand later sou die grondwet weer onder bespreking kom, waaruit eindelik die Grondwet van 1858 ontstaan het.

Pretorius ag nou die tyd geskik om weer aansoek te doen by die Volksraad om die stigting van die nuwe dorp; Hierdie keer is sy poging dan ook met welslae bekroon, soos blyk uit die bewoording van art. 70 van die Volksraadbesluite van daardie jaar:

"Voorgekomen den Commt.Genl.M.W.Pretorius vragende of de twee door Zyn Edle. gekochte plaatsen van de Heeren Prinsloo en van der Waldt voor een dorp kunnen worden aangenomen. de Ed. Raad keurt dit voorstel voor goed en neemt de twee plaatsen aan tot een Dorp onder de benaming van "PRETORIA". 55) Op 16 November 1855 dus, is die stigting van die nuwe dorp offisiëel goedgekeur en word die naam vasgestel as Pretoria.

(c)Redes

50) J.H.Malan: t.a.p.
51) Theal: "History",Vol.IV,bl.34.
52) Lydenburg afwesig.
53) T.A., R.930/55.
54) Malan: t.a.p., bl.293.
55) T.A., ~~Y.Y.R.~~ V.R.B.,art. 70 van 16 Nov.1855.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## (c) REDES VIR DIE KEUSE VAN DIE LIGGING VAN PRETORIA.

Soos hierbo reeds aangetoon, is dit duidelik dat Pretoria die verwesenliking was van die begeertes van 'n groot deel van die bevolking aan die "Over Vaal", hoofsaaklik om sy gunstige geografiese ligging.

Groot afstande moes gedurig afgelê word deur Volksraadslede wat die Raadsittings moes bywoon, wat tenminste eenmaal per jaar te Lydenburg en eenmaal in Potchefstroom of Rustenburg gehou is. Dikwels is daar gekla dat die lede nie die sittings getrou bywoon nie. So skryf C.Potgieter, die voorsitter van die Kommissieraad op 22 Junie 1853 aan Kom-Genl. A.W.J.Pretorius, dat net een lid van Rustenburg die Raadsitting te Lydenburg op 13 Junie bygewoon het, en dan het niemand enige redes van afwesigheid aangevoer nie. 56) Die gevolg was dat so 'n Raad as 'n Kommissieraad bestempel is, omdat daar geen kworum was nie. Hierdie moeilikheid sou nou grotendeels opgelos word omdat Pretoria so sentraal geleë is en veral toe dit later die setel van die regering geword het.

Op 26 Februarie 1855 stuur die Burgers van Rustenburg, Potchefstroom en Soutpansberg 'n memorie aan die Volksraad, 57) waarin gemeld word dat hul "van tyd tot tyd de grootste ongerief ontwaard hebben door de verre afstanden dat veele van de ondertekenaren wonen van de plaatsen alwaar gewoonlyk Raadzittingen gehouden worden," asgevolg waarvan 'n groot aantal van die publiek noodwendiglik van alle verrigtinge van die Raad verstoke is. Die moeilikheidwas so groot dat in dieselfde memorie hul selfs voorgestel het om vier distriksrade te vorm wat dan eenmaal per jaar "op zekeren gezetten tyd by elkanderen zullen komen op het Middenpunt van het Republiek." 58)

Op 23 Junie 1857 word 'n memorie aan president Pretorius gestuur, onderteken deur twee honderd drie- en- veertig "Burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek" waarin hulle dringend versoek "dat het Dorp Pretoria als den Zetel van de Uitvoerende Magt wordt benoemd en vastgesteld" te meer omdat die vryheid tot die aanlê van die dorp deur die Volksraad "voornamentlyk verleend is met het oogmerk, om er den zetel van het gouvernement te vestigen." 59)

Die noodsaaklikheid vir 'n sentrale vergaderplek
/van

56) T.A., R.547/53.
57) T.A., R.771/55.
58) Ibid.
59) T.A., R.1608/57.
T.A., R.1906/58.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Volksraad is ingesien. Die gevolg was,dat die Grondwet van 1858 voorsiening hiervoor gemaak het in art. 17:"Potchefstroom, gelegen aan de Mooirivier zal de hoofdplaats van de Republiek en Pretoria de zetel van het goevernement zyn." 60)

'n Ander vername rede vir die keuse, was die feit dat Pretoria die kruispunt gevorm het vir die vernaamste paaie in daardie dae, b.v. van Natal na Soutpansberg, waar daar toe nog 'n florerende handel gedryf is in ivoor, 61) asook die paaie van Potchefstroom en Delagoabaai, wat ook na Soutpansberg gelei het. Geen wonder, dat die korrespondent van "De Zuid-Afrikaan" in Augustus 1853 byna liries geword het in dy beskrywing van die paaie daar: "en waarheen van alle kanten de fraaiste wegen uitlopen." 62)

'n Belangrike faktor was bepaald ook die groot watervoorraad wat voorsien is deur die Apiesrivier, wat sy oorsprong het in die "Fonteine" tussen die rante ten suide van die dorp. 'n Mens kan wel begryp dat by die ou Voortrekker wat sy lewe moes maak deurmiddel van die landboubedryf, 'n voldoende watervoorraad, die eerste vereiste was.

Dan was daar nog die bykomende feit dat Flandspoort so 'n pragtige natuurskoon gehad het: "Het is eene der schoonste streken dezer gewesten." 63)

/Hoofstuk III

---

60) Staats Courant No.21 van 5 Maart 1858.
T.A., R.1906/58.
61) The Transvaal Argus,12 Jan.1866.
62) Bylaag I
63) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK III.

## (a) VERENIGING VAN DIE VOLK IN DIE REPUBLIEK WORD 'N WERKLIKHEID.

Byna onmiddellik nadat die eerste grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek aangeneem is en Marthinus Wessel Pretorius tot die eerste president gekies is 1), het Lydenburg afgeskei en 'n eie republiek gestig met 'n eie Volksraad. 2)

Ook Soutpansberg onder leiding van Stephanus Schoeman, verwerp die nuwe grondwet en teken protes aan t teen die "onwettige benoeming" van die president. 3) In beide gevalle was dit eenvoudig 'n kwessie van persoonlike naywer en die vrees dat President Pretorius te veel mag in sy hande sou kry.

Op Sondag, 22 Februarie 1857, is die eerste kerk op die Kerkplein te Pretoria ingewy deur ds. Dirk van der Hoff. 4) Die dag daarop is die Vierkleur, die nuwe Transvaalse vlag wat deur ds.vd. Hoff ontwerp is, vir die eerste keer te Pretoria gehys 5) onder die afvuur van drie sarsies deur 20 man onder bevel van Veldkornet A.vd.Walt. Na afloop van hierdie plegtigheid, het A.F.du Toit, die latere landdros van Pretoria, op 'n wa geklim en die nuwe grondwet aan die menigte voorgelees, wat hul tevredenheid daarmee te kenne gegee het, mits enige veranderinge gemaak sou word. 6)

Ook hier het H.T.Bührmann weer probeer om die vlam van tweedrag aan te wakker:"was de ellendige oproermaker Buhrman, met Rabe en Piet Weber die gevlugt is van Beaufort door bedrog; overal rond om menschen te werven, en tegens UEds. en onzen staat op te maken." 7) Du Toit was so vervul met heilige verontwaardiging, dat hy skryf: "Wanner Buhrman dadelyk gehangen werd, is onze staat regt." 8)

In sy verslag aan die president van die Sesde Algemene Kerkvergadering, wat op Dinsdag 24 Februarie 1857 geopen is, skryf ds. Van der Hoff dat die vergadering baie eensgesind was, hoewel die Soutpansbergse afgevaardigdes "diep ternedergeslagen waren wegens de politieke verwikkelingen." 9) /Die

1) T.A., R.1263/57, R.1266/57, V.R.B. art. 2 van 6 Jan.'57
2) T.A., R.966/57, R.1298/57, V.R.B. art.19 van 22Jan.'57.
3) T.A., R.294/57.
4) Dr.S.P.Engelbrecht:"Geschiedenis.."dl.II, bl.3.
5) T.A., R.1360/57. Sien ook Dr.S.P.Engelbrecht:"Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika", 2e Druk.( Pretoria, 1936)bl.130
6) T.A., R.1360/57.
7) Ibid.
8) Ibid.
9) T.A.,R.1362/57.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verrigtings is afgesluit deur die opstel van 'n brief deur die Kerkgesag, gerig aan die leiers van die volk n.l. Pretorius, Schoeman en Joubert. Hierin is daar 'n beroep op hulle gemaak om saam te werk vir die bewerkstelliging van eensgesindheid onder die burgers. 10)

Gevoelens het later baie hoog geloop, veral na die arres van Bührmann deur veldkornet Van der Walt. 11) Landdros Du Toit 12) het selfs president Pretorius aangeraai om met x 'n sterk gewapende mag na Pretoria te kom om alle tekens van verset uit te wis.

Die Krygsraad het Du Toit nou belet om enige verdere korrespondensie t e voer met Schoeman of sy volgelinge. 13) Daar hy eenvoudig probeer het om orde te skep, was dit vir hom 'n klap in die aangesig. Du Toit het nou so moedeloos gevoel, dat hy op 4 Julie 1857 sy ontslag gevra het: "wil liever 3000 zwynen oppassen dan om zoo een wispeltuurige volk te bestuuren die geen nationale eer verstaan." 14)

Maar met die toestemming van Stephanus Schoeman om die saak voor die hooggeregshof te bring en alle gewapende verset te staak, het die onweerswolke opgeklaar 15) en gevolglik het Schoeman en sy volgelinge later hulle goedkeuring geheg aan die nuwe grondwet.

Na suksesvolle onderhandelings vind die vereniging ook plaas tussen Lydenburg en die Suid-Afrikaanse Republiek op 4 April 1860 16) asgevolg waarvan eersgenoemde as 'n afsonderlike distrik opgeneem is in die Republiek.17)

Nou eers was die volk noord van die Vaalrivier werklik verenig en was daar net een groot staat, regeer d deur een sterk sentrale regering.

/(b) Die

---

10) T.A., R.1355/57.
11) T.A., R.1386/57.
12) Op 2 Mei 1857 ingesweer as eerste landdros van Pretoria.
13) T.A., R.1385/57 en R.1620/57.
14) T.A. R.1629/57.
15) T.A. R.1624/57.
16) T.A.,V.R.B. art.14 van 3-10 April 1860.
Staats Courant No.14,d.d.20 April1860.
17) Locale Wetten 1849-1885.(Pretoria, 1887),bl.133-139.
Dr.S.P.Engelbrecht:"Kerkgeschiedenis..",dl.II,bl.43.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## (b) DIE OPMETING VAN DIE DORP.

Die opmeting van Pretoria sal altyd geassosieer word met die naam van die man wat so kragdadig bygedra het tot die uitlê en die opbou van en die skepping van orde in die nuwe dorp veral gedurende die eerste jare van sy bestaan.

Andries Francois du Toit, gebore op 8 Augustus, 1813, word later na 'n skool aan die Kaap gestuur deur sy oom, Egbert Buyskes, met die doel om hom te laat oplei as predikant. Na die afsterwe van sy oom, egter, moes hy sy studies staak weëns finansiële omstandighede en moes hy 'n ander loopbaan kies. Hy word nou 'n rondreisende handelaar en spoedig het hy so ver gevorder dat hy met ses waens tot diep in die Vrystaat gaan smous het, veral met gewere en ammunisie. 18)

Op een van hierdie togte het hy kennis gemaak met Generaal A.W. Pretorius wat hom aangeraai het om na die Noorde te kom en landmetersgereedskap mee te bring vir die opmeting van gronde in die nuwe republiek.

In 1855 bevind hy hom weer in die Vrystaat waar hy kandidaat word in die presidentsverkiesing, 19) maar dit sou maar van tydelike aard wees, want sy einddoel was die Noorde , waarin hy al soveel belang gestel het dat hy aan Kommandant-generaal Pretorius skryf"..houdt doch U mensdom in Gods naam in een bandt laat geen verdeeltheid koomen, laat U grondtwetten vast staan, want van alle kanten zullen grypende wolven indringen in U schaapskooijen". 20)

By sy aankoms te Pretoria het, die bevolking van die dorpie maar bestaan uit twaalf huisgesinne. Daar was verskeie hartbeeshuisies in die omgewing van die grasdakkerkie wat gestaan het op die plek wat vandag bekend is as Kerkplein.

Du Toit vestig hom op 'n stuk grond ten Ooste van die Apiesrivier wat hy van Kommandant-generaal Pretorius geruil het vir 'n Basoetoeponie. Hy gee dit die naam van Arcadia. 21) Later sou dit ook een van die oudste voorstede van Pretoria word.

/ Die

---

18) G.J.T.du Toit: "Ou Pretoria", 'n artikel in "Die Brandwag" van 24 Des.,1919.
19) T.A., R.848/55.
20) Ibid.
21) Ibid.

1150033
1150030

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die dorp moes daar maar wild en woes uitgesien het met die groot mimosabome selfs om en by die teenwoordige Kerkplein en die poele vuilwater. Nie 'n wonder dat Du Toit dadelik tot die besluit gekom het om "de dorp op te vlekkeren". 22) Maar hy kon nie somaar op eie houtjie voortgaan nie, gevolglik skryf hy aan die president op 11 Februarie 1857 dat die toestand van die dorp veel te wense oorlaat en versoek hy 'n opdrag om die dorp in orde te bring. 23) Hierdie opdrag, egter, het blykbaar nie te voorskyn gekom omdat daar geen fondse was nie. Later het hy sy dienste gratis aangebied om die werk te doen en die hoop uitgespreek dat die president hom 'n stukkie grond sou aanbied as vergoeding. 24)

Dit het gelei tot 'n mondelinge ooreenkoms tussen die president en Du Toit, waarvolgens laasgenoemde onderneem het om die opmeting van die dorp te aanvaar, sodat die Kerk die middelpunt sou vorm omring deur 'n groot plein. Dit het hierop neergekom dat die hele sentrale dorp soos begrens deur "de buitenste gronden van Heer Schoeman, Prinsloo, Du Toit en Van der Walt," opgemeet en uitgelê sou word en begrens sou word deur 'n straat van 80 voet breedte. 25)

Toe die halwe dorp aan Pretorius getransporteer is, het die president ook 'n lappie grond aan Du Toit oorgemaak as vergoeding vir sy dienste, op voorwaarde dat hy die hele dorp in erwe sou opsny "en als erven des dorps te verkoopen." 26) Op 14 Augustus 1857 skryf Pretorius aan hom: "U kan dus maar Erven verkope na de gelegenheid - £4 sterling per stuk, uitbezondert aan de plyn niet." 27)

Gedurende die begin van 1857 het Du Toit 'n begin gemaak met die opmeting volgens 'n plan deur homself vervaardig. 28) Eers het hy die plein uitgemeet rondom die Kerk deur vier hoekpenne aan te bring in ooreenstemming met die vier windstreke; daarna "rondom de Kerkplein uitgelegd door de Heeren Louw(Louis) Devereax, en Jan Visagie zonder Compas of Eenig instrument, met een ketting van 50 voeten rylandsmaat; en een verkyker van 1857." 29)

/Vandag

22) T.A., Pa.30
23) T.A., R.1326/57.
24) T.A., R.1360/57.
25) T.A., R.312/63.
26) Ibid.
27) T.A., Pa.I.
28) Die oorspronklike berus by die Stadsraad en 'n kopie in Kantoor van Registrateur van Aktes. Bylaag VI.
29) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vandag nog doen 'n verhaaltjie die ronde dat Pretoria oorspronklik met 'n osriem opgemeet is en dat dit so akkuraat gedaan is dat daar nie op verbeter kon word toe die dorp in later jare weer opgemeet is nie. Weliswaar was daar geen moderne landmetersinstrument beskikbaar by die eerste opmeting nie, tog vertel G.J.W.du Toit, 'n seun van A.F.du Toit, dat behalwe die landmeters-ketting ook nog gebruik gemaak is van 'n twaalftal metaalpenne, ses van staal en ses van koper, wat aangevul is deur ysterpenne ongeveer nege duim lank en 'n duim dik, vervaardig deur die dorpsmid Dolf Janse, om op die hoeke van die afgemete erwe in te slaan, asook 'n kruishout en verkyker met waterpas wat van die Kaap afkomstig was. 30)

Goeie vordering is gemaak, want op 30 Maart 1857 kon Du Toit aan die president rapporteer dat reeds 118 erwe uitgemeet is. 31) Dit het natuurlik alles onder sy persoonlike toesig geskied.

Die Kerkplein is vir 'n lang tyd ook gebruik as uitspanning en markplaas totdat dit inbreuk gemaak het op die regte van Nagmaalgangers. In Augustus 1861 reeds het C.F.Preller die regering om meer pleine gevra wat kon dien as uitspanning, wat dan ook toegestaan is. 32) In September 1882 is die mark verplaas na wat oorspronklik bekend was as die "Uitspanningsplein" d.w.s die blok tussen Kerk- ,Pretorius-,Vd Walt-, en Prinsloostrate, en het van toe af bekend gestaan as die Markplein. 33) Tog is daar nog voortgegaan met allerlei verkopings op die Kerkplein totdat J.S.Smith, landdros van Pretoria op 7 Mei 1889 bekend gemaak het dat alle vendusies en openbare verkopings ten strengste verbied is op die Kerkplein. Geen waens of ander rytuie sou ook meer toegelaat word om daar uit te span behalwe vir kerkdoeleindes. Geen boumateriaal mag ook meer daar afgelaai word behalwe op 'n breedte van 15 voet aan die buitesy van die plein.

Om een of ander rede het Devereux en Visage teen die end van die jaar 1857 hul opmetingswerk gestaak, met die gevolg dat Du Toit, bygestaan deur sy twaalfjarige seuntjie Gert en 'n kaffer, wat die ketting moes sleep, terwyl Du Toit die rigting met die verkyker moes

/peil,

30) G.J.W.du Toit: t.a.p.
31) T.A., R1431/57
32) T.A., U.R.I art.39 van 1 Aug., 1861.
T.A., R.45 37 /61
33) T.A., R.5705/82.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



peil, persoonlik self die werk vir die twee daarop volgende jare moes voortsit, 34) nieteenstaande die feit dat byna al sy tyd in beslag geneem is deur sy pligsbetragting as landdros. Nie alleen het hy 'n volledige opmeting gemaak van die geproklameerde grond vir die ~~xiap~~ dorp nie, maar ook van sy eie grond, wat 82 erwe beslaan het.

Dat die opmetingswerk geen geringe opdrag was, kan afgelei word van die feit dat die oorspronklike sentrale deel van die dorp op plekke so dig begroei was met reuse doringbome en ander gewasse, dat die byl 'n belangrike rol moes speel.

Nieteenstaande al die moeilikhede en eenvoudige instrumente, het Du Toit hom so goed gekwyt van sy taak dat met die tweede opmeting deur A.H.Walker, 'n gekwalifiseerde landmeter. 35) daar nie op Du Toit se werk verbeter kon word nie. Die tweede opmeting is onderneem,nie omdat Du Toit swak werk gedoen het nie maar om gevolg te gee aan herhaalde memories van inwoners wat bang was dat hulle hul omheinings en mure om die erwe oor die lyne sou plaas en wat dan later baie moeilikhede kon veroorsaak. 36)

Daar is dokumentêre bewys voorhande wat aantoon dat die latere opmeting deur Walker gedaan soveel geskille laat ontstaan het omtrent die grensskeiding dat die Staatsekretaris, N.J.R.Swart, Du Toit, wat toe op Middelburg woonagtig was, versoek het om na Pretoria te kom om die nodige inligting te verskaf, terwyl die regering sy reiskoste sou betaal. 37) Maar hy kon nie aan die versoek voldoen omdat hy te siek was. 38)

Die administrasie destyds was baie onnoukeurig, sodat daar herhaaldelik foute ingesluip het by die registrasie van erwe. Dikwels was 'n erf verkoop wat aan iemand anders behoort het omdat die kruisies van verkoopte erwe op verkeerde blokkies op die kaart ingevul is.39) So skryf 'n sekere Peebles aan die Uitvoerende Raad op 5 Mei 1865 dat hy erf 552 op 'n publieke veiling gekoop het in die najaar van 1864 en dat daar later transport voor gegee is aan die heer A.Broderick. 40)

In 1863 het Du Toit op versoek van die Staatsekretaris nog drie blokke erwe opgemeet waarvan een aan Lucas Bronkhorst en twee aan die regering behoort het,41) waarvoor hy £ 2-5/- ontvang het. 42)

In April 1865 nog is A.F.du Toit weer versoek om

/ nog

34) Bylaag VI.
35) Uitv.Raads Besluite,art.174 van 14 Okt., 1873.
36) T.A., R.393/70 37) T.A., B.B. 1371/77

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nog 'n aantal erwe, twaalf in getal, op te meet aan die Westekant van die Gereformeerde Kerk, waarvan die oue heer Lucas Bronkhorst drie moes kry in ruiling vir gedeelte van sy plaas Groenkloof wat vir die waterskema in beslag geneem is. 43)

Die erwe was besonder groot want die afmetings was 225 by 120 "reilands" voete44) en die strate 80 voet breed behalwe Prinsloostraat "de eenige is op last des gezachts van Hoog Edelen, tien voeten smaller genomen; dus (70) zewentig voeten breet; om de blokken op de klip bult te doen uitkoomen met de lyn van du Toits straat, tegen Arcadia." 45)

G.J.W.du Toit beweer dat die hoofstrate so breed gemaak is met die doel, die boere in staat te stel om met hul ossewaens in die straat te kon draai. 46)

Op 27 September 1860 het die Volksraad die voorstel van president Pretorius aangeneem om aan die regering transport te verleen van die plaas Nooitgedacht, die halwe plaas Daspoort en die halwe plaas Elandspoort, as vergoeding waarvoor ,hy transport van die regering sou kry van die lap grond, wat 'n deel uitgemaak het van die dorp Pretoria geleë ten noorde van Kerkstraat, ten ooste begrens deur Du Toitstraat, ten weste deur Potgieterstraat " tot aan de Steenoven-sloot en met die af tot aan Apiesrivier" en ten noorde deur die Apiesrivier, met uitsondering van die gronde van J.J.P.Prinsloo en 'n aantal erwe reeds verkoop of uitgehou. Ook transporteer hy in volle eiendom aan die regering die blok erwe geleë aan die hoek van Kerk- en Potgieterstrate. 47)

Met hierdie transaksie het Pretorius dus finaal alle seggenskap op die grond, wat vir die dorp Pretoria bedoel was, opgesê.

(c) Die

---

38) T.A., R.3237/77.
39) Staats Courant No.70 dd.1 Nov., 1864.
40) T.A., R.544/65.
41) T.A., R.588/63.
42) T.A., Pa.2.
43) T.A., U.R. I art. 116 van 5 April 1865.
44) Hollandse voet.
45) Bylaag VI.
46) G.W.du Toit: t.a.p.
47) T.A., U.V.R.6, art 144,dd.27 Sep., 1860.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c) DIE WATERSKEMA EN REGULASIES DAAROMTRENT.

"Zoo heeft de E.R. besloten dat geen algemeene gelden zullen gebruikt worden tot instandhouding van water en watervoren van dorpen, maar de oplaaggelden van de erven zal tot dat einde worden gebruikt." 48)

Hierdie Volksraadbesluit is twee jaar voor die stigting van Pretoria reeds aangeneem. Dit het asgevolg gehad dat dorpe heeltemal op eie wieke moes staan wat betref watervoorsiening, wat in baie gevalle taamlik kostelik was. Gelukkig was die ligging van Pretoria van so 'n aard dat die watertoevoer nie so 'n moeilike probleem opgelewer het nie. Daar was die Apiesrivier, wat gedurende die eerste jare van die nuwe dorpie se bestaan die oos- en noordgrense gevorm het, gevoed deur die pragtige fonteine, wat ontspring het agter die poort op 'n gedeelte van die plaas Groenkloof wat aan die ou heer Lukas Bronkhorst behoort het, ten suide van die dorp.

In 1844 reeds het Lukas Bronkhorst hom in die omgewing van die Fonteine gevestig en Gerhard Bronkhorst met sy skoonseun Philip Karel Minnaar, 'n bietjie laer af op die regter oewer van die Apiesrivier waar tans Sunnyside geleë is.

Kort na hul aankoms reeds het hulle watervore uitgehaal om hulle landerye te besproei, maar op die l linker oewer sou dit nie so gemaklik gaan nie. Hier, teenoor Gerhard Bronkhorst, het veldkornet Andries van der Walt sy hartbeeshuisie opgetrek. 49)

Nadat Kommandant-generaal M.W.Pretorius die plase van A.vd Walt en J.J.P.Prinsloo gekoop het 50) met die doel om 'n nuwe sentrale dorp te stig, het hy planne begin beraam om die plek te voorsien met voldoende water. Dit kon wel gedaan word deur 'n voor uit te haal vanaf die fonteine en dit hoog teen die hang van die berg langs te lei om sodoende die sentrale deel van die voorgestelde dorp te besproei. Vir hierdie doel het Pretorius blykbaar 'n ooreenkoms getref met A.P.vd.Walt want op 16 April 1855 meld laasgenoemde in 'n brief aan die generaal dat die voor reeds halfpad deur die poort langs die berg gereed is, maar dat die werk nou baie stadig vorder omdat sy pikke nie bestand is teen die harde klip:

/"het

48) T.A., V.R.B., art. 143 van 21 Nov., 1853.
"Locale Wetten", bl.28
49) Sover bekend die eerst e klipgebou in Pretoria.
50) T.A., V.R.B., art.80 van 19 September 1853.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"het gaat zwaar om de watervoor door de klippe te maken als UEd. nogt steenpekke heeft stuurt het en ook eijsters om meel te graven klijn en groot die pekke wat heir is is bykans klaar." 51)

Verder meld hy dat hy gedurig moes bywees anders daal die kaffers te laag af met die voor. Nog sowat 200 tree moes die voor deur die klippe gemaak word voor dat dit by die poort uit sou wees.

Vander Walt moes bepaald die voor aangelê het sonder behulp van enige instrumente want hy skryf verder: "en na oogenmerk van de watervoor lyk het door myn oft voor een geheele dustansie agter myn hüys doorgaat." 52) Die behendigheid van die ou Boer om watervore myle ver deur rante te bring vir besproeiings doeleindes, sonder enige hedendaagse hulpmiddels, is welbekend.

Hoe dit ook al sy, Van der Walt se poging moes bepaald baie suksesvol gewees het, want byna twee jaar later skryf Du Toit, wat sowat 'n maand later met die opmeting van die dorp sou begin, aan die president: "Dan geef my order om de dorp in order te krygen het water stroomt overal ront." 53)

Twaalf dae later, d.i. op 25 Februarie, rig Du Toit weer 'n brief aan Pretorius waarin hy hom meedeel dat hy ses tot agt kaffers van Seppidela laat vra het en hoop by hul aankoms dadelik die dorp met strate en slote in volle orde te bring. Blykbaar het Pretorius hom te kenne gegee dat hy hom geen geldelike steun kon verleen nie, want hy meld verder in sy brief dat hy geen prys of beloning vir sy dienste wou hê nie: "indien UEd. my wilt een lapje gront ervoor geeven; ik zal 't in dank accepteeren als een gift." 54)

In April het Du Toit nog nie 'n begin kon maak nie omdat hy geen werkvolk kon kry nie, maar hy het sy vasberadenheid te kenne gegee om die dorp uit die woesterny te red, alle strate, slote en rioele te plaas en reg te maak sodra werkvolk opdaag. 55)

Gedurende die loop van die jaar 1857 is 'n dam gebou, wat die dorp moes voorsien met water, deur veldkornet Andries vd. Walt en Frans Schutte en die voor uitgebring tot agter Vd.Walt se huis. 56)

/Die

---

51) T.A., R.800/55
52) Ibid.
53) T.A., R.1326/57.
54) T.A., R.1360/57.
55) T.A., R.1431/57
56) Bylaag VI.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die dam was op die grond van Lukas Bronkhorst, maar op 17 Augustus 1863 het die regering daardie deel xx van sy plaas Groenkloof geruil vir 'n blok van twaalf erwe 57) teenoor die Gereformeerde Kerk en waarop President Kruger later sy huis gebou het. 58)

Gedurende die jaar 1858, nadat Du Toit 'n gedeelte van die opmeting van die dorp voltooi het, is hom gevra om 'n watervoor vir die dorp af te peil, wat hy gedoen het met behulp van sy drievoet waterpas. 59) Met die hulp van die inwoners het hy die voor al langs die kant van die vallei gebring tot waar dit die dorp bereik het waar die teenwoordige Scheidingstraat is. Hiervandaan is die voor oor Markstraat gemaak naby Maréstraat en dan langs die westekant van Markstraat af tot by die Kerkplein. 61)

Die jaar daarop is ook 'n begin gemaak met 'n dam in Arcadia en word daar ook melding gemaak van die Klein Schoemansdal dam in die onderdorp, waar vandag die dieretuin geleë is. 62)

Spoedig, egter, het dit geblyk dat die bestaande Dorpsdam en hoofwatervoor ontoereikend was om te voorsien in die behoeftes van die inwoners wat nou vinnig vermeerder het deur die aankoms van nuwe intrekkers. In die vroeë sestigerjare het Pretoria bestaan uit sowat 70 huise, winkels en kantore met ongeveer 400 blanke inwoners wat meestal in die omgewing van die sentrale plein gebly het. Verder was daar 'n aantal klein plasies wat aan die dorp gegrens het soos die van Van der Walt, Du Preez, Austen en Bronkhorst aan die Suide, Du Toit aan die oostekant en Generaal Schoeman en Prinsloo noord en noord-oos, terwyl die plasie van William Skinner op 'n deel van Elandsfontein aan die westekant geleë was.

Teneinde beter voorsiening te maak in die watertoevoer na die snel groeiende dorp, gee die Goewermentsekretaris, Struben, instruksies aan landdros J.J.P.Prinsloo op 9 Mei 1860 om sonder versuim tenders te vra "tot het maken van een goeden dam en Water sloot voor dit dorp" die koste waarvan deur die regering bestry sou word. 63)

Op 4 Junie 1860 word die tender van J.F.Schutte

/en

57) T.A.,R.577/63.
58) Bylaag VI.
59) Ibid.
60) Art.2 van die Dorpsregulasies van 29 Jul.,1857.
61) Bylaag VI.
62) Ibid.
63) T.A., Pa. 1,brief No.91

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en A vd. Walt aangeneem en word 'n kontrak gesluit tussen hulle en die Suid-Afrikaanse Republiek vir die bou, so spoedig moontlik, van 'n groot dam en 'n groot voor vir die dorp Pretoria. 64)

Die watervoor wat drie voet wyd en agtien duim diep moes wees, moes aangelê word vanaf die dam tot aan die bo-end of suidekant van die Kerkplein. 65) Hiervandaan word 'n watervoor, agtien duim wyd en twaalf duim diep in 'n vierkant rondom die plein uitgehaal, twaalf voet binne die buitelyn van genoemde plein, om dan weer die groot watervoor aan die onder- of noordekant te ontmoet.

Die kleiner watervoor rondom die plein moes natuurlik dien vir die gerief van Nagmaalgangers wat dikwels in groot getalle daar saamgetrek is. Op hierdie tydstip was die plein ook nog die vernaamste uitspanning in die dorp en sou hierdie kleiner voor die watergee van trekdiere baie vergemaklik.

Die nuwe dam sou op dieselfde plek wees as die een wat toe reeds bestaan het maar die kontrak het bepaal dat dit só groot en sterk moes wees, dat dit soveel water as wat vir die groot watervoor benodig was, te kon uitkeer. Die dam moes baie goed en stewig gebou word om van duursame aard te wees.

Vir hierdie groot werk sou J.F.Schutte en Vd. Walt die som van £ 120 ontvang, eenderde waarvan betaalbaar was by voltooiing van die watervoor tot aan die boend van die plein, een derde wanneer 'n kommissie, bestaande uit die landdros, goewermentsekretaris en twee onpartydige lede, die voltooide werk goed gekeur het en die balans drie maande later. 66)

Die regering het onderneem om die water vanaf die plein self verder aan te lê na die verskillende erwe.

Volgens die verslag aan die landdros, F.K.Maré op 15 Januarie 1863, deur John R.Lys, 'n winkelier van Franse afkoms en ingesetene van Pretoria, wat lid was van die kommissie om die waterwerke goed te keur, wil dit blyk dat die nuwe waterwerke deur 'n sekere C.Ezel gebou en aangelê is, wat natuurlik die kontrak oorgeneem het van Schutte en Van der Walt.

/In

64) T.A.,S.S.Supplimentêre Stukke 4/60.
T.A., Pa.1 Sien ook Bylaag VI.
65) Hulle praat van "Markt-plein" maar die teenswoordige Markplein is eers so genoem vanaf 1882 toe die mark daarheen verskuif is.Vgl.T.A.,R.5705/82.
66) T.A.,Pa.1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In sy verslag meld Lys dat die Kommissie die waterwerke goedgekeur het, maar beveel aan dat by elke erf 'n sluis en by die dam 'n groot sluis aangebring word, wat onder die beheer van die Waterfiskaal sou staan. 67)

Dit was 'n uitstekende aanbeveling, wat dan ook later aangeneem en toegepas is, met die gevolg dat die lokale bestuur in staat gestel is om 'n baie beter kontrole oor die waterverdeling uit te oefen.

Verder bring die verslag van John Lys ook aan die lig dat die konstruksiewerk byna twee-en-'nhalwe jaar geneem het om te voltooi. Hiervan moet afgelei word dat dit die eerste groot onderneming is, waaraan die jong dorpie hom gewaag het, om beter voorsiening te maak in die behoeftes van die inwoners.

Gedurende die eerste agtien maande na die stigting van Pretoria, moes veldkornet Van der Walt feitlik die hele bestuur van die dorp op sy skouers neem, terwyl A.du Toit wat op 2 Mei 1857 as landdros ingesweer is 68) verantwoordelik was daarvoor 69) vir die volgende vyftien maande.

Hoofsaaklik asgevolg van gebrek aan 'n doeltreffende waterskema vir die dorp, het landdros Du Toit ingesien dat groter samewerking tussen hom en die inwoners noodsaaklik was om hierdie leemte aan te vul. Medeverantwoordelikheid in die dorpsbestuur sou hul aanspoor tot gesamentlike kragsinspanning om die waterwerke aan te pak.

Op 29 Julie 1857 word daar dan ook 'n vergadering gehou van 'n aantal inwoners van Pretoria onder voorsitterskap van landdros Du Toit: "ten einde Dorps Regulatien voor het dorp pretoriaphiladelphia daar te stellen." 70)

Op Hierdie vergadering is elf artikels opgetrek en eenparig goedgekeur, die eerste sewe waarvan direk of indirek betrekking gehad het op die watertoevoer.

Artikel I lui: "De noodzakelykheid ingezien hebbende van een dam en watervoor ten einde dit Dorp met genoegzaam water te voorzien, te bezitten, en in orde te houden, zoo is algemeen besloten tot dat einde een water fiscaal aan te stellen welke het opzicht over genoemden dam en water voor zal houden" 71) Artikel 2. het neergelê dat elke inwoner wat gebruik gemaak het van die dorps-

/voor

67) T.A., Pa.No.2.
68) T.A., R.1477/57.
69) T.A., Pa. No.2.
70) Bylaag IV.
71) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voor, 'nsikspens per dag moes betaal en een werkman moes gee gedurende die tyd wanneer ie waterfiskaal reparasies of veranderinge moes aanbring aan die dam of watervoor.

Verder moes die waterfiskaal toesien (art.3) "dat de dam en watervoor ten allen tyde in goede order is, geen gemors van mensch dier van welken aard ook nog pluimvee zal door hem in de watervoor worden toegelaten". Oortreders hiervan sou met twee sjielings beboet word die helfte waarvan vir die fiskaal en die ander helfte ten voordele van die dorpskas. Elke inwoner sou verplig wees om 'n wasdam in sy erf te hê om te verhoed dat die dorpswater besmet sou word.(art.4)

Hieruit sien 'n mens duidelik dat daar ten volle besef is dat reinheid die wagwoord moes wees van elke inwoner, wat die gemeenskaplike watervore betref, ten einde besmetting te voorkom.

Die volgende drie artikels in die regulasies maak voorsiening teen beskadiging van die watervore deur te naby die vore uit te span, langs die afgemete strate te ry of takke in die strate te sleep.

Artikel 11 het voorsiening gemaak vir enige veranderinge wat later wenslik mag word, deur meerderheid van stemme. Hiervan is reeds die volgende jaar gebruik gemaak, want die eerste regulasies is nooit toegepas, voordat daar allerlei veranderinge aangebring is, dit uitgebrei is tot 35 artikels, 72) en dit op 6 Augustus 1858 in die Staatskoerant verskyn het. 73)

Alhoewel die Dorpsregulasies van 1858 nooit deur die Volksraad goedgekeur is nie, is dit vanaf 29 Augustus 1858 toegepas volgens 'n kennisgewing aan die inwoners deur landdros Du Toit 74) en is altyd as wet beskou.

Nieteenstaande die feit dat in die Dorpsregulasies van 1857 reeds voorsiening gemaak is vir die pos van 'n waterfiskaal, is daar nêrens gedurende die eerste vyf jaar in enige dokument melding gemaak van so 'n persoon nie. 75) In Maart 1863 versoek die waarnemende Goewermentsekretaris, J.H.Visage, landdros F.K. Maré om met 'n heemraad die dorp te inspekteer om te sien in hoeverre dit noodsaaklik sou wees om 'n wykmeester aan te stel wat o.a. ook sy oog oor die waterwerke moes hou.76) Hierdie instruksie is gegee na aanleiding van 'n aansoek van die landdros dd. 5 Februarie 1863, vir die aanstelling van 'n wykmeester,77) omdat die waarnemende waterfiskaal, /vir

72)Staats Courant,No.95,dd. 2Mei 1865.
73)Staats Courant,No.38,dd. 6 Aug.,1858,bl.7.
74)T.A., R.2257/58. 75) Sover skrywer kon vasstel.
76)T.A.. Pa.No.2. 77) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir die geringe loon hom toegeken, onmoontlik nie die werk wat van hom vereis is, kon doen nie. 78) Hieruit blyk dit, dat die waarnemende waterfiskaal hierdie werk as 'n deeltydse pos aangeneem het, vandaar die geringe beloning.

Op 5 Maart 1863 keur die Uitvoerende Raad die pos vir Dykmeester goed teen 'n salaris van 320 Riksdalers 79) en is William Musgrove op die landdros se aanbeveling aangestel, maar moes terselfdertyd ook diens doen as geregsbode. 80)

'n Paar jaar later is die amp van waterfiskaal weer verbind met die van skutmeester met die ontslag van J.F.Merz as waterfiskaal 81) en die aanstelling op 11 Januarie 1865 van Nicolaas Hendrik van der Westhuyzen as beide skutmeester en waterfiskaal. 82)

Met die verloop van tyd moes die toesig oor die dorpswater bepaald baie verslap het en die bestaande regulasies gladnie stip nagevolg en streng toegepas gewees het nie, want in Augustus 1877, waarsku Paul Perrin die inwoners van Pretoria teen die gevare van tifus en ander gevaarlike siektes 83) aagevolg xxxxxxx van die vuil waterwat van die kamp Klipbult kom 84) waar die Engelse troepe gestasioneer was.

Die gevaar van besmetting was so groot dat hy aanbeveel het dat 'n Sanitêre Kommissie dadelik in die lewe geroep sou word, tensy die owerheid die polisiere ulasies strenger maak teen/Ibesmetting van water en die vore skoon gehou is. Verder het hy fonteine aanbeveel vir drinkwater omdat Pretoria homself geleen het aan die ideel. Ook het hy voorgestel dat 'n fontein die plek van die kerk moes inneem op die Markplein. 85)

'n Paar weke later het die redaksie van "De Volksstem" te velde getrek teen die bestaande euwels in verband met die dorpswater: "a large volume of pure and limpid water, amply sufficient for the wants of the inhabitants, flows down to the town with a steady fall. It is only x in the town that the deterioration begins. The so-called water furrows of Pretoria are simply a disgrace to any civilized community." 86)

/In

78) T.A., Pa. No.30.
79) T.A., Pa. No.2.
80) T.A., Pa. No.30
81) T.A., Pa. 31, brief No.213.
82) T.A., R.49/65. Staats Courant No.80 van 17 Jan.,1865.
83) "De Volksstem" van 29 Aug.,1877.
84) "De Volksstem" van 12 Sept.,1877.
85) "De Volksstem" van 29 Aug., 1877.
86) "De Volksstem" van 12 Sept.,1877.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In baie gevalle is vuilgoed en afval in die water gegooi, het eende en varke daarin geboer en was dié vore so vervalle dat dit niks anders as modderslote was nie.

Die regering van Sir Theophilus Shepstone wat op 12 April 1877 aan bewind gekom het as gevolg van die annexasie van die Transvaal, het 'n Munisipale liggaam in die lewe geroep, maar hulle het niks gedaan om die toestand te verbeter nie. 87)

Hierdie nalatigheid aan die kant van die inwoners van Pretoria kan deels toegeskryf word aan die feit dat hulle alle belang in die welvaart van die Dorp verloor het, omdat dit in vreemde hande was. Later, egter, sou dinge weer verbeter.

0000000000000000000000

(d) HOE DIE VERNAAMSTE PUBLIEKE GEBOUE TOT STAND GEKOM HET.

Dis al dikwels deur historici gesê, dat die oorsaak waarom die ou Voortrekkers te midde van al die tienduisende barbare diep in die hinterland, honderde myle ver van die naaste beskaafde dele van Suid-Afrika, gelouterd en suiwer van ras uit die bloedige pioniersstryd tevoorskyn gekom het, gesoek moet word in hul godsdiens, wat hul baak en rigsnoer was en waarvan hul krampagtig vasgekleef het soos 'n drenkeling aan 'n strooihalm, wetende dat dit hul enigste vertroosting en redding kon wees in al die beproewings wat hul moes deurmaak.

Dit is die verklaring waarom die Voortrekkers hul dorpe aangelê het soos uitgedruk in die volgende plastiese beskrywing deur Stuart: "Het eerste gebouw dat de Hollandsche Afrikanen by het aanleggen hunner steden of dorpen daarstellen, is de Kerk. Daaraan werkt een ieder en brengt het zyne toe, even instinkmatig en onvermoeid, als de byen hunne korf van het noodige voorzien. De Kerken zyn hoogst eenvoudig, maar hecht en doelmatig en ruim gebouwd. Ik heb er drie bezocht enreken dat ieder 7 á 800 toehoorders zal kunnen plaats geven." 88)

Ook indie geval van Pretoria is Stuart se woorde direk van toepassing, want die eerste vername gebou wat daar verrys het, reeds voor die stigting van die dorpie en toe dit nog maar in die "Kerkplaasstadium" was, was die kerkgebou van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika. Die vader van die gebou wat daar in die middel

/van

87) "De Volksstem", 12 Sept., 1877.
88) J. Stuart: "De Hollandsche Afrikanen", bl. 213.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die plein, die sentrum van die toekomstige dorp, op gerig is, was ds. Dirk van der Hoff, die eerste predikant wat uit Holland gestuur is om onder die Boere in die Transvaalse Republiek te kom arbei, watop 25 Mei 1853 te Potchefstroom aangekom het en 89) een van die grondleggers van Pretoria.

Op 7 Junie 1854 besluit die Derde Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in die Transvaal, wat toe te Rustenburg in sitting was, om 'n vyfde gemeente te stig op die aangekoopte plaas Elandspoort. 90)

Skaars twee maande later rig ouderling J.N.Smit 'n brief vanaf Magaliesberg in die vorm van 'n kollektelys aan die Vrystaatse publiek waarin hy hulle om bydraes versoek vir die bou van hulle nuwe kerk op Pretoria Philadelphia. 91) Dan meld hy verder dat hul reeds met die bouwerk begin het.

Die bouery het baie langsaam gevorder en moes byna twee en 'n half jaar geneem het om te voltooi, want op 3 September 1856 het M.J.Vijoen en B.Badenhorst op die plaas van H.A.Pretorius(Bart) aangekom, as afgevaardigdes om die timmerhout, wat hy onderneem het om aan Generaal M.W.Pretorius te lewer vir "De Groote Gebou,"92) te inspekteer. Hul opinie was dat die kapper wat 2½duim dik by 5 of 6 duim hoog was i.p.v. 3 by 4 duim, volgens afspraak, te swak was, maar dat hy dit in ieder geval sou aflewer.

Verskeie persone het op 'n lys geteken wat hul beloof het om by te dra vir die bou vandie kerk. So het Hendrik Ras "geteken" vir ses kapstukke en is hy op 1 September 1856 aangesê deur J.H.Visage, die privaat sekretaris van Generaal Pretorius om dit dadelik af te lewer, daar die ~~mure~~ mure van die gebou reeds klaar was. 93)

Begin Desember van dieselfde jaar was die gebou darem so ver klaar dat H.P.J.van der Walt besig was om die vloer in te sit. Hy kla sy nood aan Visage in 'n brief gedateer 5 Desember 1856: "over de helfte(vloer) is klaar en hier is nimant wat hier kan siet na de werk"94)

Hendrik Vermeulen, messelaar van ambag en sy broer Kootjie, wat ook kon messel en wat altwee aan die Kerkplein woonagtig was, het hulle deel bygedra om die mure op te trek.

/Eindelik

89) T.A., R.538/53.
90) T.A., R.643/54.
91) Bylaag III.
92) T.A., R.1183/56.
93) T.A., R.1181/56.
(94)T.A., R.1253/56.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Eindelik was die kerk gereed, 'n beskeie kruisvormige kerkgebou van steen, met trapgewels en 'n grasdak waaronder eers 'n laag latte aangebring is op die balke, 95) maar instaat om sowat 700 mense te bevat.

Op Sondag 22 Februarie 1857 is die nuwe kerk op die Kerkplein ingewy deur ds. Van der Hoff. 96) Die inwyding het buiten verwagting goed van stapel geloop, want daar was oor die 200 waens om diekerk geskaar, behalwe 'n menigte mense te perd. Die gebou was so stampvol dat sommige selfs bo-op die balke moes sit. Met hierdie geleentheid is daar 114 kinders gedoop en ruim honderd lidmate voorgestel. Na die afloop van die godsdiens op Maandagmiddag, is die Vierkleur vir die eerste keer daar gehys. 97).

Op 27 Januarie 1860 is daar 'n begin gemaak met kollektes vir die bou van 'n pastorie 98) en presies 'n jaar later is ds. A.J.Begemann as eerste predikant van die gemeente bevestig. 99).

Aan die begin van 1867 gee president M.W.Pretorius, wie se eiendom dit was, transport van die Kerk en Kerkplein, wat tot dusver bekend gestaan het as die Markplein, aan die Kerkraad van die Hervormde Gemeente van Pretoria. 100)

In die vroeë sewntigerjare was die gebou so bouvallig dat daar voorstelle ingekom het om 'n nuwe gebou op te trek en nie weer in die middel van die plein nie,101) aar die ou gebou is weer in 1876 gerepareer, terwyl die erkraad beraadslaag het om 'n nuwe kerk te bou. 102)

Asgevolg van die bedanking van ds. Begemann word s. H.S.Bosman op 15 Julie van dieselfde jaar bevestig s predikant aldaar.

In 1882 is die eerste kerkgebou afgebrand 103) maar die volgende jaar sou 'n nuwe gebou in sy plek verrys.

DIE GEREFORMEERDE KERK.

Ds. Postma wat op 10 November 1858 te Rustenburg aangekom het, stig die Gereformeerde Kerk op 11Januarie 1859 die aanhangers waarvan afgeskei het van die Hervormde Kerk omdat hulle nie die Gesange wou erken nie.104)

/Die

---

95) T.A.,R.265/62.
96) Dr.S.P.Engelbrecht:"Kerkgeschiedenis.."dl.II bl.3.
97) T.A., R.1362/57.
98) T.A., R.3507/60.
99) T.A., R.4230/61.
100) T.A., R.382/67.
101) De Volksstem, 2 Oktober 1873.
102) De Volksstem, 1 Januarie 1876.
103) Dr.S.P.Engelbrecht:" Geskiedenis.."2e druk,bl.318.
104) Ds. F.Lion Cachet:"De Worstelstryd der Transvalers" (1882) bl.403. T.A., R.20/59(kopie)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die eerste gemeente is te Rustenburg gestig en 'n wenig later te Pretoria. Laasgenoemde gemeente het so snel uitgebrei dat ds. Postma op 24 Januarie 1863 'n brief rig aan die Uitvoerende Raad waarin hy versoek dat die regering 'n welgeleë stuk grond in Pretoria sou skenk vir die bou van 'n kerk en pastorie vir die Gereformeerde Gemeente daar. 105)

In April 1863 vra hy vir 'n blok erwe op die hoek van Skinner- en Markstrate vir dieselfde doel, 106) met die gevolg dat die waarnemende president Van Rensburg Landdros F.K.Maré instruksies gegee het om aan F.A.Venter en H.J.Holsthuizen, Kerkraadslede van die Gereformeerde Gemeente, transport te gee van die blok erwe No.337 tot 341, 367 tot 371, 107) d.i. op die plek waar die Gereformeerde Kerk vandag staan.

Sowat drie jaar nadat A. du Toit die erwe aangewys het, 108) het die Kerkraad op 14 November 1866 tenders gevra vir die bou van die kerk. 109) K.M.Arnoldi wie se tender aangeneem is het dadelik met die bouery begin, maar dit blyk dat die werk maar baie langsaam gevorder het, want die volgende jaar doen die boukommissie aansoek by die Volksraad om vrygestel te word van kommandodiens, sodat hul kon voortgaan met die bouwerk 110) en die jaar daarop raak Arnoldi in die moeilikheid omdat hy erwe, waarop die regering beslag gelê het, oorgemaak het aan verskeie persone vir werkloon vir die bou van die kerk. 111)

Eindelik is die tweede Hollandse Kerk in Pretoria gereed 112) en word ds. H.J.R. Swart, die latere staatsekretaris, die eerste leraar. 113)

## DIE WESLEYAANSE KERK

Die Wesleyaanse kerk op Pretoria het sy begin gehad in die Sondagskool in die lokale goewermentskool, gelei deur die goewermentsonderwyser J.M.Jackson, 114) wat later ook daar godsdiens gehou het. 115)

Eerwaarde George Weavind, wat intussen na Pretoria gekom het as Wesleyaanse predikant, volg die voorbeeld /van

105) T.A., R.83/63.
106) T.A., R.40/63.
107) T.A., R.454/63.
108) Ibid.
109) Staats Courant No.175 van 14 Nov., 1866.
110) T.A., R.488/67.
111) T.A., R.456/68.
112) Vgl. Dr. S.P. Engelbrecht se "Geskiedenis", 2e druk, bl318.
113) Ds. F. Lion Cachet: "De Worstelstryd der Transvaalers" (1882), bl.393.
114) T.A., R.1240/66.
115) T.A., R.308/67

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die twee Hollandse kerke en doen aansoek in 1873 by die Uitvoerende Raad vir 'n erf, waarop hulle 'n kerk kon bou, maar die antwoord was dat die regering geen mag het om oor grond te beskik nie. 116) Gedurende die jaar 1875, egter, is 'n mooi kerkgebou opgerig.

DIE BERLYNSE SENDINGGENOOTSKAP.

In April 1866 doen A Merensky uit naam van die Berlynse Sendinggenootskap aansoek by die Uitvoerende Raad om 'n sendingstasie te Pretoria te stig om onder die kaffers te arbei.

Die regering,egter, was nie baie angstig om aan hierdie versoek te voldoen nie, sodat Merensky in Augustus van dieselfde jaar weer 'n dringende versoek aan die regering rig, wat nou hul toestemming gee. 117)

Die heer C.Knothe begin nou die sendingstasie en lê dit aan naby Daspoort op vier erwe deur die genootskap gekoop, waartoe, op versoek van Dr.Wangermann, die Superintendent van die Genootskap wat in 1867 deur die Transvaal gereis het, nog 'n blok van twaalf erwe buite die grense van Pretoria, toegevoeg is, as 'n geskenk van die regering. 119)

Een van die sendelinge, Sachse, wat baie begaafd was in medisyne, het spoedig so 'n naam verwerf, dat toe hy verplaas moes word, daar selfs 'n opwagting by dr.Wangermann gemaak is met die versoek om hom daar te hou "daar de man voor ons onmesbaar is." 120)

Van die ander kerkgenootskappe was daar in die vroeë sewentigerjare ook nog die St. Alban's Kerk, waarvan Geo. Sharley predikant was 121) en die Anglikaanse kerkie in Kerkstraat Wes onder leiding van Eerwaarde Law.

DIE GOEWERMENTSKANTOOR.

Uit die briewe van die goewermentsekretaris en van die president self aan landdros Du Toit gedurende die eerste maande van die jaar 1858, blyk dit dat instruksies aan laasgenoemde gegee is om onverwyld voort te gaan met die bou van 'n nuwe landdroskantoor. 122).

/Du Toit

116) Uitvoerende Raadsbesluite, art.105 van 15 Jul.,1873.
117) T.A., R.842/66.
118) U.R.2, art.4 van 5 Junie 1867.
T.A., R.456/67.
119) Ibid. Sien ook R.454/68.
120) T.A., R.650/67 en R.682/67.
121) De Volksstem, 2 Jan.,1875.
122) T.A., Pa.1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Du Toit, egter, is bepaald die minimum van inligting verskaf, want hy doen skriftelik navraag na die ligging van die kantoorerf, in antwoord, waarop die goewermentsekretaris Moll, hom ~~wat~~ op 2 Mei 1858 skryf:"U'd. dient te weten dat het Kantoor-erf is, dat erf hetwelk aan den onderkant van het plein ligt aan deze zyde van de straat".123)

Intusse het Du Toit die veldkornette aangesê om kaffers te verskaf om die stene en klippe in gereedheid te bring, "maar schynt een doodse roepstem." 124) Die gevolg was dat hy sy seuns ingespan het om sowat sestig vragte klippe te breek.

Weer skryf Du Toit aan die president waarin hy hom meedeel dat hy slegs een tender vir die klippe en een vir die stene ontvang het; dat die ouderling die erf betwis wat die president aangewys het vir die kantoor; dat hy noodsaaklik moes weet hoe groot die kantoor moes wees, hoe dit gebou moes word en of hy "het voor een ronde zom kan laten maken; door het aan een persoon op te dragen."125)

Uit 'n hele reeks van klaagbriewe aan die president en goewermentsekretaris gerig, is dit duidelik dat die hele saak van die oprigting van die kantoor aan die landdros oorgelaat is ,want geen plan is hom gegee waarvolgens dit gebou moes word nie, geen voorsiening vir arbeid is gemaak en geen geld is tot sy beskikking gestel om die materiaal aan te koop nie. Verder is dit ook opvallend dat tenders gevra is vir ~~in~~die lewering van die nodige materiaal sonder enige spesifikasie wat betref grootte van kantoor, manier van bou ens.

Nadat reeds veerti vragte klippe aangesukkel is, is die bouery weer uitgestel want die inwoners van Pretoria het geen gehoor gegee aan die oproep van die landdros om die nodige hulp.

Om die nodige geld te verkry vir die gebou versoek Du Toit die president om die erf met voorgestelde gebou as sekuriteit te gee vir 'n lening. 126)

Meer as twee jaar later eers word daar 'n kontrak gesluit tussen die regering ~~xxx~~ en Frederik Bootes vir die lewering van 100 vragte klippe teen 3 Rds. per vrag, vir die aanbou van die goewermentsgebou. 127)

In daardie dae het alles die kreeftegang gegaan, want niks was so volop as tyd nie. Geen wonder dus, dat

/pas

123) T.A., Pa.1,dd.2 Mei 1858.
124) T.A., Pa.30, dd. 1 Maart 1858.
125) Ibid., 20 Maart 1858.
126) Ibid.,21 April 1858.
127) T.A., R.4110/60.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pas op 21 Junie 1864 tenders gevra is vir die oprigting van die goewermentsgebou wat sou bestaan uit sewe vertrekke nl. 'n goewermentskantoor, raadsaal, landdroskantoor, prokureur-generaalkantoor, 'n weeskamer, drukkery en poskantoor.

Die fondament, wat van klip moes wees, moes tot twee voet bo die grond wees, met goedgebrande steen muure elf voet tot onder die balke en agtien duim dik. Daar is voorsiening gemaak vir elf vensters van 20 ruite elk, elk 8 by 10 duim, asook twee buite en sewe binne deure. Die boustowwe en materiaal sou deur die aannemer self gelewer word. 128)

Van 'n hele reeks tenders wat teen die end van Junie ontvang is, is die van William Skinner en Devereux, wat onderneem het om die gebou binne nege maande af te lewer vir die som van £680, aangeneem. 129)

In November 1866, dus sowat twee jaar nadat 'n aanvang met die gebou gemaak is, word daar in die Volksraad voorgestel om £1000 te stem vir daardie doel. 130)

Landdros C.Moll was intussen al byna radeloos weëns finansiële verleentheid, want hy het persoonlik al groot somme geld voorgeskiet 131) en nou is hy genoodsaak om die president te vra "niet te vergeten aan den heer van der Linden te willen zeggen dat daar hy nu toch bezig is om Noten te teekenen, aan my by zyne terugkomst een voorschot te geven voor de kosten van hetGouvernementsgebouw," 132) want daar die gebou byna voltooid was, moes daar daeliks uitbetalings gedaan word.

Terwyl die bouery nog aan die gang was, is op voorstel van goewermentsekretaris J.W.Spruyt en landdros Moll die binnemuur in die raadsaal uitgeslaan en 'n paar kantore agteraan die goewermentsgebou aangebou, een waarvan, 'n ruime kantoor vir die president se privaat gebruik. 133)

Hierdie gebou het gestaan op 'n deel van die grond wat tans beslaan word deur die ou Goewermentsgebou aan die plein, ook bekend as die "Raadsaal". Dit was 'n langwerpige gebou onder grasdak, met 'n veranda aan die kant wat op die plein uitgesien het, waarskynlik met die bedoeling om 'n sekere mate van beskerming te verleen teen die somerhitte en reën.

/Met

128) Staats Courant No.54 van 21 Junie 1864.
129) T.A.,R.428/64.
130) T.A.,R.V.R.7, Volksraadsbesluit,art.621 van 2 Nov.'66.
131) T.A., R.1154/66.
132) T.A., R.1154/66.
133) T.A., R.1151/66.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die aanbou van 'n tronk vir die dorp het dit nie veel sneller gegaan nie, want reeds op 13 Oktober 1857 skryf die goewermentsekretaris aan landdros Du Toit dat skikkings getref sou word om 'n gevangenis te Pretoria op te rig, 134) terwyl die Uitvoerende Raad eers in Oktober 1864 besluite het instruksies aan die landdros te gee om tenders te vra vir die bou daarvan.135)

Die gehoutjie wat agter die Goewermentsgebou opgetrek is, was elf voet breed by dertig voet lank en "10 voeten hoog onder de Balke", met vier kamers. Die mure was van klipen steen en die dak van gras. Daar was een buitedeur en 'n aantal klein venstertjies met yster tralies. 136)

Sowat vyf jaar later was die tronk so bouvallig dat landdros Skinner by die president aanbeveel het om 'n nuwe te bou. 137) Op 24 Junie antwoord goewermentsekretaris, dat hy verseëlde tenders kon vra vir die bou van 'n nuwe tronk vir Pretoria, 138) met die gevolg dat die tender van William Mc.Donald en G.Taylor vir £400 aangeneem is. 139) Die nuwe tronk se aanbou het, egter, eers in Oktober 1873 'n aanvang geneem, 140) van 'n grootte "voldoende aan de behoeften van het oogenblik." 141)

Terloops kan hier gemeld word dat een of ander winkelier altyd onder kontrak was met die regering om rantsoene vir die prisoniers en ander benodighede vir die tronk asook padkos vir konstabels te verskaf wat maandeliks deur die regering vergoed is. So was winkelier R. Southwaite die kontrakteur in die sewentigerjare.

Terwyl Du Toit nog besig was met die opmetings van Pretoria het 'n klein aantal winkeliers wat tevore daar deur was met hulle smouswaens, hulle gaan vestig op afgemete erwe waarvan John R.Lys 142) en William Austin van die eerste was. 143) Lys het Prinsloo se plek oorgeneem, waar nou die Standerd Bank staan en Austin die plekkie van Philip Bronkhorst op die hoek waar die Algemene Poskantoor nou is. 'n Tydjie later het Musgrove, Broderick e.a. hulle ook te Pretoria gevestig as winkeliers.

/In

134) T.A., Pa. 1, dd.13 Okt.,1857.
135) Ibid. Sien ook Uitv.Raadsbesluite, art.27,dd.8Okt.'64.
136) T.A., Pa. 2.
137) T.A.,R.242/69.
138) T.A.,BB.536/69.
139) T.A., R.823/69. en T.A., BB.693/69.
140) T.A., Uitv.R.Besluite art. 168 van13 Okt.,1873.
141) T.A., E.V.R. 11,Volksraadsbesluite,art.20 dd 3/3/73.
142) Staats Courant No.10 van 18 Des.,1857.
143) Transvaal Argus, van 14 Augustus 1866.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die sewentigerjare was daar 'n taamlike groot aantal besigheidshuise soos bv. die Kaapsche Handelsbank op die Kerkplein, geopen in die laaste helfte van 1873 met J.C.Burrange as bestuurder 144) en later J.F.Ziervogel; die negosiewinkel van Kirsten en Kie. ook op die plein, 'n takwinkel van Wm. Mc,Claren van Heidelberg; die algemene handelaars Kisch en Harsant; Schifman en Kie. en H.Russell. Dan was daar 'n aantal hotelle, bv. die Masonic, die Royal, met F.Shannon se bakkery in die agterplaas en die Edinburgh Hotel met sy biljarttafel,almal sentraal geleë.

Verder was daar 'n paar prokureurs wat terselfdertyd ook venduafslaers was, soos M.de Vries en Preller en De Villiers in "Central Chambers",en S.J.Meintjes wat sy kantoor in Arcadia gehad het. 145) Teenoor die Kaapsche Handelsbank in Kerkstraat was die tentmakerswinkel van R.Giles.

In 1855 reeds het Kommandant-generaal Pretorius die begeerte gehad om te voorsien in die behoeftes van 'n meule en onderhandel met 'n sekere W.J.Pretorius aan Valschrivier in die Vrystaat om sy meule oor te neem en in Pretoria op te sit. 146)

Selfs landdros Du Toit het in 1857 sterk planne gehad om 'n meule van Henwood te koop, 147) maar die prys was bu te sy bereik.

Enige tyd later was daar twee meules in die dorp, die een in die omgewing van Wessel Schutte se plaas langs die Apiesrivier 148) en die ander een naby die teenwoordige Leeubrug en wat sy maalkrag gekry het deur die dorpsvoor se water, wat langs Kerkstraat afgestroom het. 149)

In September 1877 was 'n sekere Immink besig om 'n bierbrouery te bou by die noord-ooste hoek van die dorp, net oorkant die Apiesrivier. Dit sou ook 'n biertuin hê vir gesellige byeenkomste. 150) 'n Paar jaar tevore reeds is daar ook 'n sodawaterfabriek opgerig deur Joseph Gaisford.

oooooooooooooooooooo

/(e)Die

144) De Volksstem, 5 September 1873.
145) Ibid.,2 Jan.,1875.
146) T.A., R.898/55.
147) T.A., R.1326/57.
148) T.A.,R.1417/69.
149) T.A.,Uitv.R.Besluite,art.77 van 13 Maart 1877.
150) De Volksstem, 12 Sept.,1877.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## (e) DIE KERKHOF.

Die kwessie van 'n kerkhof is vir die eerste keer aangeroer in Augustus 1861 deur Carl F.Preller, wat reeds in 1856 hom te Pretoria gevestig het op die hoek van Kerkstraat en die plein, waar later die Alexandragebou verrys het. Hy het besef dat so 'n plek baie noodsaaklik was vir 'n groeiende dorp en het die Uitvoerende Raad versoek om voorsiening te maak in hierdie behoefte. 151)

Presies ses jaar later, egter, het die inwoners van Pretoria eers sover gekom om 'n publieke vergadering te belê, by welke geleentheid 'n "Comitee" gekies is, bestaande uit die here S.J.Meintjes, ds. Swart, P.Marais, A.de Vries, H. vd. Linden, W. Skinner, J. Preller, ds. A. J. Begemann en H.Struben, wat moes optree as afgevaardigdes om twee blokke erwe, strate ingesluit, van die Uitvoerende Raad te verkry vir die doel van 'n algemene begraafplaas vir blankes. 152)

Die Komitee het fluks gewerk, want drie dae later op 30 Augustus 1867 het hulle 'n reeks regulasies opgetrek bestaande uit sestien artikels, wat hulle voor die Uitvoerende Raad sou lê vir goedkeuring. 153) Dit het o.a. bepaal dat die Komitee beheer sou hê oor die kerkhof; dat transport van die twee blokke erwe op hulle oorgemaak sou word; elke familie sou 'n stuk grond 21 voet in die vierkant kry teen 'n betaling van £5; geen ander kerkhof vir blankes sou in die dorpsgronde toegelaat word nie; elke familie moes hulle grafte in orde hou anders sou die Komitee dit doen teen betaling; die Komitee sou die kerkhof in orde hou uit die fondse. 154)

'n Paar maande later, nog voordat die kerkhof offisiëel toegestaan is, was daar al groot onenigheid tussen die verskillende Kerke in verband met die inwyding. M.J.Viljoen, lid van die Uitvoerende Raad, probeer 'n oplossing te vind deur die president 'n voorstel te maak dat die kerkhof onder die verskillende gemeentes verdeel moes word en dat elke kerklike gemeenskap dan sy eie deel op sy eie tyd deur sy eie predikant laat inwy. 155)

In Januarie 1868 word die Kerkhofregulasies deur die Uitvoerende Raad goedgekeur 156) met enige wysiging wat 'n paar maande later aangebring is. 157)

/Op

151) T.A., R.4537/61.
152) T.A., R.881/67.
153) T.A., R.896/67.
154) T.A?, R.896/67.
155) T.A., R.1087/67.
156) T.A., U.R.2., art. 37 van 29 Jan., 1868.
157) T.A., R.568/68.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 29 Junie van dieselfde jaar is op 'n publieke vergadering besluit om 'n muur om die kerkhof te bou 158) om te verhoed dat die graftes beskadig sou word deur vee.

Maar soos dit met byna alles gaan is die vuur en ywer waarmee die goeie saak aangepak is, ook weer spoedig geblus, want op 2 Oktober 1875 het "De Volksstem" te velde getrek teen die skandelike toestand waarin die kerkhof verkeer het :"Geen boom of struik is er op te zien. Het vee heeft er vryen toegang toe bykans van alle windstreken." Verder is die graftes vertrap, grafstene omvergegooi en groot slote daardeur gespoel. Die koerant het geëis dat die Komitee rekenskap sou gee van die intekengelde. 159)

Vandag het daardie kerkhof baie groot historiese waarde omdat groot seuns van Suid-Afrika daar begrawe lê soos wyle President T.F.Burgers, President Paul Kruger en generaal Louis Botha, om maar net 'n paar te noem.

## (f) DIE BOTANIESE TUIN.

Carl F Preller was een van die inwoners van Pretoria wat ver vooruitgesien het en wat nie weinig bygedra het tot die algemene vooruitgang van die dorp nie. Hy het aangedring op meer en groter pleine; op 'n kerkhof; en nou versoek hy die Uitvoerende Raad om enige erwe waarop 'n botaniese tuin kon aangelê word, maar die Raad se antwoord was datdaar nie meer sodanige erwe bestaan het nie, maar dat buite die dorp 'n stukkie grond aangewys kon word. 160)

Dertien jaar later eers is die saak van die botaniese tuin weer aangeroer en wel deur president Burgers, wat die toestemming van die Volksraad gekry het om so 'n tuin aan te lê onder regeringstoesig. 161) vir welke doel 18 erwe toegeken is tesame met 'n jaarlikse toelae van £100 vir drie jaar as salaris van opsigter en onderhoud van die tuin. 162)

Hierdie tuin is aangelê tussen Visagie- en Marébstrate, langs die oostekant van Markstraat op wat jare tevore deur A.du Toit geoormerk en aangeteken is as "die meulerf met reg op water." In 1878 het hierdie tuin die naam van Burgerspark gekry.

/Vandag

158) T.A., R.727/68.
159) De Volksstem, 2 Okt., 1875.
160) T.A., U.R.1., art. 41 van 1 Aug., 1861.
T.A., R.4537/61.
161) T.A., Volksraadsbesluite, art. 91 van 8 Okt., 1874.
162) T.A., E.V.R. 11, art. 91 van 8 Okt., 1874.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vandag nog bestaan daar verskil van opinie omtrent die ligging van die oorspronklike botaniese tuin. 'n Brief van mev. Dr. W.J.Leyds aan die heer J.Leyds te Doetichem, egter, werp heelwat lig op hierdie kwessie. Sy skryf:"Voor ons huisje is den vierkante ruimte met gras en onkruid begroeid, waar wa/s vroeger de botanische tuin, door Burgers aangelegd. De Engelschen hebben echter de planten er uitgehaald en op een andere plaats gebracht, waar ze nu staan te verrotten. Nu wordt die ruimte voor ons huis gebruikt voor cricket en lawn tennis".163)

Die oorspronklike ligging van die botaniese tuin word verder bevestig deur 'n voetnoot by gemelde brief 164):"Henige jaren nadat dit geschreven werd is op het bewuste terrein door de regeering een park aangelegd dat den naam heeft ontvangen van Burgers Park." 164)

Teen die end van die jaar 1874 is verskeie vry gifte van allerlei soorte boom-, blom- en struiksade ontvang o.a. van Mc.Gibbon van die Kaapse Botaniese tuin, van J.C.Preller van Pretoria en van die heer Brink by die Fonteine. 165)

Vroeg die volgende jaar kon die lokale koerant al rapporteer dat goeie vooruitgang gemaak is met die kruidtuin, want verskeie manne was aan die werk en die terrein is reeds vir 'n groot gedeelte ingesluit met 'n sloot en wal. 166)

As Kurator van die tuin is 'n sekere Mc.Lea aangestel 167) wat goeie werk verrig het, want in Mei het die tuin al besoekers begin aanlok. Verskeie soorte bome is geplant, blomme, roosheγge en struike en gewasse het hulself begin vertoon. 'n Deel is selfs gebruik vir die nuutste en beste soorte groente.

Op daardie tydstip het die werk feitlik stilgestaan weens 'n te kort aan arbeiders, alhoewel daar geld genoeg was. Die meeste boompies moes verplant word, maar daar was geen voorbereide grond, gevolglik moes die Superintendent sierbome begin verkoop 168) en later selfs gratis uitdeel. 169)

/Agevolg

163) "Onze Erste Jaren in Zuid-Afrika 1884-1889"(Intieme Corespondensie van Mevrouw Louise W.L.Leyds en Dr. Willem J.Leyds), Dordrecht, 1938. Brief No.9,bl.39.
( Hierdie boek is goedgunstiglik tot skrywer se beskikking gestel deur Prof.G.F.Engelbrecht,daar dit nie 'n publieke uitgawe is nie.)
164)"Onze Eerste Jaren",bl.39,brief No.9,voetnoot 1.
165) "De Volkstem",26 Des., 1874.
166) Ibid.,30 Jan.,1875.
167) T.A.,Uitv.R.Besluite,art.61 van 2 Maart 1875.
168) De Volkstem,8Mei1875.
169) Ibid., 4 Sep.,1875.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Asgevolg van 'n swak finansiële toestand was daar sprake dat die Kurator afgedank sou moes word, maar 'n dertigtal burgers wat baie belanggestel het in die welvaart van die dorp het in Junie 1875 indie Raadsaal vergader en besluit om intekengeld te kollekteer en die Kurator aan te hou. 170) Hier is ook 'n Komitee vir die "Kruidtuin" gekies wat die beheer van die tuin feitlik op hulle skouers geneem het.

Hulle vergader enige maande later in die huis van D.M.Kisch waar hulle £57-11/- kollekteer. Daar is ook besluit om die heer Linke te employeer as kurator teen £200 per jaar.171)

Twee hooflane is aangelê wat die tuin in vier verdeel het. Die laan wat van oos na wes geloop het, is met swart akkasië beplant en die een van noord na suid met eike. Rotstuine is ook aangelê.

Gedurende die volgende paar jaar is alle belang in die botaniese tuin verloor, asgevolg van die Sekokoenie oorlog en die anneksasie van die Transvaal deur Engeland. Eers in die tagtigerjare het die regering die park op nuut aangelê en is dit Burgerspark genoem ter ere van President Burgers. 172)

Vandag is daardie botaniese tuin een van die groot sierade van die administratiewe hoofstad van die Unie.

/Hoofstuk IV

---

170) De Volkstem, 19 Jun.,1875.
171) Ibid., 2 Okt.,1875.
172) "Onze Eerste Jaren",bl.39, voetnoot 1.
vgl.Dr.S.P.Engelbrecht:"Thomas Francois Burgers", ( Pretoria, 1933),bl.142.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK IV

# LOKALE BESTUUR.

## (a) DIE LANDDROS AAN DIE HELM.

Gedurende die eerste jare was daar feitlik geen wetgewing in die Suid-Afrikaanse Republiek nie. Die "Dri en Dertig Artikelen",op 9 April 1844 te Potchefstroom opgestel en op 23 Mei 1849 goedgekeur deur die Volksraad by Derdepoort, was omtrent al in die rigting van 'n grondwet. 1)

In hierdie kode van wette was die idee van plaaslike bestuur alreeds te bespeur. Art. 25 lui bv. "Elke burger der Rpy. zal verplicht zyn, wanneer hy uit de ene wyk vertrekt, de veldcornet daarvan kennis te geven" en art. 32: "Onwilligers moeten ten kantore van de landdrost worden bezorgd."

Met die Volksraadsitting by Elandsrivier in September 1855, word 'n memorie ingehandig vir 'n komitee om 'n nuwe Grondwet te ontwerp. Aangesien die Pretorius-volgelinge hier in die meerderheid was, is 'n kommissie van drie lede aangestel waarvan Paul Kruger een was en Jacobus Stuart, sekretaris.

Nadat verskillende veranderinge aangebring is, word die nuwe grondwet aangeneem deur die Volksraad wat in Desember 1856 te Potchefstroom sitting gehad het. Die gevolg was 'n sterk sentrale bestuur met Pretorius as president. 2)

In Februarie 1858 word die grondwet deur 'n Kommissieraad te Rustenburg hersien 3) en aangeneem. In hierdie grondwet was daar definitiewe beginsels van plaaslike bestuur te bespeur, want art. 173 lui: "Het grondgebied is voor dat bestuur verdeeld in distrikten, waartoe behoren afdelingen en steden en dorpen," terwyl art. 174 neerlê dat "Ieder distrikt wordt bestuurd door 'n landdrost; zes heemraden, met byvoeging van 'n klerk, zoveel markt- en schutmeesters als er steden of dorpen in het distrikt zyn."

Art. 187 van die grondwet van 1858 lê spesiaal neer dat aangeleenthede van 'n dorp veral behartig sou word deur die landdros: "De landdrosten worden belast met het toezigt over stad of dorp, benevens over alle onder-

/geschikte

---

1) Theal: "History",Vol.IV,bl.33
2) Ibid, bl.35.
3) Om dit meer aanneemlik te maak vir die Schoemangroep.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geschikte beampten, opdat alle zaken in geregelde orde geschieden" en art. 205 lui verder dat alle belastings deur die volk by die verskillende landdroskantore betaal moes word.

Die landdros het 'n vername rol gespeel in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, veral gedurende die vyftiger en sestigerjare. "De landdrost h heeft de regtsmagt en is de burgemeester van het district". 4) Die dorpie waar hy sy hoofkwartiere gehad het, was feitlik algeheel afhankelik van hom wat betref lokale bestuur. Hy moes optree as regter, as burgermeester, as raadgewer en vriend.

Pretoria is baie dank verskuldig aan Andries Francois du Toit, wat op 2 Mei 1857 ingesweer is as die eerste landdros daar, 5) want nie alleen het hy probeer om orde en wet te handhaaf nie, maar ook het hy alles in sy vermoë gedoen om die pasgestigte dorpie "op te vlekkeren." 6)

Die grootste diens, egter, wat hy aan Pretoria bewys het, was die opmeting van die dorp, wat hy op versoek van die president op hom geneem het en met soveel sukses volbring het. Ook het hy opgetree as siviele ingenieur deur die water vanaf die fonteine aan te lê deurmiddel van 'n groot voor tot by die Kerkplein.

Terwyl Du Toit nog in die omgewing van Rietrivier in die Vrystaat was, het hy 'n brief ontvang van die twee Kommandant-generaals M.W.Pretorius en Stephanus Schoeman met die versoek die landdrosskap van Potchefstroom aan te neem teen 'n salaris van 2000' Rds. per jaar. Du Toit,egter, het ander ideale gekoester en die aanbod van die hand gewys. In die begin van die jaar 1857 kom hy in Pretoria aan waar hy voorlopig aan die onderkant van die plein gebly het, voordat hy later na Arcadia gegaan het wat hy van president Pretorius geruil het vir 'n Basoetoeponie. In die begin het Du Toit dit maar moeilik gehad, want hy was soos hy dit self uitgedruk het "in het gras nedergezeten met een talryk kroost."

In 1855 reeds was daar 'n verstandhouding tussen Pretorius en Du Toit, wat hom sou kom help met sy planne 8) nl. om die bestaande grondwet, die "Drie-en-Dertig Artikelen" te vervang deur 'n nuwe grondwet wat voorsiening /sou

4) J.Stuart: t.a.p. bl.215.
5) T.A., R.1477/57.
6) T.a.p.
7) T.A., R.1028/56.
8) T.A., R.848/55.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou maak vir 'n sterk sentrale gesag, gevestig in 'n president, bygestaan deur 'n Uitvoerende Raad.

Terwyl Du Toit nog in die Vrystaat was het hy hom al ten doel gestel "om als een getrouwen Emigrant, voor zyn landsbroeders en mede Republikeinen de belang en welvaart van ons Zuid-Afrikaansche Republiek en volk op te neemen." 9)

Pas was hy in Pretoria of 'n landdrosverkiesing vind plaas op 20 April 1857, waar hy een van die kandidate was. 'n Gedeelte van die publiek was teen sy kandidatuur omdat dit nie geregverdig word deur die grondwet nie, aangesien hy 'n nuwe intrekker was. 10) Tog behaal hy die meerderheid 11) en op 2 Mei word hy en die heemrade behoorlik ingesweer voor die president en 'n lid van die Uitvoerende Raad volgens art. 144 van die konstitusie. 12)

Een van die landdros se moeilikste pligte was om die jaarlikse belasting in te vorder vir die staatskas. In Augustus 1857 vra Du Toit aan die president of hy die onwilliges moes dagvaar maar die president keur dit af, want as hul so min dink van hul regering om hie hul belastings vrywillig oor te handig nie "laten zy dan zich zelve regeren, of regeringloos blyve. Ik ben uitgeput en tot in den grond gerenueerd." 13)

Twee jaar later het Du Toit nog maar voor dieselfde moeilikheid gestaan en wat meer is hy kon sy eie vonnisse op die ontduikers nie toepas nie want "hier is geen tronk noch polietie, wat nu gedaan?" skry hy in sy radeloosheid aan Schubert. 14)

Landdros Du Toit het sy hande baie vol gehad, want daar was toe nog geen dorpsbestuur vir Pretoria nie, gevolglik het hy aansoek gedoen by die regering vir 'n Bode van die hof wat hom in September 1858 toegestaan is teen £30 per jaar. 15)

Intussen moes die landdros ook nog optree as skutmeester. Geen wonder dat hy op 2 Augustus 1858 aan die Veldkornet skryf dat die publiek dadelik 'n dorpskutmeester, 'n markmeester en stokbewaarder moes kies. 16) Vanaf die 12e November was die Dorpskut en mark in werking te Pretoria. 17)

Die dag daarna kry die landdros hulp in die persoon van 'n landdrosklerk wat egter eers in Mei 1859 deur /die

9) T.A., R.1227/56.
10) T.A., 1431/57.
11) T.A.1427/57.
12) T.A., R.1512a/57.
13) T.A., Pa. No.1 dd.14 Aug.,1857.
14) T.A., R.2997/59.
15) TA., Pa.No.1,dd.27 Sept. 1858.
16) T.A., R.2223/58.
17) T.A., R.2418/58.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Volksraad goedgekeur is. Hulle stel dan ook die heer Alleman van Potchefstroom aan in daardie betrekking teen £75 per jaar met die verstandhouding dat hy ook medemagasynmeester moes wees. 18)

Alleman bedank die eer en na baie gesukkel, want bekwame penvoerders was baie skaars , neem J.G.C. van Leenhof die betrekking aan. 19)

Du Toit gee die regering vir die derde keer kennis dat hy op 31 Desember 1859 sou aftree weens "ontsteldheid des lichaams". 20) Sy opvolger, F.K.Maré, wat reeds in Desember 1859 gekies is word eers in Februarie van die volgende jaar ingesweer as landdros van Pretoria. 21)

Op 6 September 1861 rig die goewermentsekretaris Stiemens 'n brief aan landdros F.K.Maré, waarin hy hom op die hart druk om art. 187 van die grondwet te handhaaf wat die pligte van die landdros aldus omskryf: "De Landdrosten worden belast met het toezigt over stad of dorp benevens over alle ondergeschikte beambten opdat alle zaken in geregelde orde geschieden," verder as die dorpsveldkornet daarom vra moet een of meer burgers as wetbeskermers aangestel word, wat onder die bevele sou staan van die veldkornet en alle hoë beamptes, teen 'n betaling van Rds.6.5.2. per dag. 22)

In Februarie 1862 is die populêre dorpsmid R.J. Jansen tot veldkornet vir die dorp gekies. 23) Op 19 Junie 1863 is Harry Filloon aangestel as "Schout" of opsigter oor polisie. 24)

Dis hoofsaaklik toe te skryf aan die streng optrede van die landdroste dat alles so ordelik gegaan het in die dorp; so is dronkenskap in 'n baie ernstige lig beskou. As enige amptenaar op straat enige tekens van dronkenskap getoon het, was dit heeltemal voldoende grond vir onmiddellike ontslag uit sy pos. 25)

Behalwe die in van belastings was die landdros ook belas met die uitreiking van lisensies. So was daar bv. winkellisensies teen £1 per jaar; dranklisensies:groot handel £6 en kleinhandel £24 per jaar; spesiale lisensies vir trou £7-10/-; slagterslisensies en vendu-afslaerslisensie elk £3.

Vanaf 29 Augustus 1858 is die landdros se las baie verlig deur die inwerkingstelling van die dorpsregulasies, 26) en verder vanaf 19 April 1864, toe 'n /munisipaliteit

18) T.A.,Uitv.Raadsbesluite,art.13 van 6 Mei 1859.
19) T.A., Pa.1 dd.30 Junie 1859.
20) T.A., R.3354/59.
21) T.A., R.3575/60.
22) T.A., Pa.2.
23) T.A., R.102/62.
24) T.A., R.352/63.
25) T.A, R.1121/65.
26) T.A., R.2257/58.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Munisipaliteit in die lewe geroep is vir Pretoria. 27) Gedurende die daaropvolgende ses maande het genoemde liggaam alle verantwoordelikheid van die bestuur van die dorp geneem, maar dit was maar kort van duur.

Ook die stigting van die "Pretoria Rifle Corps" op 6 Julie 1865 het bygedra tot beter orde en tug, want die lede self het onder baie strenge tug gestaan en gevolglik is daar 'n sterk sin vir dissipliene ontwikkel. Artikel 4 van die liggaam se regulasies "heeft te doel de bescherming van het dorp Pretoria en naby liggende omstreken." 28) Die offisiere was van die vooraanstaande inwoners van die dorp bv. Kommandant-generaal Stephanus Schoeman was kaptein, J.R.Lys was Luitenant en H.Stiemens die sekretaris. 29)

In later jare, nadatdie pligte van die landdros baie fyner uiteengesit is, het hierdie amptenaar niks meer te doen gehad met allerlei bykomstige aktiwiteite nie en hom meer bepaald toegelê op die gereg.

In siviele sake was daar die Landdroshof wat net jurisdiksie gehad het tot 'n som van £37-10/-. 30) Van vier tot ses Heemrade het saam met die landdros die Hof van Landdros en Heemrade uitgemaak met jurisdiksie bokant £37-10/-. Die hoogste hof was natuurlik die Hooggeregshof.

In kriminele sake kon die landdros boetes oplê, nie £25 te bowe gaande, tot lyfstraf vonnis van nie meer as 25 houe en tronkstraf vir nie meer as ses maande nie. Die Hof van Landdros en Heemradekon boetes oplê tot £50, tot lyfstraf van 50 houe vonnis en tronkstraf tot 3 jaar gee. 31)

Dat die landdros dus 'n baie belangrike rol gespeel het gedurende 'n lang tydperk vanaf die stigting van Pretoria om wet en orde te skep en om rigting te gee aan die ontwikkeling wat spoedig begin het op byna elke gebied, is onteenseglik. Daar was egter ook ander liggame wat hul deel bygedra het tot die ontwikkeling van Pretoria.

/ (b) Dorpsbestuur.

---

27) Staats Courant No.48, van 19 April 1864.
28) Ibid., No.106, van 18 Julie 1865.
29) T.A., U.R. 1,art.8 van 11 Julie 1865.
30) Sir John Kotze:"Biographical Memoirs", bl.437.
31) Ibid., bl.438.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## (b) DORPSBESTUUR.

Met die vergadering van 'n aantal inwoners van Pretoria op 29 Julie 1857 is 'n nuwe mylpaal bereik in die ontwikkeling van plaaslike bestuur, want hier sou die eerste dorpsregulasies opgetrek word.

Tot dusver was die landdros feitlik die alleenheerser in alle sake wat die bestuur van die dorp betref het. Nou egter, sou die inwoners vir die eerste keer kon saamspan om sekere reëls vas te lê waarvolgens gehandel moes word in die administrasie van dorpsake.

Alhoewel hier geen sprake was van 'n verkose liggaam wat die dorp moes bestuur nie, het die inwoners tog die kans gekry om die landdros te adviseer. Alhoewel die landdros die regulasies moes toepas, het die inwoners tog indirek 'n deel gehad in die bestuur, asgevolg van hul medewerking in die opstel van die elf artikels.

Artikel 10 van hierdie regulasies 32) het die inwoners die reg gegee om die inkomste en uitgawe van die dorp te reël: "Zoo is eenpaariglyk beslooten om de regeling van inkomsten en uitgaven van dit dorp aan het bestuur der inwoonders toe te kennen." Verder moes daar twee kommissarisse deur meerderheid van stemme gekies word, wat maandeliks verslag sou doen van alle inkomste en uitgawe en dit aan die landdros voorlê vir goedkeuring.

Dan bepaal art. 11 dat die inwoners die reg voorbehou om van die regulasies af te neem of by te voeg na mate omstandighede dit sou vereis.

Die spore van 'n dorpsbestuur is heeltemal duidelik te bespeur in hierdie regulasies. Nadat allerlei veranderinge aangebring is en die aantal artikels uitgebrei is tot vyf-en-dertig, 33) is die dorpsregulasies op 6 Augustus 1858 in die "Staats Courant" adverteer en op 29 Augustus 1858 in werking gestel. 34)

Hierdie regulsies is nooit deur die Volksraad goedgekeur nie, dog dis altyd as wet beskou, want in wet no. 16 van 1880, paragraaf 3 word dit weer aangehaal en hieruit blyk dat alle dorpe dit toegepas het behalwe munisipaliteite want die laaste artikel gee 'n dorpsbestuur of landdros mag om die regulasies behoorlik in werking te bring en streng te handhaaf. Die ou dorpsregulasies kon dus nie op Munisipaliteite toegepas word nie.

/Artikel

32) Bylaag IV.
33) Staats Courant No. 95 van 2 Mei 1865.
34) T.A., R.2257/58.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Artikel 1 het o.a. bepaal dat die algemene dorpsgronde in die Republiek as weilande gebruik kôn word deur die bewoners van die dorpe. Later het die Volksraad vasgelê dat dorpsgronde nooit verkoop maar alleen verpag kon word vir 99 jaar. 35)

Ontevredenheid met die bestuur van die dorp, blyk uit 'n proklamasie wat in 1861 in die Staatskoerant verskyn het, waarin 'n beroep op die inwoners gemaak is om op 2 November 1861 byeen te kom om die wet kragdadig te handhaaf en 'n end te maak aan die ontevredenheid i.v.m. oproerige geskrifte. 36) Alle tekens was daar dat 'n kragtiger bestuur nodig was om die groeiende dorp se welvaart te behartig.

Eers in Maart 1877, egter, is daar spesiaal voorsiening gemaak vir 'n plaaslike of dorpsbestuur: "Aan het hoofd van ieder plaatselik bestuur by de Wet als zodanig erkend, staat 'n Burgemeester en 'n Raad van vyf of zeven leden, naar de bevolking." 37) Die koste van die plaaslike administrasie sou deur elke plek self gedra word,.

ooooooooooooooooo

## (c) MUNISIPALITEIT.

Die inwoners van Pretoria het gevoel dat die tyd ryp was om die bestuur van die dorp heeltemal op hul skouers te neem. Met hierdie doel voor oë is op 28 Maart 1864 'n vergadering gehou deur die inwoners waar besluit is om 'n Munisipaliteit in Pretoria op te rig.

Sonder versuim het hulle ook die nodige regulasies opgetrek en dit voor die Uitvoerende Raad gelê, wat dit onmiddellik goedgekeur het, omdat hulle ook die mening toegedaan was dat die dorp reeds die beginstadium van plaaslike bestuur ontgroei het, en dat dit vir die ontwikkeling en welvaart van die dorp noodsaaklik was, dat 'n munisipaliteit die teuels in hande sou neem. 38)

Watter ooreenkoms daar bestaan het tussen die Dorpsregulasies en die nuwe regulasies vir 'n Munisipaliteit is ongelukkig onbekend omdat die Uitvoerende Raad Notule van 2 November 1863 tot 13 September 1864 ontbreek. 39)

/Op

35) T.A., Uitv.R.Besluite, art. 195 van 1869.
36) Staats Courant, No.41 van 25 Okt.,1861.
37) T.A., Volksraadbesluite, art.30-32 van 7 Maart 1877.
38) Staats Courant No.48, van 19 April 1864.
39) T.A., U.R.48.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 18 April 1864 word 'n proklamasie uitgevaardig deur president W.C.J.van Rensburg en die Uitvoerende Raad 40) waarin bekend gemaak is dat aan Potchefstroom en Pretoria vergun is ~~dat~~ om stadsrade in die lewe te roep.

In hierdie proklamasie toon die regering ook duidelik dat hulle heeltemal saamgestem het dat die tyd aangebreek het vir 'n meer gevorderde bestuur, want om tred te hou met die bloei en welvaart van die land "hiertoe ontegensprekelyk een regelmatig en oplettend bestuur der Dorpen wordt vereischt; en...wil men van het land de meeste vruchten trekken en aan de inwoners een bestendigen voorspoed bezorgen-- meer bepaalde inrigtingen noodzakelyk maakt: zoo hebben wy President en Leden van den Uitvoerende Raad het noodig geoordeeld... de aan ons voorgelegde Regulatien voor eene Municipaliteit voor het Dorp Pretoria tot het onmiddelyk daarstellen van eene Municipaliteit of Stadsbestuur goed te keuren," 41) sodat dit sonder versuim in werking gebring kon word.

Verder is alle ondergeskikte regeringsamptenare gewaarsku om die nuwe wette en regulasies te eerbiedig en die nuwe amptenare van die Munisipaliteit alle hulp en bystand te verleen.

Om te toon dat die regte van die indiwidu nog wel deeglik rekening mee gehou sou word is verder bepaal dat iedereen sy besware teen enige van die nuwe regulasies binne 'n tydperk van drie maande aan die Uitvoerende Raad kon meedeel, wat dan deur 'n algemene byeenkoms van eienaars van dorpsgronde in behandeling geneem sou word, in ooreenstemming met 'n reeds vroeër gemelde goewermentskennisgewing in die Staatskoerant. 42)

Veral met die oog op artikel 35 van die Dorpsregulasies van 1858, 43) wat alleen 'n dorpsraad of landdros die reg gee om die regulasies toe te pas en dus teenstrydig was met die Munisipalewette, is die Dorpsregulasies ook as vervalle verklaar deur gemelde proklamasie.

Die uitvaardiging van hierdie proklamasie kenmerk 'n belangrike stap in die ontwikkelingsgeskiedenis van Pretoria. Tewens is dit ook die begin van die ontwikkeling van Munisipaliteite in Transvaal

Op 2 Mei 1864, het die Munisipaleraad, waarvan J.H.W.Struben voorsitter was en J.G.C.van Leenhof, sekretaris, die dorpsbestuur oorgeneem. 44)

/Spoedig

40) Staats Courant No.48, van 19 April 1864.
41) Ibid.
42) Staats Courant,No.45 van 7 Maart 1864, dw.s art.102 No.1 van Volksraadbesluite van 21 Sept.,1863:ten effekte dat regulasies 3 maande moet ooplêvir inwoners.
43) T.a.p.
44) [illegible] 249/64.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Spoedig het dit duidelik geword dat die bestuur van die dorp 'n kolossale werk was, wat alleen met sukses kon be-kroon word mits daar volkome samewerking was, nie al-leen van die kant van die inwoners nie maar óók van die regering. Dit blyk dat daar 'n groot gebrek aan samewer-king was, want die fondse waaroor die Munisipaliteit be-skik het, was heeltemal ontoereikend om uitvoering te gee aan hulle program, 45) eerstens omdat die inwoners nie hulle belastings betaal het nie en tweedens omdat die re-gering nie 'n groter toelae verleen het nie.

In 'n brief gerig aan die Uitvoerende Raad op 21 September 1864 deur J.G.C.van Leenhof namens die Direksie van die Munisipaliteit, word dan ook te kenne gegee dat daar nie genoegsame medewerking was van die kant van die regering en dat die Direksie gedwonge voel, hul voorregte op te sê en die dorpsbestuur weer in die hande van die re-gering te stel. Ook is die Uitvoerende Raad gevra vir vergoeding van koste wat deur die Munisipaliteit gemaak is. 46)

Die gevolg was dat die Uitvoerende Raad die be-stuur van die dorp weer oorgeneem het op 7 Oktober 1864.47)

Alhoewel die eerste eksperiment van Munisipali-teitsbestuur maar kort van duur en 'n volslae mislukking was, het die inwoners besef dat dit uiteindelik die ide-ale vorm van plaaslike bestuur sou wees, sodra die finan-siële toestand op vaster voet was.

Gedurende die eerste helfte van 1875 is daar reeds weer 'n kommissie aangestel wat met die regering moes on-derhandel om weer 'n munisipaliteit op te rig. Hierdie Kommissie moes verslag doen aan die inwoners op 'n publie-ke vergadering gehou op 5 Julie 1875 onder voorsitterskap van landdros William Skinner. 48)

Hier het Robert Lys die vergadering meegedeel dat hul wel in 1864 'n munisipaliteit gehad het, maar dat hul verplig was om die bestuur weer aan die regering te oor-handig weëns die geringe inkomste.

De Vries se voorstel dat aangesien die Volksraad nooit die proklamasie van 18 April 1864 herroep het nie, hul sonder verdere verlof kon voortgaan om kommissaris-se deur rekwisisie te laat kies, is met 11 teen 4 stemme aangeneem. 49)

/Die

45) De Volksstem, 10 Julie 1875.
46) T.A., V.R.829/64.
47) T.A., U.R.1 van 7 Oktober 1864, art.6.
T.A., Pa.2,dd.7 Okt.,1864.
48) De Volksstem, 10 Julie 1875.
49) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die voorgestelde verkoop van 31 erwe deur die regering sowat 'n maand later, he die inwoners tot die besef gebring van die noodsaaklikheid van 'n munisipaliteit om so iets in die toekoms te verhoed. 50)

Op 21 Januarie 1876 besluit die Uitvoerende Raad om die Wnd. President en Staatsekretaris op te dra om kommissarisse te laat kies wat die voorgestelde regulasies vir die Pretoria Munisipaliteit moes hersien, wysig en weer voor die Raad lê vir bekragtiging aangesien die regulasies soos dit toe was nie aangeneem kon word nie.51)

Hierdie nuwe regulasies, egter, is nooit bekragtig nie, want 'n jaar later annekseer Shepstone die Transvaal.

(d) POSGERIEWE.

Gedurende die eerste jare na die stigting van Pretoria was daar nie juis 'n posdiens as sodanig nie en is briewe en koerante meestal per geleentheid van een plek na 'n ander gestuur, gewoonlik met transportryers of smouse na kusstede.

'n Paar maande na sy inswering as landdros van Pretoria berig Du Toit die president dat hy niemand kon vind om op te tree as posmeester nie, met die gevolg dat hy Pretorius dringend versoek het om tog 'n gereëlde posdiens in te stel, 52) want in 'n brief aan die landdros op 14 Augustus 1857 meld die president dat brieweversending baie ongereëld is en dat hy ook daar niks aan kon doen om die posisie te verbeter nie want, "kan hier geen post dragers vende de inwoonders hier bezit geen volk."53)

In Februarie van die volgende jaar gee die goewermentsekretaris Du Toit opdrag om 'n kafferpos op te rig tussen Potchefstroom en Pretoria sodat hy elke week sy briewe en koerante gereëld kon kry. 54)

Du Toit span sy kragte in om deurmiddel van die veldkornette poskaffers te verkry, maar tevergeefs. Nou en dan kon hy 'n kaffer te hure kry om pos te vervoer. Ten einde raad bekla hy hom by die president: "Och Hemel een schrikkelyke moeyelyke district." 55)

/Vanaf

50) De Volksstem, ~~in~~ 25 Sept., 1875.
51) T.A.,Uitv.Raad Besluite art.83 van 21 Jan., 1876.
52) T.A., R.1634/57.
53) T.A., Pa.1,14 Aug.,1857.
54) T.A., Pa.1, 22.2.58.
55) T.A., R.1930/58.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vanaf Maart 1858.egter, skyn daar 'n gereëlde posdiens te gewees het tussen Pretoria en Potchefstroom. Elke Woensdag om tienuur voormiddag het die poskaffer Pretoria verlaat om dan weer Saterdae van Potchefstroom te vertrek op sy terugreis. 56)

Nou het Du Toit weer baie moeilikhede gehad met 'n sekere familie Kotze,wat woonagtig was agter Magaliesberg,wat gedurig die possak oopgebreek het en koerante en selfs briewe verwyder het. Dat hierdie gedrag sy toorn billik laat ontsteek het kan afgelei word van sy uitlating: "de oude beschaafde wetten in Europa was hangen voor post braak, de nadere herformde wetten is transportasie." 57

Op 23 Julie 1859 is die heer H.Jeppe aangestel as Posmeester-generaal, met hoofkwartier te Potchefstroom.58) Uit sy verslag vir die jaar 23 Julie 1859 tot 23 Julie 1860, blyk dit dat die inkomste Rds.2134-2-4 bedra het en nadat 4626 briewe en 6990 koerante vervoer is, daar nog 'n batige saldo van Rds.246 was. 59)

Tenspyte van hierdie verslag wat die indruk gegee het, dat die poswese alreeds op goeie basis geskoei was, moes die toestand nog maar haglik gewees het, want art. 16 van die Volksraadbesluite van 3-10 April 1860 lui: "Wordt besloten, dat zonder verzuim eene vaste brievenpost moet opgerigt worden."

Presies 'n jaar later word 'n gereëlde weeklikse posdiens ingestel tussen Pretoria en Rustenburg, 60) volgens 'n kennisgewing van H.Jeppe, die Posmeester-generaal.61)

Op 2 Augustus 1861 het die heer C.A.Preller, 'n handelaar wat hom kort tevore te Pretoria gevestig het, genoodsaak gevoel om die Uitvoerende Raad se aandag te vestig op die vertraging van pos en om hul raad te gee insake die "kortste wegens van de Kaap Colonie door deze Colonie naar Natal, hetwelk groots bydragen zal, tot welvaard en Bloi van deze Staat." 62.)

In September 1863 besluit die Uitvoerende Raad, dat, aangesien Pretoria "den Zetel des Gouvernements" was die hoofposkantoor daarheen verplaas moes word, 63) waar I.G.Bantjes nou sou optree as Posmeester-generaal i.p.v. Stephanus Lombaard. 64) Die jaar daarop het J.Lennox, die posmeester van Potchefstroom, hom weer opgevolg in daardie betrekking. 65)

/Op

56) T.A., Pa. 1 d.d. 1.3.58
57) T.A., Pa. 30,d.d.30.3.58
58) T.A., R.3353 /59 en R.3906/60.
59) Ibid.
60) T.A., U.R.1,art.32 van 11 April 1861.
61) Staats Courant No.32 van 12 April 1861.
62) T.A., R.4540/61
63) U.R.1,23 Sep.,1863.
64) U.R.1,art.3 van 28Okt. 63.
65) Staats Courant No.59,d.d. 26 Jul.,1864.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op hierdie stadium van ontwikkeling indie posverkeer is dát aan die hand gegee dat tenders gevra moes word vir die vervoer van pos tussen die verskillende sentrums. Dit blyk bv. uit 'n tender vir die vervoer van pos tussen Pretoria en Potchefstroom vir die som van 1000 Rds. per jaar. 66)

Gedurende April 1867 is 'n eienaardige versoek aan die Uitvoerende Raad gerig deur F.Jeppe en H.C.Bergsma n.l. dat "De Transvaal Argus", 'n Engelse en Hollandse koerant wat die vorige jaar in Potchefstroom opgerig is, vrygestel sou word van posgeld binne die Republiek. Die Raad het hulle tegemoet gekom deur te besluit dat die koerant teen die helfte van die gewone tarief binne die Republiek deur die pos gestuur kán word. 67)

In Januarie 1868 het die Uitvoerende Raad besluit om die Poswese Ordonnansie van 1866, No.1 voor die Volksraad te lê, wat dit weer goedgekeur het vir die jaar 1868. Hierin is die tariewe vir posstukke as volg neergelê:-

Koerante ............1 pennie.
Brief(½ ons of minder) 6 pennies.
Brief(½oz.en minder as 1 oz.)...9 pennies.
Elke ½ oz daarbo...............1/6.
Registrasie van briewe..........1/6.
Boeke: 1 tot 1½ lb.............2/-.
Bo 1 lb. teen 1/- per lb., maar saam nie meer as 5 lb. nie. 68)

Die poswese het nou vinnig ontwikkel, want nie alleen was die land deurkruis met posroetes wat die Republiek ook verbind het met verafgeleë plekke soos Kaapstad en Durban nie, maar ook moderne posseëls is in gebruik gekom wat die posisie baie vereenvoudig het. Dit word bevestig deur 'n brief van M.J.Viljoen aan die goewermentsekretaris te Potchefstroom op 7 Maart 1870:

> "dat de druk Pers voor de Pos stems alhier is aangekomen." 69)

In die sewentigerjare was die poswese heeltemal op 'n gesonde basis en het alles feitlik met klokslag gebeur. Nou is daar nie meer gesukkel met poskaffers nie, maar poskarre het hul plekke ingeneem op al die vernaamste roetes.

/Hoofstuk V

66) T.A.,R.492/64.
67) T.A., U.R.2, art.47 van 16 April 1867.
68) T.A., U.R.2, art.76 van 31 Januarie 1868.
69) T.A., R.351/70.
T.A., B.B.612,613.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK V.

## INTELLEKTUELE, KULTURELE EN SOSIALE AANGELEENTHEDE.

### (a) WAT DIE KERKGENOOTSKAPPE VIR DIE DORP BETEKEN HET.

Soos reeds aangetoon het die Nederduits Hervormde Kerk 'n groot rol gespeel in die algemene ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek, veral deur die optrede van ds. Van der Hoff.

Vir Pretoria in die besonder was die Kerk van groot belang, nie alleen deur die groot rol wat dit gespeel het in die stigting van die dorp nie, maar ook op intellektuele en kulturele gebied.

Vanaf sy bevestiging as die eerste predikant van die Gemeente te Pretoria op 27 Januarie 1861, 1) het ds. A.J.Begemann 'n lewendige belang gestel in die welvaart van die dorp sowel as van die jeug. In die volgende jaar reeds span hy sy kragte in om 'n onderwyser vir die dorp te kry om die pos, wat lang reeds vakant was, op te vul, in die persoon van J.C.Bantjes. 2)

In 1864, in sy hoedanigheid as voorsitter x 3) van die plaaslike Skoolkommissie, het hy sy deel bygedra om rigting te gee aan die onderwys, nie alleen deur gedurig te pleit vir noodsaaklike skoolbehoeftes nie, maar ook deur beide, onderwysers en kinders, aan te moedig en deur op te tree as inspekteur.

Indirek het ds. Van der Hoff ook baie gedoen vir die onderwys in die dorp deur die leiding te neem op die Algemene Skoolkommissie, 4) wat as sentrale liggaam die onderwys van die Republiek in hulle hande gehad het, vanaf 1859.

Verder was die Kerk die middel om die lewe in Pretoria te bestendig deur sy invloed te laat geld vir die handhawing van wet en orde wat 'n noodsaaklike vereiste is in 'n groot sosiale gemeenskap.

Toe daar in 1865 'n liggaam in die lewe geroep is deur die stigting van die "Pretoria Rifle Corps", om die kragte, van jong manne veral, in te span in die welvaart van die gemeenskap het die Kerk sy volle ondersteuning gegee deur daadwerklike deelname daaraan, want selfs ds. A.J.Begemann sluit daarby aan. 5)

/Die

1) T.A., R.4230/61.
2) T.A., R.368/63.
3) T.A., R.395/64.
4) Staats Courant No.73 van 13 Mei 1859.
5) T.A., R.1149/65.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Gereformeerde Kerk het, vanaf die stigting van 'n Gemeente te Pretoria in 1859, ook sy deel bygedra vir die bevordering van intellektuele en kulturele aangeleenthede.

Die Berlynse Sendinggenootskap, wat gedurende 1866 'n sendingstasie t e Pretoria begin het, 6) het weer 'nander leemte aangevul.

Deur die goeie werk wat hul onder die kaffers gedoen het, het hul seker 'n groot diens aan Pretoria bewys, want deur hulle invloed en onderrig, het hulle O.a. ook probeer om eerbied vir wet en orde aan te kweek.

Die sendelinge self was ook 'n aanwins vir die dorp kultureel sowel as sosiaal. Daar is bevoorbeeld soveel gedaan om krankheid te genees dat toe die sendeling Sachse, wat groot heelkundige bekwaamheid aan die dag gelê het, verplaas moes word, die inwoners petisies aan dr. Wangemann, die besoekende Direkteur van die Genootskap oorhandig het, met die versoek om tog nie die besluit uit te voer nie. 7)

Die Wesleyaanse Kerk het ook 'n aktiewe deel geneem veral op die gebied van onderwys. Die heer J.N.Jackson, wat in die eerste goewermentskool aan die Kerkplein opgetree het as Engelse onderwyser, het ook 'n Sondagskool opgerig omdat hy so 'n groot belang gestel het in die welvaart van die jeug. 8)

Die predikant van die Anglikaanse Kerk, weleerw. J.Harris Mills het nie alleen vir geruime tyd opgetree as Engelse onderwyser aan die plaaslike skool nie, 9) maar het ook teen die end van die jaar 1871 'n "Grammar" skool opgerig. 10)

Eerw. George Sharley van die St. Albans Kerk, het die eerste kosskool te Pretoria opgerig in Januarie 1875, n.l. die "St. Albans College" 11)

In hierdie kort verslag is aangetoon dat die verskillende kerkgenootskappe gedurende die eerste twintig jaar van die bestaan van die dorp Pretoria, nie alleen die geestelike belange van die inwoners probeer bevorder het nie, maar ook op kulturele en intellektuele gebied grootliks bygedra het tot die ontwikkeling van die dorp.

/(b)Onderwys

6) T.A., R.842/66.
7) T.A., R.650/67.
T.A., R.682/67.
8) T.A.,R.1240/66.
9) T.A., R.164/71.
10) T.A., R.815/71.
11) De Volksstem van 2 Jan.,1875.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## (b) ONDERWYS IN PRETORIA.

Vandag bestaan daar maar min dokumente wat enige lig kan werp op die onderwys soos dit was gedurende die eerste aantal jare van die bestaan van die Suid-Afrikaanse Republiek. 'n Paar ou gedenkskrifte, egter, stel ons darem in staat om die sluier so effe op te lig.

Elke Trekgeselskap, byna sonder uitsondering, het een of meer onderwysers onder sy ledetal getel, wat die kroos moes inwy in die geheime van lees en skrywe; die doel waarvan was om in staat te kom wees om die Bybel te lees en om self die vrae uit die Katkisasieboek te kon leer. Dit, op sy beurt, moes weer lei tot die aanneming as lidmate van die Kerk, wat die middel was om te verhoed dat die volk op morele, sowel as verstandelik gebied sou degenereer.

Die eerste onderwyser wat in die Transvaal opgetree het, was 'n sekere Daniel Pfeffer, 12) wat, alhoewel hy reeds diep in die sewentig was, die kinders in die Trekgeselskap van Louis Trichardt onderrig het in 1837, waar die dorpie Louis Trichardt vandag geleë is. Hier is die eerste skoolgebou opgerig soos blyk uit die Dagboek van Trichardt onder datum 23 Maart 1837: " en het (Pieta) een span osse uitgejaagt om hout te haalen voor de school". 'n Maand later was die gebou gereed want op 22 April sê Trichardt "heb oue Daniel de kinderen in de school gezit."

Op 21 April 1838 beswyk Pfeffer, die eerste onderwyser in Transvaal aan die gevreesde koors in Lourenco Marques, waarheen hy Trichardt se geselskap gevolg het. 13)

Tydens en na die Trek het die meeste kinders egter, hul opvoeding van hul moeders ontvang, wat vroeg in die môre en soms weer laat in die aand besig was met onderrig, omdat daar te veel te doene was gedurende die dag.

In 1841 het 'n Nederlandse skip die "Brazilië" Port Natal aangedoen. Hier het die opperkoopman, 'n sekere J.A.Smellekamp met die Boere in aanraking gekom wat hom gevra het om tog te probeer om predikante en onderwysers aan hulle te stuur. Tydens sy tweede besoek in 1843 het Smellekamp 'n sekere Martineau saamgebring as onderwyser, maar die Engelse in wie se hande Port Natal toe reeds was, het geweier om hom te laat land. 14)

/Op

---

12) Die Huisgenoot, (Gedenkuitgawe, Des.,1938),bl.159
13) Ibid.
14) Dr.SP.Engelbrecht: "Kerkgeskiedenis",2e druk, bl.36.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 28 Junie 1848 kom Smellekamp in Delagoabaai aan in die "Animo". Aan boord was 'n sekere Hendrik Theodoor Lührmann wat op pad was na Transvaal om daar op te tree as onderwyser. 15) Sy koms was asgevolg van die pogings van Prof. U.G.Lauts om die Voortrekkers tegemoet te kom. Later het hy meer sukses gehad, want in 1850 het drie onderwysers in Transvaal aangekom n.l. H. van der Linden wat hom in 1852 te Potchefstroom gaan vestig het, J.W.~~xrmy~~ Spruyt wat na Rustenburg gegaan het en W.Poen, wat in 1851 te Lydenburg gaan skoolhou het. 16) Met hulle koms sou daar herlewing en vooruitgang kom op die gebied van onderwys.

In 1852 word die eerste skoolreglement opgetrek, die s.g. Van der Linden-Reglement en deur die Volksraad goedgekeur en aangeneem, 17) maar wat reeds die volgende jaar weer vervang is deur 'n nuwe reglement opgestel deur ds. Van der Hoff. 18)

Alhoewel die onderwys nog maar op 'n baie primitiewe basis gestaan het, was daar tekens dat toestande sou verbeter. In November 1855 versoek 'n sekere J.B.Wouda, wat toe nog te Sneeuberg in die Kaapkolonie was, of hy onderwys kon gee in Transvaal. 19) 'n Weinig later berig Hiddingh Genl. Pretorius vanaf Rondebosch dat daar sewe kiste boeke in Natal was, wat deur vriende uit Nederland gestuur is vir distribusie onder die bewoners van die Republiek en meld ook verder dat 'n aantal predikante te Amsterdam op 2 Februarie 1853 'n Kommissie gevorm het met die doel om onderwysers en predikante na Transvaal te stuur. 20)

Enige maande na die stigting van Pretoria is 'n privaat skooltjie in die dorp geopen deur J.W.Struben. J.J.P.Prinsloo het die buitekamer van sy woning vir daardie doel beskikbaar gestel.

In Oktober 1856 moes die skooltjie verplaas word na die endkamer van Genl. Pretorius se woonhuis daar ~~xrix~~ Prinsloo sy buitekamer nodig gehad het. 21) Die plan was om later in die kerk skool te hou sodra dit gereed was.

Vroeg die volgende jaar, egter, was Struben genoodsaak om die skool te sluit asgevolg van die swak ondersteuning wat hom te beurt geval het, want gedurende die /eerste

15) Historiese Studies, Mei 1940, bl.15.
16) Die Huisgenoot, Des.,1938, bl.177.
17) Ibid.
18) Dr.S.P.Engelbrecht: "Thomas Burgers", bl.132.
19) T.A., R.934/55.
20) T.A., R.937/55.
21) T.A., R.1326/57.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eerste jaar het hy 'n inkomste gehad van slegs 40 Rds. 22)

Die eerste inwoners van Pretoria was bepaald al so gewoon om sonder 'n skool klaar te kom, dat hulle hoegenaamd geen belang gestel het in die groot werk van Struben nie. Geldskaarste het natuurlik ook bygedra om die eerste poging om die jeug beter op te voed, te laat skipbreuk ly.

Du Toit, wat self baie begaan was oor sy eie kinders se welvaart kla sy nood by Genl. Pretorius en eindig sy brief met hierdie paar kragtige woorde: "nu helpt ons voort." 23)

'n Paar maande later wend Du Toit hom weer tot die president en versoek hom of hy tog nie "voor Pretoria een Govts. meester zal geeven." Ook wou hy weet wat die salaris sou wees en of hy Struben kon aanbeveel, want hy het die vrees uitgespreek dat die ou man deur armoede verplig sou wees om die dorp te verlaat. 24)

Die dag met sy verkiesing n.l. 20 April 1857 as landdros, rig Du Toit hom weer tot die president om hierdie keer in sy offisiële kapasiteit te versoek dat 'n skool gestig sou word en dat die salaris vir die onderwyser deur die regering toegestaan sou word. 25) Maar ook hierdie keer was dit tevergeefs. Hy was nou radeloos en sy volgende beroep op die president veel ernstiger:" de jeugd lyd droevig schaden aan opleiding; voor God nooit te verantwoorden." 26) 'n Weinig later was dit: "Myn waarde vriend, zent toch een onderwyzer voor de arme jeugd, God zal hen zielen van ons eischen, om hen in de diepe onkunde te doen voort groyen." 27)

Om Du Toit tot bedaring te bring, berig C.Moll hom vanuit Potchefstroom, dat die regering sy bes doen om 'n geskikte persoon vir die betrekking te kry. Ook is hom die versekering gegee dat dit nie meer lank sou duur voordat hul meer applikasies van onderwysers sou ontvang as wat daar vakante poste sou wees om op te vul, omdat honderde families in die Kaapkolonie hul in gereedheid bring om "naar deze gewesten te komen. 28)

In April van die volgende jaar skryf C.Moll aan Du Toit dat die heer Jacobus Louw sy voornemens te kenne gegee het om 'n skool op Pretoria te begin. 29)

/Maar

22) T.A. R.1326/57
23) Ibid.
24) T.A., R.1453/57
25) T.A., R.1482/57
26) T.A., R.1712/57
27) T.A., R.1767/57
28) T.A., Pa.1 dd 28 Okt.,1857.
29) Ibid. d.d. 19 April 1858.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maar hy het nooit sover gekom nie.

Alhoewel Pretoria vir 'n lang tyd na Struben se eerste poging sonder enige skoolgeriewe moes klaarkom, het die Volksraad, egter, die erns van die saak ingesien en wetgewing begin indien om inderwyssake te reël. Op 4 Mei 1858 het die Volksraad besluit om tot art. 21 van die grondwet by te voeg, dat 'n Algemene Skoolkommissie 30) van ses of meer lede aangestel sou word wat voorsiening moes maak in die behoeftes van onderwys en dat onderwysers alleen aangestel sou word mits hulle lid was van die Staatskerk en deur die Skoolkommissie ondersoek is. 31)

Die Kommissie, wat eers 'n jaar later benoem is, het bestaan uit ds. Dirk van der Hoff van Potchefstroom, ds. P.A.C. van Heyningen van Lydenburg, die Staatsprokureur Proes en H.vd. Linde, die goewermentsonderwyser te Potchefstroom. 32) Hulle is"belast met het oppertoezigt van het onderwys in de Republiek." 33)

Hulle het geen gras onder hulle voete laat groei nie, want sowat 'n week later verskyn die reglement vir die goewermentsonderwyser in die Suid-Afrikaanse Repub bliek. 34)

Van die landdros het 'n voorstel gekom om in die kerk skool te hou, aangesien daar geen skoollokaal in die dorp was nie, maar die publiek wou daar nie van hoor nie. 'n Alternatiewe voorstel, dat die publiek bydraes sou gee vir die bou van 'n skool is ook deur die publiek verwerp, wat nog daaraan toegevoeg het, dat tensy die regering verant woordelikheid van die onderwyser se salaris sou neem, hulle niks met die skool wou te doen hê nie. 35)

Die regering hetinmiddels toestemming aan Du Toit verleen om voorbereidsels te maak vir die bou van 'n skool, want die dag voor die skool geopen is in die ou huis van Zacharias Pretorius, rapporteer hy aan die president dat sowat 7000 stene deur 'n storm vernietig is en verder vra hy verlof om twaalf,twintig voet balke vir die nuwe skoolgebou te koop van Robert Lys. 36)

Die le November 1859 was 'n groot dag vir die jeug van Pretoria, want op daardie dag is die eerste goewerment Skool op die dorp geopen met 26 leerlinge onder leiding

/van

30) Nie in die sin soos dit vandag gebruik word nie, maar wel 'n sentrale beherende liggaam vir alle onderwyssake in die Suid-Afrikaanse Republiek.
31) T.A., R.2052/58.
32) Staats Courant No.73 van 13 Mei 1859.
33) T.A., R.2?81/59
34) Staats Courant No.74 van 20 Mei 1859.
35) T.A., R.3204/59.
36) T.A., R.3219/59.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van H. Stiemens, 37) wat skaars 'n maand tevore daar aangekom het. Alhoewel die skoolgeboutjie maar 'n hartbeeshuisie was, die eiendom van Zacharias Pretorius, met ruwe planke wat aanmekaargevoeg is vir tafels en banke, was daar groot blydskap in die harte van die ouers.

Stiemens is oorspronklik uit Holland na Pinetown in Natal gestuur deur Prof. Lauts as onderwyser, maar by sy aankoms daar in 1857 is hy ontnugter, toe dit hom be9 kend word dat daar geen onderwyser benodig was nie.

Na baie ontberings te voet, kom hy in Pietermaritzburg aan, waar dit hom geluk het om 'n posisie as onderwyser te kry op 'n plaas aan die Boesmansrivier, waar hy dan ook vir byna, twee jaar werksaam was.

Op uitnodiging van president Pretorius en Staatsprokureer B.C.E.Proes, om na die Republiek te kom as onderwyser, vertrek hy in Augustus 1859 en arriveer te Potchefstroom op 11 September.

Hier is hy goed ontvang deur die goewermentsekretaris, A.F.Schubart en die president wat hom dadelik 'n aanstelling gee as 'n goewermentsonderwyser te Pretoria teen 'n salaris van 1080 gulde per jaar plus skoolgelde.

Te Pretoria neem hy en sy familie hulle intrek op een van die boereplasies aan die dorp, waar hul baie gasvry ontvang is, want hy skryf:"De weinige bewoners, verblyd als zy waren een onderwyser in hun midden te hebben, boden ons als ~~ons als~~ om stryd hunne gasvryheid aan.[38]

Skaars is die skool geopen toe voorbereidsels gemaak is vir die oprigting van 'n geskikte nuwe gebou. Almal het hartelik saamgewerk om stene te maak, gras en riete aan te bring en kalk te brand. Die meer bemiddeldes het geld gegee. Na drie maande is die nuwe skool klaar, geleë aan die noordekant van Kerkplein waar tans die Paleis van Justisie pryk,[39] en is dit geopen met 60 leerlinge. 40)

Sommige Boere het hartbeeshuisies in of naby die dorp gebou en daar gaan woon ten einde hul kinders op skool te hou.

Daar is besonder baie van die onderwyser verwag want nie alleen moes hy Sondae diens hou in die kerk nie, maar moes ook klokke en oorlosies repareer, ou Bybels bind en testamente maak. E Stiemens skryf bv. dat hy baie testamente gemaak het teen £1 stuk.

/Oorspronklik

37) T.A., R.3219/59
38) "Oude Tyden in Natal en Transvaal", 'n artikel in "De Gids" van Mei 1934.
39) T.A., R.395/64.
40) De Gids.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir die onderwys want in die verslag van die Krygsraad oor September en Oktober 1862 lees ons: "Ook is Saterdag-avond de rebel Stiemens gevangen en zit thans in de blok," 45) saam met nog ses ander, in die skool, wat tydelik as gevangenis moes diens doen. Die agste dag verskyn hy voor die Krygsraad wat nie alleen al sy eiendom konfiskeer nie, maar hom ook verban uit die Republiek.46) Hy was nou 'n vlugteling en sou baie moeë verduur voordat hy weer sy pos as onderwyser sou hervat te Pretoria.

Gelukkig het die vredesverdrag van 9 Januarie 1864 aan die Krokodilrivier, die burgeroorlog beëindig 47) en kon daar weer orde geskep word uit die verwarring wat daar in die land geheers het.

Die posisie is verder bestendig deur die ontslag van M.W.Pretorius as president van die Vrystaat en sy verkiesing as president van die Suid-Afrikaanse Republiek in Mei 1864. Op 10 Mei het hy sy ampseed as president afgelê. 48)

In Junie 1864 word H.Stiemens, die vroeëre eerste goewermentsonderwyser en latere goewermentsekretaris, en wat asgevolg van sy deelname aan die burgeroorlog uit die land verban is , weer 49) aangestel as goewermentsonderwyser op die dorp, 50) en aanvaar hy sy dienste op 1 Julie 1864. 51) Goeie werk is deur hom gelewer tot in 1869,toe hy onderwys bedank het om die betrekking van le Staatsklerk te aanvaar. 52)

Die inwoners van Pretoria het nou heeltemal 'n lewendige belang begin stel in die vooruitgang van onderwys, want in Julie 1864 doen J.G.C.van Leenhof, sekretaris van die Munisipaliteit, aansoek by die regering om 200 eksemplare van die skoolwette, vermoedelik om aan die ouers te gee wat daarvoor gevra het. 53)

In September meld ds. A.J.Begemann en William Skinner, twee lede van die Pretoria Skoolkommissie, in hulle verslag van inspeksie, dat die kinders gereëld op skool was, dat die orde goed was en dat daar veral vooruitgang gemaak is in lees en sang. Stiemens was blykbaar 'n goeie onderwyser, gemeet volgens die standaard van /daardie

---

45) Dr. A.H.Lugtenburg: "Geskiedenis van die Onderwys," bl.70
T.A., R.112/62.
46) De Gids. t.a.p.
47) T.A., R.10/64
T.A., R.24/64.
48) Staats Courant,No. 50 van 17 Mei 1864.
T.A., U.V.R.11/107, V.R.602/64.
49) T.A., R.503/63.
50) T.A., R.395/64 en R.454/64.
51) T.A., R.395/64.
52) Hierdie betrekking het hy op 16 Okt.1879 bedank tydens Engelse bestuur, om terug te keer na Holland.
53) T.A.,R.456/64.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daardie tyd, want die inspekteurs was baie opgenome met sy werk. 54)

In hulle Novemberinspeksie word daar spesiaal melding gemaak dat daar 'n begin gemaak is met onderwys in die Engelse taal, maar beveel hulle aan dat 'n Engelse onderwyser ook aangestel word. 55)

Gedurende Oktober 1865 het die Engelse deel van die inwoners van Pretoria 'n privaat Engelse skool opgerig met J.N.Jackson aan die hoof, omdat hulle gevoel het dat hulle taal verwaarloos is in die goewermentskool waar die voertaal Hollands was. Die gevolg was natuurlik dat die getalle in laasgenoemdeskool baie geval het. Die AlgemeneSkoolkommissie besef nou dat dit 'n onwenslike toestand van sake is en beveel dadelik by die regering aan dat die twee skole sou verenig tot welvaart van die gemeenskap en tot algemene vooruitgang van onderwys as sodanig. Hulle beklemtoon die feit dat Engels netso noodsaaklik was vir onderlinge vooruitgang van die gemeenskap as Hollands. 56)

Die regering het die saak goed oorweeg, met die gevolg dat die Engelse onderwyser Jackson van goewermentsweë aangestel is om saam met Stiemens te werk teen 'n salaris van Rds.666-5-2. 57)

Die Plaaslike Skoolkommissie wat bevrees was dat die Engelse deel weer sou afstig weens die onbestaanbare besoldiging van Jackson, beveel by die Uitvoerende Raad aan dat hy op gelyke voet gestel sou word met Stiemens.58) Die resultaat was dat die Raad op die aanbeveling gehandel heten die salaris verdubbel het sodat dit nou £100 per jaar bedra het. 59)

Hierdie nuwe ontwikkeling, d.w.s. die vereniging van die twee skole, het 'n belangrike beginsel met hom meegebring n.l. volle tweetaligheid. Die skoolwette,egter, moes nou so verander word dat dit die nuwe beginsel op 'n wettige basis kon stel.

Die Algemene Skoolkommissie met ds. Van der Hoff as voorsitter, vergader op 16 Maart 1866 te Potchefstroom om die skoolwette in hersiening te neem sodat dit kon aanpas by die nuwe omstandighede.

Uit hul verslag aan die Uitvoerende Raad blyk dit dat hul met groot teenstand "miskenning en bekrompen-
/heid

54) Staats Courant van 6 Sept.1864.
55) Ibid.,No.72 van 22Nov.1864.
56) T.A., R.1161/65.
57) Staats Courant, No.121 van 31 Okt.1865.
58) T.A.,R.1267/65.
59) T.A., U.R.1, art.28 van 29 Nov.1865.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bekrompenheid" te kampe gehad het, maar dat hul nogtans die ~~ui~~ belange van opvoeding en onderwys van die jeug probeer behartig het. 59a)

"Op grond dat onze betrekking met het Britsche Gouvernement en de Engelsche Onderdanen dagelyks toenemend, de Engelsche taal onmisbaar in eene Gouv. School" is, het hulle besluit om 'n Algemene Skoolwet vir die Suid-Afrikaanse Republiek op te trek, gebaseer op die beginsel van volle tweetaligheid in die skole, en dit aan die Raad voor te lê vir hulle goedkeuring. 60)

'n Baie interessante beskrywing van die publieke eksamen wat in Junie van daardie jaar afgeneem is, word verskaf in 'n koerantberig van daardie tyd 61) :"..this interesting event took place in the presence of a goodly concourse of spectators. His honor the acting President, the members of the Executive Council, local school committee and other gentlemen took their seats in the schoolroom." 62) Dan word 'n aanvang gemaak met die eksamen, wat terwens ook 'n toets van goeie senuwees was! Die dag na hierdie ondervinding is die sestig kinders onthaal op 'n gesellighei(d) wat ook deur baie inwoners bygewoon is.

B.C. Proes, wat onafgebroke sedert 1859 op die Algemene Skoolkommissie gedien het en wat alreeds baie vir die opvoeding in die Republiek in die algemeen en Pretoria in die besonder beteken het, versoek die Uitvoerende Raad, dat, aangesien die aanbeveling van die Algemene Skoolkommissie in 1867 om 'n Superintendent aan te stel, nie goedgekeur is weens die politieke toestande, 'n "School opziener" aangestel sou word teen £300 per jaar. Vir hierdie betrekking beveel hy H. van der Linden aan, omdat daar genoegsaam bewys was van die goeie vrugte wat sy onderwys in Suid- Afrika voortgebring het. 63)

Hierdie voorstel is nie aangeneem nie want sowat 'n maand later is die Algemene Skoolkommissie afgeskaf 64) en is onderwyssake deur die Volksraad in die hande gestel van die Uitvoerend e Raad, wat baie nadelig was omdat hul te veel ander werk gehad het.

Die verplasing van die Engelse onderwyser Kirsten het aanleiding gegee dat ds. Begemann in Maart 1868, namens die plaaslike Skoolkommissie, sy afkeuring uitgespreek het van die beleid van die Uitvoerende Raad om onderwysers /gedurig

59a) T.A., R. 332/66

60) T.A., R.332/66
Staats Courant No.155, van 26 Junie 1866.
61) "The Transvaal Argus" van 26 Junie 1866.
62) Ibid.
63) T.A., R.122/68.
64) T.A.,R.335/68.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedurig te verplaas tot nadeel van onderwys. 65)

Teneinde 'n bron van inkomste te verkry wat aangewend kon word tot bevordering en uitbreiding van onderwys in die dorp en distrik wend ds. A.J.Hegemann hom in Junie 1869 tot die Uitvoerende Raad met die versoek dat vier plaasregte aan die plaaslike skoolkommissie toegeken sou word. 66)

Die Raad beskou dit 'n baie goeie idee en staan twee plaasregte toe aan Pretoria en beveel aan dat die Volksraad twintig plaasregte sou toestaan vir die verbetering van onderwys in die algemeen. 67) Die Volksraad het saamgestem en besluit die aantal plaasregte vir algemene onderwys te vermeerder tot vier-en-twintig. 68)

In 1871 word 'n "Grammar" skool begin in Pretoria deur die beywering van die Anglikaanse predikant J.H.Wills wat toe ook reeds sedert die begin van die jaar opgetree het as Engelse onderwyser aan die goewermentskool. 69)

Toe ds. Thomas Francois Burgers die presidentskap aanvaar het in 1872, was die onderwys op 'n baie lae peil. Hy was dan ook vasberade "met alle kracht het heil van Land en Volk, van Kerk en Staat te behartigen door een behoorlyk en weluitgevoerd plan van onderwys voor alle standen der Maatschappy. 70)

Omdat die finansiële toestand van die land die eerste aandag vereis het, kon president Burgers eers in Februarie 1874 sy onderwyswetsontwerp publiseer. 71) Hierdie wet het vir drie soorte skole voorsiening gemaak n.l.(a) Plattelandse skole, wat uit die aard van die saak maar klein sou wees weens die verspreidheid van die bevolking; b. Dorpskole; en c. Middelbare skole of gymnasiums te Pretoria, later in Potchefstroom en ander dorpe. Laasgenoemde skool sou noodsaaklik wees met die oog op opleiding van onderwysers en siviele amptenare vir die staat.

Hierdie wet het die ouers ook 'n aandeel gegee in die benoeming van onderwysers deurmiddel van skoolkommissies, wat deur hulself gekies is.

Art. 26 het neergelê dat geen Godsdiensonderrig in skoolure gegee mag word nie, maar dat uit die Bybel kon gelees word ~~wiexxmwmxxdxxxxit~~ en Bybelgeskiedenis onderwys kon word. Hierdie artikel het later 'n twisappel /geword

65) T.A., R.372/68.
66) T.A., R.561/69.
67) T.A., U.R.3, art.6 van 3Jun. 1869.
68) T.A., E.V.R. 8, Volksraadsnotule, art.232 van 17 Jun'69
69) T.A., R.403/71. en T.A., R.815/71.
70) Staats Courant, 20 Feb,1872.
71) Ibid., 4 Feb. 1874.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geword en is ten onregte as een van die faktore gebruik om die president se posisie te ondermyn.

Ook is in hierdie wet voorsiening gemaak vir 'n Superintendent van Onderwys.

Nadat 'n Kommissie wat deur die Volksraad benoem is om rapport uit te bring oor die Onderwyswet, 'n gunstige verslag ingedien het op 23 Oktober 1874, is die wet aangeneem. 72)

Volgens Uitvoerende Raadsbesluit van 25 Mei 1875, art. 124, sou die skole in die Republiek nog onder die ou wet val tot tyd en wyl die nuwe wet in werking gestel kon word, wat eers op 15 Februarie 1876 geskied het.

Die jaar 1875 was 'n baie belangrike jaar vir die onderwys in die Transvaal en veral in Pretoria, want nie alleen is daar 'n hele paar nuwe skole opgerig in die dorp nie, maar het president Burgers tydens sy besoek aan Holland ook die dienste verkry van baie bekwame geleerdes wat nog hulle stempel op die onderwys in die Republiek sou afdruk.

Vroeg in Januarie 1875 is St. Albans College geopen met ds. Geo. Sharley aan die hoof en W.J.Noble as assistent. 73)

Op 19 April is 'n skool vir seuns geopen, voorlopig in St.Albans Kerk, deur F.C.Rex, 74) maar na 'n kwynende bestaan van ses maande is dit weer gesluit.

Enige maande later begin Mej. De Gier 'n skool vir jong dames, met die doel om instruksie te gee in musiek Frans, Hollands, Engels en dameshandwerk. 75)

Soos reeds gemeld het president Burgers 'n aantal bekwame manne in Holland aangeneem om rigting te kom gee in onderwys in die Republiek. Hy stel T.J.van Gorkum, hoof van 'n openbare skool te Groningen, aan as Superintendent van Onderwys 76) met 'n opdrag om nog 'n aantal onderwysers en onderwyseresse uit te soek, 77) wat hy dan kon gebruik om onderwys op 'n gesonde basis te bring in die Transvaal. Terselfdertyd verkry hy ook die dienste van Dr. E.J.P.Jorissen 78) en Dr. J.A.Roorda Smit vir die Gymnasium wat nog geopen moes word.

Kort na sy aankoms in Transvaal het Van Gorkum /aan

72) Dr.S.P.Engelbrecht: Thomas Burgers, bl. 139.
73) De Volksstem van 2 Jan.1875.
74) Ibid., van 17 April 1875.
75) Ibid., van 28 Aug. 1875.
76) Dr. E.J.P.Jorissen:"Transvaalsche Herinneringen 1876-1896" (Amsterdam, 1897),bl.4.
77) De Volksstem, 28 Aug.1875.
78) Ibid., 30 Okt.1875.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die werk gespring. Een van die eerste dinge wat hy gedaan het was om 'n Reglement vir Onderwyserseksamens op te trek, wat in Mei deur die Uitvoerende Raad goedgekeur is. 79)

Die Gymnasium te Pretoria word op 21 Junie 1876 geopen deur die hoof, Dr. Roorda Smit, met vyf leerlinge, in sy eie huis. 80)

Spoedig het die Engelse element "The Pretoria Academy" gestig met die heer Laurie as hoof, 81) terwyl ds. H.S.Bosman wat in Julie 1876 predikant geword het in Pretoria, 'n nuwe dagskool geopen het vir meisies, op 8 Augustus. 'n Amerikaanse dame wat toe nog aan kom was, sou later optree as hoof daarvan. 82)

Dr. Roorda Smit open in September 'n Skoolmuseum, wat voorlopig in sy huis gevestig was. Hierdie museum sou later geweldig uitgebrei word en het die grondslag gevorm van die huidige Museum.

Na die anneksasie van Transvaal, het die regering die museum en biblioteek, wat deur Dr. Roorda Smit begin is, oorgeneem. Dr. Smit het 'n groot sukses gemaak van altwee want hy het toe reeds 'n groot aantal interessante voorwerpe vir die museum versamel en sowat 'n duisend boeke vir die biblioteek. 83)

Dat onderwys dus 'n groot stoot vooruit gekry het tydens die bestuur van president Burgers is ongetwyfeld, nie alleen asgevolg van die groot somme geld daaraan bestee nie, maar ook deur die bekwame manne wat hy uit Holland gebring het wat genoegsaam bewys gelewer het dat sy vertroue nie misplaas was nie.

---

## (c) DIE PERS.

Die geskiedenis van die drukpers in die S.A.Republiek dateer van die jaar 1857, toe 'n sekere C.P.Moll, 'n Hollander van geboorte, 'n baie primitiewe handpers met hom meegebring het van Natal na Potchefstroom, wat toe nog die hoofstad was van die Republiek. 84) Hier begin hy sy drukkery omdat dit tegelyk die potlitieke en intellektuele middelpunt van die land was.

/Die

79) T.A.; Uitv.Raads Besluite van 12 Mei 1876, art. 95.
80) Vgl.S.P.E.:Thomas Burgers, bl.142.
81) De Volksstem van 30 Des.1876.
82) Ibid. 5 Aug. 1876.
83) Ibid. 1 Aug. 1877.
84) T.A., R.5532/93 by R.A.1466/95 in S.S.a.42.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die regering het die nut van die pers besef en dit oorgeneem maar asgevolg van 'n kontrak wat gesluit is tussen president Pretorius en C.P.Moll Jnr. op 21 September 1857 is die gebruik daarvan toegestaan aan laasgenoemde vir publikasie van die eerste koerantjie in die Republiek n.l. die "Staats Courant der Z.A.Republiek" teen 'n vergoeding van £100 per jaar en drie pennies per eksemplaar. 85)

Die eerste jare van die Suid-Afrikaanse Republiek was gekenmerk deur staatkundige woelinge en politieke wispelturigheid waarvan die lotgevalle van die publieke pers 'n getroue weerspieëling gee.

Die "Staats Courant der Z.A.Republiek" was 'n weekblad, in Oktober 1857 opgerig, gedruk en uitgegee deur C.P.Moll Jnr. Die blad was die offisiële orgaan van die regering waarin allerlei goewermentskennisgewings en aankondigings geplaas is. Die drukker is egter toegelaat om nuusberigte en politieke artikels van sy eie daarin te plaas. Die voertaal was Hollands alhoewel Engels ook soms daarin gebesig is.

In 1859 het die regering gemeen dat die uitgewer 'n ongewenste invloed gehad het op die inhoud van die koerantjie en gevolglik word H.Jeppe aangestel om vanaf 1 September 'n nuwe blad, die "Gouvernements-Courant der Z.A.Republiek" uit te gee. Dit het egter net 'n jaar bestaan.

Met die verskuiwing van die setel van die regering na Pretoria in 1860 het die Uitvoerende Raad besluit dat die drukpers op 1 Oktober 1861 ook daarheen moes verplaas word. 86) Aan hierdie besluit is egter eers in September 1863 voldoen. 87)

Tengevolge van die Burgeroorlog van 1862 is die Uitvoerende Raad in Oktober gelas om die drukpers tydelik te verplaas na 'n veilige plek bv. Rustenburg. 88)

Die volgende jaar word daar 'n nuwe kontrak gesluit tussen president Van Rensburg en C.Moll Snr. ten effekte dat daar weekliks 120 eksemplare van die Staats Courant gelewer sou word oor 'n tydperk van drie jaar teen 'n betaling van 1000 Rds. deur die regering. 89) Regeringsdagvaardings en transporte sou gedruk word teen 10Rds. per 100. Dis Moll egter toegestaan om ook 'n eie koerantjie uit te gee.

/Sedert

85) T.A., R.1720/57.
86) T.A., Uitv.Raadsbesluite, van 3 Aug.1861, art. 47.
87) Staats Courant No.27 van 1 Sept.1863.
88) T.A., R.368/62.
89) T.A., R.5/63.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sedert 1865 is die Staatskoerant vir rekening van die regering uitgegee deur James C.Rous. 90) Vanaf die volgende jaar was daar periodies so 'n groot papierskaarste dat die aantal eksemplare soms baie verminder moes word.

Op 10 Julie 1867 verskyn die wapen van die Republiek vir die eerste keer op die Staatskoerant met die spreuk: "Eendracht maakt macht."

Die goewermentsdrukkery word op 1 Julie 1869 oorgeneem deur J.C.Rous teen 'n salaris van £150 per jaar. Hy moes maar 'n karige bestaan gemaak het, want die papier alleen het hom £62-10/- per jaar gekos. 91)

Vanaf 1873 tot 1877 was J.F.Celliers, die uitgewer van "De Volksstem", en wat intussen reeds aangestel is deur die regering as offisiële Volksraadverslaggewer, drukker van die Staatskoerant.

Later het die regering die drukkery wat intusse baie verbeter is , van Celliers gekoop en verskyn die "Staats Courant der Z.A.R." op 1 Augustus 1887 as 'n produk van die Staatsdrukkery.

Die handpers van Moll is ook in die sestigerjare, tydens die finansiële verleentheid van die regering gebruik om die bekende banknote te druk en later ook nog posseëls.

Ook kan hier melding gemaak word dat Richard Douthwaite vir 'n geruime tyd deur die regering in diens geneem is om alle staatspapiere in te bind. 92)

"De Republikein", 'n nuusblad in Engels en Hollands, verskyn in Mei 1864 te Pretoria, gedruk en uitgegee deur C.Moll Jnr., maar dit het slegs 'n kort bestaan gehad.

In 1872 was daar twee koerante in die Republiek n.l. die reedsgemelde "Staats Courant" en "The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser" wat die vorige jaar te Potchefstroom verskyn het.

President Burgers het besef dat 'n goeie Boerekoerant noodsaaklik was en terwyl hy in Augustus 1872 aan die Kaap was het hy inligtings probeer inwin en sodoende in aanraking gekom met Jan F.Celliers, wat toe werksaam was op die redaksie van "Het Volksblad". Die resultaat van hulle besprekinge was dat Celliers onderneem het om te Pretoria 'n nuwe koerant te begin, wat die
/Republiek

90) T.A., R.5532/93.
91) T.A., R.568/69.
92) T.A., R.390/67.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Republiek se standpunt sou verdedig en as kampvegter van die Boere sou optree. 93)

Alhoewel baie voorbereiding vereis is, het "De Volksstem" reeds op 8 Augustus 1873 verskyn. Hierdie koerant wat tweemaal per week verskyn het in Hollands, met 'n Engelse vertaling van die vernaamste artikels, sou 'n baie groot rol speel en 'n groot ~~rol speel en 'n groot~~ invloed uitoefen op die loop van die staatkundige gebeurtenisse gedurende die volgende jare. Hierdie koerant was 'n baie groot steun vir Burgers veral toe in dieselfde jaar "The Gold Fields Mercury" in Pelgrimsrust verskyn het, wat later saam met die "Transvaal Advocate" anneksasie van die Transvaal bepleit het. 94)

James Cooper Rous, wat reeds in 1868 groot inisiatief aan die dag gelê het deur die uitgee van 'n een-bladgrootte koerantjie die "Expresse" met medewerking van H. Jeppe, het saamgewerk met Celliers om "De Volksstem" 'n sukses te maak. 95) Celliers en Rous het hulle later ook daarop toegelê om boeke te publiseer. So het daar o.a. 'n digbundel, "Vyftig Vluchtige Gedachten" in Mei 1875 verskyn, die werk van Albert Broderick, 'n winkelier in die dorp. 96)

Broderick was bemind onder die publiek, miskien omdat hy so 'n fyn sin vir humor gehad het. Hierdie laaste karaktertrek was grootliks die oorsaak van die sukses van die baie gedigte wat deur hom gemaak is wat nie alleen van letterkundige, maar ook historiese waarde is, daar dit dikwels met een of ander gebeurtenis in verband gestaan het. Hy was een van die vroegste Engelse inwoners van Pretoria wat 'n werklike liefde ontwikkel het vir sy nuwe vaderland wat ook bewys word deur sy gedig, "The New Year", wat hy in Londen gemaak het in 1881 tydens die eerste Vryheidsoorlog hier.

Een van sy beste werkies was "A WAnderer's Rhymes", 'n digbundel wat twee edisies beleef het. 97)

Van die bostaande kan dus afgelei word dat die pers 'n baie belangrike rol gespeel het in die ontwikkeling van die dorp, nie alleen op intellektuele, maar ook op materiële gebied.

(e) Sosiale

---

93) Dr.S.P.Engelbrecht:"Thomas Burgers", bl.131.
94) Ibid.
95) De Volksstem, 24 Jun.1876.
96) Ibid. 29 Mei 1875.
97) The African Monthly, 1908, bl.414.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK VI.

## SOSIALE LEWE EN BESKRYWINGS VAN DIE DORP OP VERSKILLENDE STADIUMS.

### (a) DIE SOSIALE LEWE IN DIE DORP.

Eenvoud was die kenmerk van die ou dorpie vir baie jare, maar dit was ook die hoof karaktertrek van die bewoners. Niemand het gestreef na rykdom of sosiale eer nie; daar was geen skerp afbakenings wat hulle in groepe verdeel het nie, inteendeel hulle was soos een groot familie wat gelukkig en tevrede saamgeleef het in hulle pragtige landelike omgewing. Tereg kon Stiemens sê: "Wy leefden als zonen die in één huisgezin te zamen wonen." 1)

Gedurende die eerste aantal jare van die bestaan van Pretoria kon niks anders gesê word as dat die omgang dieselfde was as op 'n plaas. Die nagmaalstye was die enigste ~~was die enigste~~ waarna uitgesien was, want dan was daar honderde langtentwaens om die kerk geskaar op die plein. Vir drie of vier dae verkeer almal in groot opgewondenheid, want nie alleen word daar godsdiens gehou nie, maar die buitemense neem ~~xx~~ nou hul kans waar om hulle produkte van die hand te sit en goeie voorrade negosieware, kruideniersware en ander benodighede te ruil of te koop van die paar winkeltjies of smouse, wat hul goed oral op die plein uitstal.

Niemand het meer uitgesien na hierdie tye as die besigheidsmense in die dorp nie, want gedurende die nagmaalstye moes hul genoeg maak om hul aan die gang te hou tot die volgende besoek.

Vir die jongmense was dit 'n uitkoms, want hier word vriendskappe aangeknoop wat dikwels voor die preekstoel geëindig het .

Gedurende die sestiger- en sewentigerjare het die aansien van die dorpie en die lewenswyse van die inwoners aansienlike veranderings ondergaan. Soos wel verwag kan word het die bevolking aansienlik gegroei. Onder die nuwe intrekkers was daar baie Engelssprekendes wat hul baie gou tuis gemaak het tussen die Boere. Onder hulle was winkeliers, dokters, prokureurs en hoteleienaars wat allerlei nuwighede met hul meegebring het.

Die vrouens het dit dikwels maar moeilik gehad want hulle moes gereëld bak, en seep en kêrse maak omdat daardie artikels nie in die paar winkeltjies te koop was nie. Die mans moes op hulle beurt weer die familie met /skoene

---

1) De Gids, t.a.p.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skoene voorsien, wat deur hulself gemaak is . Selfs die onderwyser Stiemens, moes kort na sy aankoms te Pretoria in 1859, self wegval om skoene te maak alhoewel hy dit nog nooit tevore in sy lewe gedoen het nie. 2)

Alhoewel daar geen publieke vermaaklikheidshuise was nie, het die inwoners hulself op baie maniere amuseer. Dikwels is groot piekniekS gehou, gewoonlik by die Wonderboom of die Fonteine, waaraan byna almal deelgeneem het. Laat die aand word die dag dan afgerond deur gesellige danspartytjies.

Dikwels gebeur dit dat verskeie skote afgevuur word by een of ander huis, wat eenvoudig beteken het dat alle bure hartelik uitgenooi word om die aand daar op 'n gesellige wyse deur te bring. 'n Gulle ontvangs val alle besoekers te beurt en later in die aand loop dit op 'n danspartytjie uit vir die jongmense. 3)

In later jare het musiekaande baie daartoe bygedra om die eentonigheid te verbreek, want manne soos Van Gorkum, Dr.Roorda Smit, en Dr. Jorissen was almal baie musikaal en het 'n fyn smaak vir die skone kunste besit.

Sport het langsamerhand 'n baie groot rol begin speel. Die mans van die dorp kon om geen aangenamer tydverdryf dink as om vroeg in die môre of laat in die middag op kort skiettoggies te gaan nie.

In die riet en ruigtes langs die Apiesrivier het allerlei ongediertes gehou. Selfs leeus het nou en dan hul verskyning in die dorp gemaak. Omstreeks 1860 het 'n kraagmannetjieleeu b.v. 'n jong os van Frans Schutte in sy kraal doodgebyt. Die volgende môre het Veldkornet Andries vd. Walt en "Lang Piet" Marais sy spoor gevolg en hom in die buurt van Waterkloof aangetref en van kant gemaak. Dieselfde jaar het Jan en Andries du Toit 'n tier doodgeskiet in 'n bos naby die teenwoordige Goewermentshuis. Die volgende jaar het G.J.W.du Toit 'n kwaggahengs geskiet net suid van die teenwoordige Rissikstasie. 4)

Die opgeskote skoolkinders het die gewoonte gehad om Saterdae wes van die dorp te gaan skiet, want binne 'n kort afstand van die dorp het hul dan wildebeeste, kwaggas, blesbokke en springbokke aangetref. Kwaggaspoort was vir jare die middelpunt van allerlei wildsoorte. 5)

/Later

---

2) De Gids. t.a.p.
3) Ibid.
4) G.J.W.du Toit, t.a.p.
5) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Later was kleinwild nog baie volop, want hase kon in byna elke tuin geskiet word, terwyl bokkies, wilde tarentale, patryse en fisante oral op die dorpsgronde aangetref is. 6) Ribbokke en steenbokke het in Meintjieskop gehou terwyl Oribi op die teenswoordige Voortrekkerhoogte gevind is. 7)

'n Paar keer per jaar is groot perdewedrenne gehou deur die "Pretoria Turf Club". So 'n wedren is b.v. op 22 en 23 Mei 1867 gehou deur 'n komitee bestaande uit manne soos J.R.Lys, P.J.Marais, William Skinner, A.Broderick en J.C.Preller. 8)

Kriket is veral in die sewentigerjare, gereëld gespeel op die Kerkplein, terwyl dames huiself vermaak het op die kroketbaan.

Die verjaarsdag van president Pretorius is gewoonlik op 'n baie luisterryke wyse gevier. So is hy b.v. op 17 September 1864 eers 'n adres aangebied deur die Volksraad waarna hy onder die vlag met saluutskote begroet is deur die publiek onder leiding van Kommandant Theunis Pretorius. Die res van die dag is gesellig deurgebring deur aan allerlei sportitems deel te neem soos wedrenne, sakloop en masklim en in die aand is die publiek onthaal deur vuurwerk. 9)

Op min of meer dieselfde wyse het die Engelssprekendes die verjaarsdag van hulle koningin gevier en die Hollandssprekendes die van die koningin van Holland. 10)

In Julie 1865 het 'n aantal van die vooraanstaande inwoners besluit om die "Pretoria Rifle Corps" te stig onder die beskerming van die president, met Stephanus Schoeman as kaptein en H.Stiemens sekretaris. Hul het ten doel gehad "de bescherming van het dorp Pretoria en naby liggende omstreken." 11) Die lede sou onder baie strenge tug en orde staan. Dit was baie goed vir dissipline. Die jong manne van die dorp moes elke week parades bywoon. Selfs ds. A.J.Begemann 12) en waarnemende president M. Viljoen 13) was op verskillende tye lid van die vereniging.

In September 1875 is 'n ~~xx~~ sirkulerende biblioteek, bestaande uit Hollandse, Franse en Engelse boeke, begin deur C.J.Juta, wat 'n winkel in Kerkstraat gehad het.

/Dit

6) Carl Jeppe: "The Kaleidoscopic Transvaal" (Londen, 1906) Bl.18.
7) Sir John Kotze: "Memoirs", bl.452.
8) Staats Courant, No.199 van 15 Mei 1867.
9) Ibid., No.66 van 20 Sep.1864.
10) T.A., R.602/66.
11) Staats Courant, No.106 van 18 Jul.1865.
12) T.A., R.1149/65.
13) Transvaal Argus, 14 Aug.1866.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit was van onskatbare waarde want baie mense kon nooit boeke lees omdat hulle nie kon bekostig om boeke aan te koop nie.

Die lewenskoste was nooit baie hoog in Pretoria nie, omdat elke huis 'n groot groente tuin gehad het, die eienaar beskik het oor 'n klompie vee, hoenders en eiers; en mielies gewoonlik van naturelle kon geruil word. 14) Natuurlik kon alle mondvoorrade ook van slaghuise of winkels teen redelike pryse verkry word.

Een deel van die stedelike bevolking, egter, het soms 'n karige bestaan gemaak. Dit was die goewerments-amptenare wat vanaf 1865 hulle salaris ontvang het in die vorm van banknote, die bekende "Blue backs", wat gewoonlik maar die helfte of 'n derdedeel van die nominale waarde besit het. 15) Die finansiële posisie was so sleg in 1867 dat die goewermentsekretaris moes rapporteer dat daar nie meer papier was om nog meer banknote te druk nie. 16)

S.J.Meintjes, die registrateur van Aktes en .de Beer, die Ouditeur-generaal, was teneinde raad en vra die goewermentsekretaris in 1870 om hulle kantore na Potchefstroom te verplaas "tot tyd en wyl de Koers der Gouvts. Noten zal verbeteren." Hulle meld verder dat die handelaars maar 10s. in die pond aanbied, "het gevolg is dat onze kinderen bykans naakt zyn en wy dikwels van de geringste levensmiddelen ontbloot moeten blyven. 17)

Dit toon dus duidelik dat die amptenare se toestand haglik was veral in 1870 en aangesien byna alle staatsamptenare aan die sentrale regering verbonde, in Pretoria gebly het, moes dit ook 'n nadelige invloed gehad het op die welvaart van die dorp.

Die winkeliers moes ook maar 'n moeilike stryd voer om te bestaan want terwyl hulle harde geld moes betaal vir goed wat hul van Natal gekry het, moes hul dit vir note verkoop wat maar 'n twyfelagtige waarde gehad het.

Kleingeld was so skaars dat winkeliers, bakkers en slagters "Goodfors" aan hulle klante moes gee. Dit was eenvoudig 'n stukkie karton met die waarde en handtekening van die handelaar daarop.

Enige jare later, egter, het die toestand heelwat verbeter om verskeie redes, een waarvan was, die ontdekking van alluwiale goud te Lydenburg, Soutpansberg en
/selfs

14) Carl Jeppe:"Kaleidoscopic Transvaal",bl.13.
15) Kotze: "Memoirs",bl.265.
16) T.A., R.288/67.
17) T.A., R.1450/70.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



selfs 'n klein bietjie in die dorp self.

Die volgende mense was min of meer verteenwoordigend van die verskillende groepe gedurende die middel sewentigerjare: C.J.Meintjes van Arcadia, die Registrateur van Aktes, en sy vrou; P.J.Marais, ds.H.S.Bosman, prokureur J.C.Preller; J.F.Celliers, editeur van "De Volksstem" en eienaar van die deel van die dorp waar nou die Dieretuin is en N.J.R.Swart, die Staatssekretaris.

Onder die Hollanderseksie was daar Dr. Rissik, 'n bekwame mediese dokter; Drs.Jorissen en Roorda Smit en Van Gorkum, die Superintendent van Onderwys; die Weesheer Bergsma; die Van Leenhofs; winkelier C.J.Juta en die onderwyser Van Boeschoten.

Van die meesgesiene inwoners onder die Engelssprekendes was John Robert Lys, vroeër kaptein van 'n handelsskip en nou winkelier en lid van die Volksraad; William Skinner wat in "The Bungalow" aan Markstraat gewoon het en later op sy plasie Skinner's Court, net wes van die teenwoordige renbaan; Advokaat Buchanan, die Staatsprokureur; en Dr.Taylor.

As verteenwoordigers van die Duitse groep kan genoem word Baron von Levetzow; Julius en Friedrich Jeppe en eerw. Bögemann.

ooooooooooooooooooooooo

## (b) BESKRYWINGS VAN DIE DORP OP VERSKILLENDE STADIUMS.

Ongelukkig is daar weinig geskrifte nagelaat wat 'n mens enigsins 'n beeld kan gee van hoe die dorpie Pretoria in die begin daar uitgesien het, behalwe enkele fragmente wat saamgevoeg kan word om sodoende 'n algemene indruk te kry.

Sowat sewe jaar voor die stigting van die dorp was daar net die langwerpige klipmuurhuisie met grasdak van Veldkornet Andries van der Walt wat aan die linkeroewer van die Apiesrivier gestaan het. Gelukkig bestaan daar vandag 'n foto daarvan in die Staatsbiblioteek.

Teen die begin van 1857 het die kruisvormige grasdak kerkgeboutjie reeds gestaan waar kort daarna die plein uitgemeet is, tussen die reuse doringbome. Rondom die kerk was verskeie hartbeeshuisies sigbaar tussen die bome waarvan baie reeds afgekap was. Die bewoners daarvan was /Hendrik

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hendrik en Jacobus(Kootjie) Vermeulen, Andries Van der Walt en sy skoonseun, Jan du Preez, asook Dolf Jansen, die dorpsmid. Dan was daar Joachim Prinsloo wat op die suid-ooste hoek, aan die latere Markstraat, gewoon het; Philip Bronkhorst het gewoon waar die poskantoor vandag staan en langs hom Jan F.Schutte, waar nou die Nasionale bank staan. Wessel Schutte se huisie het weer langs die van Prinsloo gestaan.

Selfs na die opmeting het die dorp maar baie stadig gegroei, want H.Stiemens, wat in September 1859 daar aankom as onderwyser, merk spesiaal op dat die dorp maar baie klein was. Hy sê die geboue het bestaan uit 'n kerk, die kantoor, twee winkels en 3 woonhuise, "maar om het dorp waren nogal eenige boerenplaatsen." 18) Vanaf die volgende jaar egter, het dit vinniger begin uitbrei. die nuwe huise wat nou opgetrek word , het almal min of meer dieselfde styl gehad/n.l. 'n langwerpige grasdak met 'n veranda en stoepkamers aan weerskante. Die paar winkels wat daar gestaan het, een waarvan aan Austin behoort het op die plek, waar tans die algemene poskantoor staan, was gewoonlik 'n langwerpige gebou met sinkdak en veranda met met 'n breë muurrand met die naam van die besigheid daarop.

Landdros du Toit wat gedurig met die president in aanraking gebly het deurmiddel van briewe wat in die begin per geleentheid vervoer is, het dikwels iets in verband met die dorp gemeld wat die posisie meer verduidelik het. Vroeg in 1857 kla hy b.v. dat Pretoria feitlik afgesny is van die buitewêreld:"daar wy als verschooven in dezen uithoek leeven; geen taal of tyding van de groote wêreld, veel min van UEd. krygen,zonder post of communicatie." 19)

Dan vertel hy weer hoe verbasend baie dit gereent het: "Pretoria lykt zoo,als een watervalley met modderplassen." 20)

'n Portugees rapporteer in 1861 dat daar 17 huise was en baie plase; "the farms are small/communities in their suburbs." Verder vertel hy ook van drie Engelse handelshuise. 21)

'n Weinig later gee 'n korrespondent van die " "Argus" die eerste breedvoerige beskrywing van die dorp.22) Hy skryf dat Pretoria 'n aangename klein dorpie was, geleë aan die Apiesrivier, omtrent honderd myl noord-oos van Potchefstroom. Dit bestaan uit omtrent 3000 erwe, 80 huise en meer as 300 inwoners. Dit het twee Hollandse

18) De Gids, t.a.p.
19) T.A., R.1453/57.
20) Ibid.
21) Rapport van Diocleciano Fernandes das Neves, 1 Mrt.1863.
22) "The Transvaal Argus", 12 Jun.1866.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hollandse kerke, vyf winkels, 'n goewermentskool, 'n hotel en 'n pers wat aan die regering behoort en wat die weeklikse "Staats Courant" druk. Halfpad geleë tussen Soutpansberg en Natal, het dit die sentrum geword vir die ivoorhandel met Soutpansberg. Pretoria was die setel van die regering en die lede van die Uitvoerende Raad moes daar woon. Pretoria lê op 'n plato omring deur berge en sy mooi wit huise ingesluit deur netjiese tuine gee 'n welkomsgroet aan die afgematte reisiger. 23)

Pretoria, net binnekant die poort wat deur die Magaliesberge na die noorde lei, was 'n gerieflike, koorsvrye verblyf vir jagters in die somer. Gevolglik het baie van hulle elke somer daar deurgebring, want hier kon hulle biltong, velle, ivoor en volstruisvere verruil vir meel suiker, kruit en lood.

Sover bekend, is die portret van Pretoria wat in "Ein Reise Jahr in Süd-Afrika" 24), 'n dagboek van Dr. Wangemann, inspekteur van die "Berliner Missions Gesellschaft", verskyn het, die oudste beeld wat bestaan van Pretoria.

Die portret 25) wat in 1867 geneem is, min of meer van wes na oos, gee 'n beeld van die eerste sendingkerkie met 'n rondawel-kookhuis en die woning van Eerw. Knothe. In die verte is sigbaar die huise van Pretoria, aan weerskante van die teenwoordige Kerkplein, en ook twee gewels van Pretoria se kruisvormige, eeste kerkgebou.

"Arcadia" is die naam van die mees populêre voorstad van Pretoria. In die vroeë sewentigerjare kon hierdie naam met reg op die hele dorp toegepas gewees het. Die naam egter, waarvan die inwoners die meeste gehou het was "Die stad van rose." "The whole town was drowned , smothered in those flowers; for each hedge consisted of them, each verandah each wall was clothed in them." 26)

'n Mens kan jou voorstel wat 'n pragtige vertoning die skilderagtige grasdakhuisies gemaak het tussen die oorvloed rose en stroompies water. Die Ceylonsrose en rankroos, deurvleg met komferfoelie, het die grense van elke woonhuis afgebaken.

Pretoria se twee tot drie honderd huise, waarvan sommige gedurende die deurdringende reëns ingeval het, omdat baie van rou stene gebou is, het in hulle eie groot gronde gestaan, wat 'n oorvloed van x vrugte en allerlei /soorte

23) The Transvaal ARgus, 12 Jun.1866.
24) Dr.Wangemann: "Ein Reise Jahr in Süd-Afrika 1866-1867" (Berlyn, 1868)
25) Die Brandwag, 10 Jun.1910.
26) Jeppe: Kaleidoscopic Transvaal, bl.6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soorte groente opgelewer het.

" Amagnificent water supply sent its ripling courses down the length of each street, if street it ~~not~~ could be called, for it consisted of a strip of rank green grass, some eighty feet in width, through which the narrow roadway meandered." 27)

Die ingang van die dopp was versier met 'n pragtige lening bloekombome aan weerskant e van die straat.

Volgens 'n koerantberiggie het Pretoria in 1875 'n meer stedelike aansien begin te kry. In alle rigtings het nuwe geboue verrys en die strate was verbeter. Die groot woonhuis van die waarnemende president, Piet Joubert, was byna gereed en baie ander geboue van allerlei soorte, vorms en groottes het hul voltooiing genader. Verskeie strate soos Kerkstraat, 'n gedeelte van Pretoriusstraat e en 'n paar ander is reeds in behoorlike orde gebring. 28)

Snags was daar geen ligte in die strate nie en oı dat die dorp deurkruis was met watervore wat afgelei het van die hoofvoor, was dit moeilikhede op die hals haal vi 'n vreemdeling om na donker rond te loop. Die vore was nie diep nie maar soms breed veral by kruisstrate; 'n Lantern of dosie vuurhoutjies was noodsaaklik.

Regter Kotze vertel dat hy en sy vrou in 1877 gewoonlik in die aand rondgegaan het, deur in sy ligte tweedisselboom karretjie te ry, getrek deur die staljong en gestoot deur sy een huiskaffer, want asgevolg van perdesiekte moes die perde snags op stal gehou word. 29)

Die ontwerpers van die stadswapen van vandag het as binneskild aangeneem die familiewapen van Genereal Andries Pretorius, n.l.'n sittende Romeinse Praetor. Die boom, bye en kasteel is 'n sinnebeeldige voorstelling van ontwikkeling, industrie en 'n stad. Die eland en koedoe is gekies om die skild te ondersteun omdat Pretoria aangelê is op gedeeltes van die plase Elandspoort en Koedoespoort.

(c) Die

27) Jeppe: "Kaleidoscopic Transvaal", bl.6.

28) De Volksstem, 13 Nov.1875.

29) Kotze: "Memoirs", bl. 449.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c) DIE OORSPRONG VAN SOMMIGE STRAATNAME IN DIE DORP.

Die strate in Pretoria is meestal genoem na bekende persone in die dorp en persone, wat 'n prominente plek beklee het in diens van die staat, tydens en na die opmeting.

Du Toitstraat is genoem na die man wat Pretoria opgemeet het n.l. Andries Francois Du Toit. Andriesstraat heet eweneens ook na hom, alhoewel sommige mense beweer dat dit genoem is na Veldkornet Andries Van der Walt. 30)

Pretoriusstraat is genoem na die president; Schoemanstraat na Kom.Genl. Stephanus Schoeman; Skinnerstraat na William Skinner, wat later landdros van Pretoria geword het, maar destyds in vennootskap was met 'n sekere Devereux, 'n bouer; Visagestraat na J.H.Visagie, wat van Potchefstroom ingetrek het en bekend was vir sy boeremiddels; Vermeulenstraat na Kootjie Vermeulen wat te Boomplaas gewond is; Proesstraat na die latere staatssekretaris B.C.E.Proes; Strubenstraat na die vader van Hendrik Struben, 'n Hollander, wat daar aangekom het met 'n kar en 'n paar skimmelperde vanuit Natal; Van der Waltstraat na Andries van der Walt, die eerste veldkornet van Pretoria en terselfdertyd ook een van die eerste intrekkers van die dorp.

Bloedstraat het sy naam te danke aan die Burgeroorlog in 1862. Klein Schoemansdal, die woonplek van Kom. Genl. Stephanus Schoeman, tans die gebied beslaan deur die Dieretuin, is omsingel deur die Lydenburgers wat Schoeman wou gevange neem. Koos du Toit, een van die seuns van A.F.du Toit het vroeg op Sondagmôre, die 14 September 1862 die straat afgejaag gekom op pad na Schoeman. W.S.Porter, wat ook in die nabyheid was vertel verder: "hy wou onzen wacht voorby jagen na Schoeman de wacht heb hem gewaarschouwt maar hy ging aan jagen en zeid zy kon schiet waarop de Lydenburgers hebben acht schoten losgetrokken op hem. het paard heeft zyn ruiter gebragt tot by Schoeman en viel dood maar de ruiter heeft eene schramschoot achter de schouder van een looper korrel." 31) Na die oorlog is die straat, Bloedstraat gedoop.

Schubartstraat is genoem na A.F.Schubart, die privaatsekretaris van president Pretorius, "'n kleine mannetje met gebreklike boggelrug." 32) Potgieterstraat is genoem na Kom.Genl Andries Hendrik Potgieter en Markstraat

/is

30) G.J.W.du Toit, t.a.p.
31) T.A., R.112/62.Vgl.G.J.W.du Toit wat beweer dat dit 'n ongeluk was.
32) G.J.W.du Toit, t.a.p.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is so genoem omdat dit op Kerkplein uitgeloop het waar ook die mark gehou is tot 1882.

Na mate die dorp uitgebrei het is die ander strate geleidelik ook vernoem na bekende persoonlikhede.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## GERAADPLEEGDE BRONNE EN BIBLIOGRAFIE.

I. Offisiële Manuskripbronne van die Transvaal Argief, gehuisves in die Uniegebou, Pretoria.

Die volgende Argiefgroepe is geraadpleeg:-

(1) T.A.,Departement Staatsekretaris,Z.A.R.,Inkomende Stukke R.24a/39 tot R.5705/82.
Supplimentêre Stukke: 1/54 tot 30/65.

(2) T.A.,Departement, Volksraad, Z.A.R.:-
E.V.R.I/16-15.Notule van die Volksraad.(1845-1877)
E.V.R.II/106, VR.195/52 tot VR./394/53.(Inkomende Briewe)
E.V.R.II/107, VR.395/54 tot VR.829/64.(Inkomende Briewe)

(3) T.A.,Departement, Uitvoerende Raad, Z.A.R.:-
U.R.1, Bundels 1-5,Uitv.R.Besluite(1858-1877)

(4) T.A., Argief Pretoria Distrik, Landdros Pretoria,
Inkomende Stukke:- Pa.1.(1857-1860)
Pa.2.(1861-1866)
Pa.3.(1867-1876)
Uitgaande Stukke:- Pa.30-31.

(5) T.A.,Rapport van Diocleciano Fernandes das Neves, 1 Maart 1863.(Kopie van oorspronklike wat berus in die Portugese Argief te Lourenco Marques.)

II. Gepubliseerde Primêre Bronne.

(1) Koerante en Staatskoerante:-
(a) Staats Courant (1857-1877)
(b) De Volksstem. (Aug.1873-April 1877)
(c) The Transvaal Argus. (1866-1871)
(d) De Zuid-Afrikaan. (17 Okt.1853, Kaapstad)

(2) Ander gepubliseerde Bronne:-
(a) Eybers,G.W.:"Select Constitutional Documents Illustrating South African History 1795-1910"(Londen,'18)
(b) Jeppe,Fred en J.S.Kotze:"Locale Wetten der Z.A. Republiek 1849-1885",(Pretoria,1887)
(c) Notulen der Verrigtingen van den Hoog-Edelen Volksraad 1861.(Bloemfontein,1868)
(d) O.V.S. Wetboek 1854-1880. Ordonnantie-Boek van den Oranje Vrystaat. (Bloemfontein,1881).

III.Sekondêre gepubliseerde werke.

1. Cachet,Ds.F.Lion:"De Worstelstryd der Transvalers" (Amsterdam,1882).
2. Engelbrecht,Dr.S.P.:"Geschiedenis van de Neder-Duits Herv.Kerk in Zuid-Afrika",dl.II(Amsterdam,1920).
3. Engelbrecht,Dr.S.P.:"Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika," 2e.druk.(Pretoria,1936)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Engelbrecht,Dr.S.P.:"Thomas,Francois,Burgers." (Pretoria,1933).

5. Goldman,P.L.A.:"Beredeneerde Invehtarissen van de Oudste Archief-Groepen der Zuid-Afrikaanse Republiek."(Staatsdrukkery, Pretoria, 1927).

6. Jorissen,Dr.E.J.P.:"Transvaalsche Herinneringen, 1876-1896". (Amsterdam, 1897).

7. Jeppe,Carl:"The Kaleidoscopic Transvaal." (Londen,1906).

8. Kotze,Sir John.:"Biographical Memoirs and Reminiscences." (Kaapstad,1934)

9. Leyds,Dr.W.J en Mev.L.W.S.:"Onze Eerste Jaren in Zuid-Afrika 1884-1889." (Dordrecht,1938)Priv.Uitgawe.

10 10. Lugtenburg,Dr.A.H.:"Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900." (Pretoria,1925).

11. Malan,J.H.:"Die Opkoms van 'n Republiek" (Bloemfontein,1929).

12. Macmillan,Allister.:"Environs of the Golden City and Pretoria."(Cape Times,Cape Town).

13. Nathan,Dr.Manfred.:"The Voortrekkers of South Africa." (Londen.1937).

14. Preller,Dr.G.S.:"Ons Goud Roman-Die Marais Dagboek." (Pietermaritzburg,1935).

15. Preller,Dr.G.S.:"Andries Pretorius"(Pretoria,1937).

16. Preller,Dr.G.S.:"Ou Pretoria."(Pretoria,1938).

17. 17. Roorda Smit,Dr.J.A.:"Het Goed Recht der Transvaalsche Boeren." 2e.druk.(Utrecht,1881).

18. Potgieter,Dr.C. en N.H.Theunissen:"Hendrik Potgieter" (Johannesburg,1938).

19. Pretorius,Dr.H.S. en D.W.Kruger:"Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849."(Staatsdrukkery,Pretoria,1937).

20. Stuart,J.:"De hollandsche Afrikanen en Hunne Republiek in Zuid-Afrika."(Amsterdam,1854).

21. Theal,Dr.G.M.:"History of South Africa since 1795." Vol.III.(Londen,1908).

22. Theal,Dr.G.M.:"History of South Africa since 1795." Vol.IV. (Londen,1911).

23. Tromp,Theod.M:"Herinneringen uit Z.A."(Leiden,1879).

24. Uys,C.J.:"In the Era of Shepstone;being a study of British Expansion in South Africa 1842-1877" (Lovedale,1933)

25 25. Wangeman,Dr.:Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika.(Berlyn,'68) (Berlyn,1868)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



IV. Sekondêre ongepubliseerde werk.

1. Wypkema, Albertus: "De ontwikkeling van de Munisipaliteiten van Transvaal met spesiale behandeling van die van Potchefstroom, Pretoria en Johannesburg." (Proefskrif vir sy M.A.graad.)

V. Sekondêre gepubliseerde werk: Tydskrifte:

1. Die Huisgenoot.
2. Die Brandwag. (1910 en 1919)
3. De Gids. (Mei en Junie 1934)
4. Historiese Studies. (Pretoria, 1939-1941)

BYLAES I-VI.

BYLAAG I. Bron: "De Zuid-Afrikaan", Kaapstad, 17 Okt. 1853.

ORIGINEELE CORRESPONDENSIE.

---

BELANGRYKE BERIGTEN UIT DE TRANS-VAAL.

Rustenburg, 15 Augustus 1853.

(Net die naskrif word hier gegee)

P.S.-Men is ook overeengekomen eene nieuwe stad aan te leggen, en dezelve, ter gedachtenis van den overleden Generaal Pretorius, te noemen: Pretorius-stad. De plaatsen toebehorende aan de heeren Prinsloo en Van der Walt en aan de wed. Bronkhorst, zyn daartoe, reeds aangekocht voor eene som van 8000 Rds. de 2 eerste, en de laatste onder nadere goedkeuring van den Volksraad, voor 3000 Rds. doorM.W.Pretorius, Commandant Generaal. Het is eene der schoonste streken dezer gewesten, gelegen aan Derdepoort, in het midden punt der Republiek en waar heen van alle kanten de fraaiste wegen uitloopen.

In het laatste van September eerstk., zal waarschynlyk reeds een begin gemaakt worden met het verdeelen der erven en spoedig daarna de verkoop derzelve.

De Commandant Generaal M.W.Pretorius zal zyn vast verblyf daar vestigen; de Volksraad daar altyd zitting houden; een Hoog Geregtshof aldaar zaamgesteld worden, en zoodra er een kerk en pastorie gebouwd is, zal de Leeraar zich daar ook waarschynlyk vestigen. Zoodat alle vooruitzigt bestaat dat die stad spoedig zal bebouwd en bevolkt

/worden

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



worden.

De eensgezinheid, die sedert de komst van onzen geachten Leeraar alhier heerscht, is bewonderenswaardig en streeft alle denkbeeld te boven.

---

BYLAAG II. Bron: T.A.,R.310/53.

M.W.Pretorius versoek die Volksraad om 'n dorp te stig op die plase van Prinsloo en Van der Walt.

Magaliesberg
den 23sten August.1853.

Aan de Edd. Heere,
Volksraad
tens zitting houden
te Lydenburg.

W.Ed.Heeren,

Op verzoek van het publiek, met de zitting te Rustenburg om een plaats in het midden der bewoond land te hebbe, waar de Ed.Volksraad Hunne zitting neeme zal, opdat van alle kanten de belanghebbende de zitting van de Ed. Raad bywoone kan, en ook een vaste instelling, dat geene teleurstelling meer voort komt zoo heb ik gevonden den Plaats van den Heer J.J.P.Prensloo en A.vd. Walt boven aan Apiesrevier, voor eene der geschikste plaatsen tot dien einde, om rede het in het midden legge, en ook bekwaam gelegen voor een stad te bouwe, groote en uitgestrecte bouwgrond en water, daar ik door het publiek als mede door den kerken Colegie van Rustenburg daartoe verzocht zyn geworden om na boven genoemde plaats te zien en het ook voor dien einde te koopen, zoo heb ik het naauwkeurig gaan bezien en heb het ook gekocht voor dien einde voor de somma van Ryksd. 8000 voor de byde plaatsen, met s dat de Eigenaare hunne tuinen enz. vry houde, hetwelk ook niet groot henderlyk voor de dorp is , wyl het niet in aanraking met de dorpvoor komt; zoo drage wy dan de bovenbeschreven plaats op aan de Ed.Achtb. Volksraad als geschikt tot voorg. einde en verzoek de Ed.Achtb. Raad het in overweging te neme, terwyl de groote publiek er zeer dringend op is, voornamentlyk die van Vaalrevier en Maricoo, die altoos met het verplaatsing van den Ed. Raad ontstoken blyfe het behoorlik by te woone zoo als hetvolgens verzoekschrifte met de zitting te Rustenburg is gebleeke.

/Eindelyk

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Eindelyk verzoek wy de Ed. Raad, om gezegde plaats of dorp dan niet te bename de naam, die het zulle kryden aan ons te late, en als wy er rypelyke over gedacht zullen hebbe, zal wy het de Ed.Volksraad behoorlyk kennis van geve.

Hebbe wy voorder de eer ons te noemen
WelEd.Achtb.Heere
Uw.W.Ed.Acht. dienswillige Dinaaren,
M/W. PRETORIUS,
Com.Generaal.

P.S. Wel Edel Achtbare Heeren, het zal volgens myn inzien noodzakelyk wezen, dat de Ed. Raad orders afgeven tot het verkoopen van zoovele erven als noodig zal zyn, om de eerste paayementen te bestryken, om reden de conditie is, van twee en drie maanden na de zitting te Lydenburg, de eerste paayementen te voldoen.

Het geheele publiek, zoo wel dat van Commt.Genl. Potgieter,als van deze zyde, heeft aan my opgedragen, om na zoodanige plaats uit te zien.

Deze brief zoude onderteekend geweest zyn Ct.Gl. Potgieter, zoowel als door my, doch om reden ik ziek ben, zoo was ik buiten ~~xtx~~ de gelegenheid om Z.Ed. te bereiken.

Ik heb de eer te zyn
WelEdel Achtbare Heeren,
UEd.onderdanige Dienaar
M.W.PRETORIUS,
Com.Generaal.

---

BYLAAG III. Bron: T.A., R.671/54.

Kollektelys vir die nuwe kerk te Pretoria-Philadelphia.

Magaliesburg
den 11de Augustus 1854.

Aan de Broeders en Zusters in de over vaal revier genade en vrede zy U vermenigvuldig.

Waarde medebroeders, en zusters in den Heere.
Wy dinaaren der gemeente alhier, voornemens zynde een kerkgebouw alhier te stigten, op een Kerkplaats die daartoe zyn uitgekoozen, en aangekogt door den W.Ed.gestrenge Heer M.W.Pretorius, Comt.Genl. Waar over den naam van zyn Ed.
verstorven

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verstorfen vader nu wylen den WEd. Heer A.W.J.Pretorius, die niets onbeproef hebbe gelaten, om zyn Landsgenoten vry en gelukkig te maken, gelyk wy dan ook tans vry en gelukkig ons kunnen beschouwen onder hogere Bestuuring van den Albeschikker gezegde Kerkplaats dan zal genoemd worden Pretoria Philadelphia, of Pretorius Broederschap en tot het opbouwen van die Kerk, tot nagedagtenis van dien gezegend afgestorfene Comt.Genl. is het dat wy ook aan ulieden vrage om een Vrywillige gifte, ulieden, die ook samen met ons en hem u vroegere woningen en voorvaderlyke haardstede hebbe verlaten, tot ulieden die niets te dierbaar hebbe geagt, om voor uwe vryheid op te offeren, ja ulieden vrage wy ook een bydrage om dien Kerkgebouw te stigten; wy hebbe op dien vertrouwen van ulieden ondersteund te worden zoo verre gerekend dat wy reeds aan het bouwen een aanvang hebbe gemaakt; het verwondert dien Broeders niet dat wy, ulieden in dien gewest om onderstand vrage, wy zyn de 5de gemeente in zoo ook nu de klynste, en wy rekenen dat wy door ons broeders en geloofgenoten dan ook mildelyk zal ondersteund worde, dien Broeders Diens harte hem beweeg een vrywillige Bydrage te Doen geliefe te teekenen hoeveel hy geeft en kan het geve aan den Secreteris van den Commandant generaal.

God de almagtige schenke ulieden Zyn Zegen van boven, door de Zoon Zyner liefde onzen heiland Jezus Christus

is ons aller harte wens
Uit naam der Kerkenraad
A.J.Smit, Ouderling.
(J.Visage, Sect.)

---

BYLAAG IV. Bron:T.A., Pa.1,d.d.29 Jul.1857.

Die Eerste Dorpsregulasies vir Pretoria.

Op heden den 29ste July 1857 zyn te zamen gekomen de onderstaande persoonen ten einde

Dorps Regulatien

voor het dorp pretoriaphiladelphia daar te stellen.

tegenswoordig

A. du Toit Landdrost voorzitter
A. Van der Walt veldcornet
J.H.M.Struben Kept.
F. Schutte ouderling
P. J. Smit heemraad
H. Vermeulen

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



.. Schutte
Jan Ferrel
H.Austin
Jacs. Vermeulen.- en andere alle inwoonders van boven genoemde Dorp.- Door wien de navolgende artikelen zyn daargesteld en eenpariglyk goedgekeurd,

Art. 1.

De noodzakelykheid ingezien hebbende van een dam en water voor ten einde dit Dorp met genoegzaam water te voorzien, te bezitten, en in orde te houden, zoo is algemeen besloten tot dat einde een water fiscaal aan te stellen welke het opzicht over genoemden dam en water voor zal houden.-

Art. 2.

Ten einde zoodanige waterfischaal daar te stellen zal elken inwooner van genoemde Dorp die gebruikt maakt van de dorpsvoor een sixpence per dag betalen en een werkman geeven geduurende den tyd, dat de waterfischaal verpligt zyn zal om reperatien of veranderingen aan gend. dam of watervoor te maken dit artikel blyft open tot veranderingen en verbeteringen naar maten, de voortgang van dit Dorp zulks zal vereischen.

Art. 3.

De waterfiscaal zal verpligt zyn te zorgen dat de dam en watervoor ten allen tyde in goede order is, geen gemors v van mensch dier van welken aard ook nog pluimvee zal door hem in de watervoor worden toegelaten, by elke overtreding hiervan, zal door den overtreder, of eigenaar von de overtreder, twee shillings boeten worden betaald de helf dezer boete , voor den waterfischaal, de anderehelf ten voordeelen van den Dorps kast.-

Art. 4.

Elk een inwooner zal verpligt zyn zyn waschdam binnen zyn grond te houden geen vuilnis of puinhopeng in de straten te maken of te doen maken; met uitzondering van tyd en wylen dat zoodanige inwooner met bouwen of doen bouwen magte werkzaam zyn, of noodig vinden; voor elk overtreding buitendien; zal de overtreder een shilling moeten betalen ten voordeelen van's Dorp's kast.-

Art. 5.

Elk en een ieder zal verpligt zyn om niet minder dan tw twaalf treeden van de watervoor uit te spannen, deze uitspanning sluit uit eigen gronden elke overtreding hier
/van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van zal de overtreder betalen 2s. boete de helft hiervan ten voordeele vans Dorp's kast, en de andere helf aan den fiskaal.

Art. 6.

Niemand zal vermogen in de straten uit te spannen doch verpligt zyn om zulks te doen, op zyn eigen grond of de publieke plaatsen daartoe daargesteld, elke overtreding hiervan zal zyn 2s/ boeten waarvan de helft aan gemd. kast de andere aan de fischaal de publeke plaats tot algemeene uitspanning daargesteld is het marktplein.

Art. 7.

Niemand x zal vermogen met wagen en ossen of enige andere rytuig buiten de gemeten straten te ryden op de verbeurte van al boeten te betalen by elke overtreding hiervan.-

Ook zal men niet vermogen eenige takken of brandhoud door de gemelde straaten te sleepen of doen sleepen op de verbeurten 5s. boeten by elke overtreding waar xxxx van de boetens in dit art. vermeld ls. voor elke overtreding aan den fischaal zal toekomen.

Art. 8.

Overeengekomen en besloten dat er een Dorps schut worde daargesteld. de regulatien voor den schutmeester van den got.sects. ontvangen voor deze schut aangenomen met uitzondering van art. 3 alwaar staat een rypaard zal niet langer dan een uur mogen gehouden worden moet zyn; een rypaard zal gedurende zons op 'n ondergang niet langer dan een uur mogen gehouden worden moet zyn;xeen rypaard zal gedurende in de schut gehouden worden en art. 14 alwaar staat, twee deelen der inkomsten voor den schutmeester en een deel voor 't got.- moet zyn twee deelen der inkomsten voor den schutmeester en een deel voor het dorpskast. Varkens en pluimvee zyn in dit art. niet begrepen en elk inwooner van dit dorp zal de vryheid bezitten by de eerste overtreding of schaden gepleegd door eenig varke hond of pluimvee van de eigenaar van dien de volle schaden te eischen en doen betalen volgens taxatie van schaaden, en by den tweeden maal van overtreding de volle regt hebben op zyn grond dezelve te vernietigen.

Art.9.

Elk en een ieder welke longziekte onder zyn vee ontdekt, zal verpligt zyn, hiervan dadelyk kennis te geeven aan den /veldct.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veldct. zoodanig vee op zyn erf of erfen vast te houden of te doen weiden en by onvermogen hiervan zoodanig vee volgens aanwyzing van den vlet voor de poort over Apies rivier zenden, en aldaar stipt zorg dragen z zulk ziek vee aldaar gehouden tevens zorg dragende dat de watervoor van den Heer P.J.Smit niet vertrapt worden, op verbeurten van 50 Rds. boeten voor elke overtreding voormeldt. het Dorpsvee onderhevig aan de ziekte zal door den veldct. boven in de laagte onder dezelfde conditien als bovenvermeld des zelfs plaats worden aangewezen.

Art. 10

De behoeftigheid en nieuwe alleg van dit dorp in aanmerking neemende zoo is eenpaariglyk beslooten om de regeling van inkomsten en uitgaven van dit dorp aan hetbestuur der inwoonders toe te kennen, ten einde het voordeel daaruit mogte voortkomen te besteden tot opbouw en verbetering van genoemd dorp- tot welk einden twee commissarissen met meerderheid van stemmen door de inwooners zullen verkozen worden welke commissarissen zullen gehouden zyn om behoorlyk maandelyks verslag van alle zoodanige inkomsten en uitgaven aan den landdrost over te leggen ter goed keuring en inzage van de inwooners.

Art. 11.

Eenpariglyk beslooten dat de inwooners het regt zullen behouden om met meerderheid van stemmen tot deze regulatien af of by te doen of eenige veranderingen te maken na mate de omstandigheden zulks moge vereischen.

Aldus gedaan en beslooten te Pretoriaphilads. op dag en datum voormeldt.

A.F.du Toit,Landdrost
A.P.van der Walt
J.H.M.Struben Oud kaptein
H.Austin
J.G.Vermeulen
John Robert Lys
Row Wm Payne
J.Farrell
H.J.Vermeulen
F.T.Schutte

/Bylaag V.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



BYLAAG V. Bron: T.A., S.S.Suplimentêre Stukke 4/60.

(Kontrak gesluit tussen J.F.Schutte, Avd.Walt en die regering van die Z.A.R. vir die bou van 'n dam en watervoor vir Pretoria.)

K O N T R A C T.

Aangegaan tusschen het Gouvernement de Zuid-Afrikaansche Republiek, en de Burgers J.F.Schutte en Andries van der Walt op den Vierden dag van Juny in het Jaar Onzes Heeren Een duizend Agt Honderd en Zestig.--
dat is, de Heeren J.F.Schutte en Andries van der Walt, ter eener zyde, nemen aan, en verbinden zich om zoo spoedig mogelyk, te maken, of te doen maken, de dam en groote watervoor voor het dorp Pretoria, en wel, in dezer voege-- De Watervoor te zyn van waar hy nu uit den dam komt, tot aan het boon einde, of Zuid zyde, van het Markt Plein- drie voet wydt en Agtien duim diep, waar de grondt het laagste is, dan in een vierkant rond het Markt plein- blyvende altoos twaalf voeten binnen de buiten lyn van gezegd plein- de Watervoor wordt het plein te zyn Agtien duim Wydt en twaalf duim diep waar de grondt het laagste is, tot waar die voor weder komt in de groote watervoor aan de onder of noord zyde van het Markt Plein,

De dam te zyn waar dezelve thans is, doch zoo groot en sterk, dat hy zoo veel water, als voor de groote water voor benoodigd is kan uitkeeren. Alles te zyn, of te worden gemaakt in een goede, sterke en Stand Houdende manier.

Voor de somme van Een honderd en twintig Pond Sterling Terwyl aan de andere zyde het Gouvernement der Zuid-Afrikaansche Republiek zich verbindt, om, aan genoemde Heeren J.F.Schutte en Andries van der Walt, of hunne Orders te betalen, Voor boven genoemd werk, de somme van Een honderd en twintig Pond Sterling indien het zelve volgens beschreven kontrakt gescheidt is , en wel, in dezer Volgen- een derde gedeelte of Veertig Pond Sterl. wanneer de dam en Watervoor zal klaar zyn klaar zyn tot aan de boven zyde van het Markt plein, een derde gedeelte wanneer het werk volgens kontrakt zal zyn voltoojd, en door den Landdrost Gouvernement Secretaris en twee onpartydige mannen Zal zyn bezigting en goedgekeurd, en het Overige derde gedeelte, in Een Winsch betaalbaar drie maanden na datum- Doch zoude het gebeuren dat de Aannemers voornoem/hun

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hun werk zoude staken, en niet volbrengen, zoo zal het Gouverne ent der Zuid Afrikaansche Republiek geregtigd zyn, genoemd werk, alles volgens Kontrakt, voor rekening van de genoemde aannemers te doen, of laten voltooyen.

De Aanne er, zyn verpligt om alle gereedschappen werk volk, en alles wat tot de volvoering van dit Contrakt benoodigd is te verschaffen voor hunne rekening, doch de tap der water van uit het Markt Plein zal door het Gouvernement worden aangevoegen

Aldus gedaan en Geteekend op het Landdrost kantoor te Pretoria den 1 Juny 1860.

Voor het Gouvernement . H.N.Struben.
GOUVERNEMENTS SECRETARIS.

Op last van den Ed. Pung. President.

---

BYLAAG VI. Bron: T.A., R.558/75.

A.F.du Toit verduidelik wardie dorpsgrense is en hoe hy die dorp opgemeet het.

Middelburg,
6 Maart,1875.

den . .Ede. Staats Secretaris,
H. Stiemens.

Achtings waardigen Heer,

Ik heb UEd. schryven v n den 1sten Maart 1875 No.320- gistere namiddag de 5 dezer ontvangen, en heden den 6 den, diend deze tot antwoord met gevoel van de meeste Eerbied en Respecten.

1sten. Het Dorp Pretoria is opgemeten, volgens de door my vervaardigde plan.- Door my begonnen op de hoek pennen rondsom de Kerkplein uitgelegd door de Heeren Louw Devereax, en Jan Visagie zonder Compas of Fenig instrument, met een ketting van 50 voeten rylands maat; en een verkyker van 1857.- en ik vervatte in 58 en 59 elk Erf is genomber van 1 tot 30 verre het loopt, elk erf eenerlei maat.-

/Elk

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Elk Erf is 75 treden lang
of liefs elk 3 foet/225 reilands voeten lang
Elk(erf)- 40 treden breet
of liefs 3/120 reilands voeten breet.
de straten- 26 treeden en 2 voeten
liefs te ± 3/80 voeten reilands breet.
uitgeslooten Prinsloos straat, de eenige is op last des gezachts van Hoog Edelen, tien voeten smaller genoomen; dus (70) zewentig voeten breet; om de blokken op de klip bult te doen uitkoomen met de lyn van du Toits straat, tegen Arcadia.-

2dens. Verder op eenerlei wyzen van pen tot pen eene groote en lengten gemeten.-

3 dens. De dam van het Dorp was 1857 gelegd door veld Cornet Andries van der WAlt, en Frans Schutte per tender en uitgebragt tot boove vd Walts huis.- Verder heb ik de voor in 1858 uighaald, en tot by de Kerk gebragt.- De dam was in Lukas Bronkhorst veld; maar voor Zyn Hoog Edelen Pretorius geruild voor 12 Erven gelegen voor Postmas Kerk, de Blok daar Heer Paul Krugers gebouw op staat; en door Jan visagies Secretaris van V. Rensburg; getransporteerd op Lukas Bt. dus is de dam met dat grond onder dezelve tot tegens vd. W- nu Jan du Prees, dorps eigendom.- dan toen het Dorp gemeten was in 59 of 60, is op last en toestemming van ons govt; krygsraad, veldcornet, met al de inwooners vast gesteld, en met te vredenheid my aangewezen, de dam van Arcadia met haare loop; en de Jaar daarop is door Heer Pretorius, en rade, mit generaal Schoeman, een beschrevene accord beslooten, tusschen Pretoriuss grond, de onderdorp; en Schoemans grond, aangewezen klein Schoemans dal dam, met besluit dat Heer Schoeman, dat straat onder zyn watersloot, vry en open publiek straat laten zoude van af du Toits straat, tot waar de zelve in de spruit valt, daar nu de statie bestaat.-

4dens. De baak van het Dorp staat in de poort, regt over de baak van ou frans Schutte die circa 4 voeten hoof in de swart roode rif klip staan, boven zyde de pad naar Lucas, wel in een regte lyn van dat baak tot aan deze zyde, vervat dat zelfde rif de rant uit, en juist daar de water voor door de rif koomt, een of twee treden boven de sloot in dat rif; staat Dorpsbaak No.1- dan van daar in een regte lyn op de hoogste van de rant uit, west voort tot bove in de groot Hoek, in de afhang van de rant in de Hoek, daar staat de 9de baak van daar N.W.de vaalkliprige bult over, op de hoogte, daar de afloop naar Badenhorst
/kant

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kant gaat, staat 1 middel baak van daar over de laagte naar Magaliesburgs kant; war de groot plaat bossen stont, staat No.3. van daar in een regte lyn naar de 20 minute & baak van Daspoort over aaprivier, tegens de rand agter prinsloos huis, zigtbaar hoog 4de, baak dan met aaprivier op tot de dam; dat heeft vc.vd.aalt my altoos gewezen voor de echte baken. al de bossen zyn weg gekapt dat ik nu twyfel in staat te kunnen zyn all aan te wyzen;

Jan du Prees of Cootje vermeulen weeten het wel.- de buiten Dorpslyn begin bove Frokie Mafé zyn Erven, den buiten lyn van blok Erven west van Postman Kerk; met Potgieters straat af, met de straat onder Schoemans water voor op, tot du Toits straat op, in de scheidings straat.-

Nu vertrouw en hoop ik dus aan u Eds. verzoek met bovenstaande inlichtingen ten vollen te hebben voldaan.

En verblyve met hooge achting UEds. Dw.dienaar
en vriend
A.F.du Toit.

© University of Pretoria